

Wes-Kaap Onderwysdepartement  
Western Cape Education Department  
ISebe leMfundu leNtshona Koloni

# Jaarverslag Annual Report INgxelo yoNyaka

## 2007/08

©2008 Western Cape Education Department



*PR Number: PR125/2008  
ISBN Number: 978-0-621-37918-1  
To obtain additional copies of this document  
please contact:  
Head Education, Private Bag X9114,  
Cape Town, 8000.  
Tel: 021 467 2531  
Fax: 021 461 3694  
E-mail: media1@pgwc.gov.za  
Om verdere afskrifte van hierdie dokument te bekom,  
tree asseblief in verbinding met:  
Hoof Onderwys, Privaatsak X9114,  
Kaapstad, 8000.  
Tel: 021 467 2531  
Faks: 021 461 3694  
E-pos: media1@pgwc.gov.za  
Ukuba ufuni iikopi ezongezelweyo zolu xwebhu,  
nceda uqhagamshelane  
kunye:  
NeNlolo: kwezeMfundu, Private Bag X9114,  
Cape Town, 8000  
Umnxeba: 021 467 2531  
Ifekisi: 021 461 3694  
I-E-Mail: media1@pgwc.gov.za*

# **Wes-Kaapse Onderwysdepartement**

## **Jaarverslag: 2007/2008**

<b>Inhoud</b>	<b>Bladsy</b>
Algemene Inligting	1-5
Programprestasie	1-79
Verslag van die Ouditkomitee	1-3
Jaarlikse Finansiële State	1-50
Mensehulpbronbestuur	1-27



## VOORWOORD

Die Jaarverslag bied 'n omvattende rekord van die werk van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) vir die 2007/08 finansiële jaar, in die implementering van die WKOD se Jaarlikse Prestasieplan en die strewe na verbeterde toeganklikheid tot onderwys van gehalte vir almal.

Van die belangrikste projekte vir die jaar het ingesluit die implementering van die herontwerp van die Departement om sy kapasiteit te vergroot om sy doelwitte te bereik. 'n Belangrike element van die herontwerp is die skep van 49 sterk kringspanne wat ontwikkelingsondersteuning baie nader aan skole sal bring. Verbeterde kapasiteit vir navorsing, beleidsontwikkeling en strategiese beplanning is ook sleutelelemente van die herontwerp.

Die WKOD het die makrostruktuur van die herontwerp in Oktober 2007 bekendgestel en sal die mikrostruktuur gedurende 2008/09 implementeer, met besondere fokus op die kapasiteitsbou van die kringspanne en onderwysdistrikte.

Ander sleutelprojekte het die Geletterdheids- en Gesyferdheidstrategie ingesluit. Die WKOD het feitlik elke graad 6-leerder in 2007 getoets. Die slaagsyfer in geletterdheid het verder verbeter, maar leerders sukkel steeds met Wiskunde. Aansienlike werk moet nog gedoen word om te verseker dat leerders voldoen aan die vereistes van die leerplan in geletterdheid sowel as gesyferdheid, en dat die ongelykhede binne die stelsel verminder word.

Die deurvoerkoers in hoëskole bly 'n groot uitdaging, waar tot 50% leerders die skool verlaat voor hulle graad 12 bereik. Spesiale programme om hierdie uitdaging die hoof te bied, het ingesluit die Nasionale Leerderprestasiestrategie vir leerders wat 'n slaagsyfer van minder as 60% in die Senior Sertifikaat-eksamen behaal het.

Die WKOD implementeer 'n wye reeks programme wat ontwerp is om 'n menigte uitdagings in ons skole en VOO-kolleges die hoof te bied, soos vroeëkindontwikkeling, onderwys vir leerders met leerstoornisse, skoolveiligheid en onderwys aan volwassenes.

Die heel belangrikste faktor wat met al hierdie uitdagings verbind word, is armoede. Die voorsiening van onderwys van gehalte, veral aan arm gemeenskappe, is 'n belangrike verbintenis en is 'n voortgesette uitdaging aan die WKOD. Die onderwys het 'n lewensbelangrike rol te vervul in die transformasie van ons gemeenskap deur te verseker dat ons leerders oor die nodige besik om suksesvolle lewens te ly en by te dra tot die sosiale, ekonomiese en kulturele ontwikkeling.

Hierdie verslag kyk na die baie uitdagings wat die Wes-Kaap in die oë staar en na wat die WKOD tans doen om dit die hoof te bied. Ons nooi alle geïnteresseerde partye om hierdie verslag te bestudeer, en met ons krities in verbinding te tree sodat ons konstruktief kan saamwerk om 'n onderwyssstelsel te bou wat ontwerp is om lewens te transformeer en die toekoms van hierdie land te bou..

Yousuf Gabru  
LUR vir Onderwys, Wes-Kaap



## DEEL 1 – ALGEMENE INLIGTING

### 1.1 Voorlegging van die jaarverslag aan die uitvoerende gesag

Hiermee geskied die formele voorlegging van die jaarverslag vir die Wes-Kaapse Onderwysdepartement vir die jaar 2007/2008 aan die verantwoordelike uitvoerende gesag.

### 1.2 Inleiding deur die Departementshoof

Die organiseerders van die Mensekapitaalontwikkelingstrategie word aangewend om sommige van die leweringshoogtepunte van die jaar onder beskouing vas te lê.

#### Die Onderwyssituasie

- a) Die Direktoraat MHB het 'n opleidingsprogram vir Skoolbeheerliggame (SBL's) ontwikkel. Die KOI het verskeie leierskapintervensies in plek soos die kursusse "Skoolhoof as bestuurder van die kurrikulum" en "Vroue in leiersposte", 'n kursus vir aspirantskoolhoofde en SBS-opleidingskursusse.
- b) Die getal skole wat Artikel 21- (van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996) status verwerf het, het toegeneem tot 996 (2007/2008). Ondersteuning vir die oorblywende 456 skole word voortgesit om hulle aan te spoor om Artikel 21-skole te word.

#### Die verbetering van die Onderwysomgewing

- a) Die prestasie van Dalubuhle Primère Skool is nie heeltemal volgens program nie. Bouwerk aan die nuwe Wellington en Bloekombos Sekondêre Skole vorder baie goed. Daar word verwag dat hierdie twee sekondêre skole teen die begin van die 2009 akademiese jaar gereed sal wees vir gebruik.
- b) Die Gehalteverbeterings-, Ontwikkelings-, Ondersteunings- en Opheffingsprogram (GVOO-OP; *Engels QIDS-UP*) verbeter die tempo en doeltreffendheid van die lewering van dienste en hulpbronne aan skole in benadeelde omgewings en dra by tot die verbeterde bestuur van skoolhulpbronne.
- c) Die geïntegreerde Veilige Skole-strategie is ontwikkel en is in sy finale konsepstadium. Formulering van die strategie was 'n gesamentlike poging van die onderskeie rolspelers in die WKOD, en is versterk deur die deelname en toegewydhed van ander provinsiale en nasionale departemente, met inbegrip van Gemeenskapsveiligheid, die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), Justisie en Maatskaplike Ontwikkeling.
- d) Die leerdergedragstrategieprogramme is geïmplementeer in alle distrikte en personeeldele is toegerus as "afleidings-" of "ontwikkelings-"programfasilitateerders. Die beleid oor minimumstandaarde vir spesiale onderwysdienste aan leerders wat emosionele en/of gedragsprobleme ondervind, is goedgekeur en handleidings is ontwikkel en by skole versprei.
- e) Streek-SBL-konferensies is gedurende September 2007 gehou.
- f) Die MIV/vigs-portuuronderwysprogram het alreeds internasionale goedkeuring gekry. Dit is tans in 136 sekondêre skole en meer as 200 primêre skole en word nou in die VOO-kolleges ingevoer.
- g) Die "Skole as Nodusse van Sorg" (SNVS)-program fokus op weerlose kinders om liefdadige, inklusiewe en ondersteunende skolgemeenskappe te bevorder. In noue samewerking met SBL's en gemeenskapsgebaseerde organisasies bring die program plaaslike vennootskappe of netwerke van ondersteuning tot stand, en is nou gemoeid met verwante inisiatiewe soos Gesondheidsbevorderende Skole (GBS), Veilige Skole en die Buitemuurse Onderwysprogram (BMOP). Nodusskole het saamtrekke gehou om vaartbelynde nasionale, provinsiale en plaaslikeregeringsdienste (soos geboorte- en ID-registrasies, die verwerking van maatskaplike toekennings, vrywillige MIV- en TB-berading en -toetsing) na die skolgemeenskap te bring.
- h) In 2007/2008 was daar 5 spesiale projekte oor leer- en onderrigsteunmateriaal vir skole ter waarde van altesaam R138.447 miljoen. 100% van die benodigdhede is voor die eerste dag van die skooljaar aan skole gelewer.

## **Verbetering van die Gehalte van Onderwys**

- a) Die Direktoraat Gehalteversekering het 'n besprekingsdokument voorgelê oor openbare onderwys van gehalte en het in Augustus 2007 'n geslaagde konferensie oor Gehalte in Onderwys gehou.
- b) Die leerderopsporingstelsel is in alle gewone en spesiale openbare skole in gebruik.
- c) Die WKOD het van die DvO goedkeuring verkry om skakeling te bewerkstellig tussen SOBIS en die Suid-Afrikaanse Skoleadministrasie- en -bestuurstelsel (SASABS).
- d) Die matriekklas van 2007 het die land se hoogste slaagsyfer van 80,6% behaal. Vir die laaste volwaardige Senior Sertifikaat-eksamen wat in 2007 geskryf is, was daar 'n wesenlike toename in die getal leerders wat daaraan deelgeneem het. Altesaam 69 310 voltydse en deeltydse kandidate het geregistreer, van wie 33 787 geslaag het. Altesaam 10 300 voltydse kandidate het matrikulasie-endossemente ontvang waarvan 4 530 deur manlike leerders en 5 770 deur vroulike leerders verwerf is.
- e) Die totale getal geen-geldskole in die Wes-Kaap is nou 653, en dié skole akommodeer ongeveer 346 000 leerders of 37,6 persent van alle leerders.
- f) 'n Progressiewe toename in die getal onderwysposte ('n bykomende 747 vir 2008) het aansienlik bygedra tot die verbetering van die onderwyser-leerder-verhouding, wat van kritieke belang is met die oog op die lewering van gehalte-onderwys. Aan die begin van die 2008-kalenderjaar was daar 31 619 goedgekeurde opvoederposte.
- g) Volgens die Onderwysassistentprogram (OAP) is 510 onderwysassistente in 163 skole aangestel. Hierdie onderwysassistente is deur middel van die VOO-kolleges opgeleei. 'n Aanvoorprojek is bygevoeg vir assistente om gesinsgeletterdheid in 28 skole (280 gesinne) te ondersteun en die impak daarvan word nagespoor.
- h) Die geletterdheid- en syfervaatigheidstrategie het 'n hupstoot ontvang deur die aanstelling van 'n projekleier wat die proses voltyds sal bestuur.
- i) Die Taaltransformasieplan (TTP) wat moedertaalgebaseerde tweetalige onderwys vir die eerste ses jaar van skoling aanmoedig, is in 2007 formeel ingestel. Daar is van alle skole verwag om skooltaalbeleid op te stel, wat ook planne aangedui het vir leerders om teen die einde van graad 9 basiese kommunikatiewe vaardigheid in al 3 tale van die provinsie te ontwikkel. Die TTP is in 2008 aangewys as PANSAT se "Veeltaligheid- en nasiebou- provinsiale regeringsdepartement van die dekade".
- j) Die opleiding van 5 648 graad 10- tot 12- VOO-onderwysers het in Junie 2007 plaasgevind, met langer opleidingsessies vir nuwer vakke, met inbegrip van landbou, dansstudie en tegnologievakke (insluitend RTT en IT).
- k) Die Khanya-projek, wat verantwoordelik is vir die ondersteuning en verbetering van onderrig en leer in skole met behulp van inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT), word deurlopend erken as 'n innovoerder in skoolgebaseerde IKT en het die afgelope twee jaar 12 nasionale en provinsiale toekennings ontvang. Tot dusver is 813 skole bygestaan met die doeltreffende gebruik van IKT en daar is nog 179 skole in verskillende stadiums van voorbereiding. Daar word 32 011 rekenaars in Khanya-skole gebruik. Die tegnologie word deur 19 750 opvoeders gebruik vir kurrikulumdoeleindes en toegang word verskaf aan 663 852 leerders.
- l) Vroeëkinderonderwys is erken as 'n sleutelhefboom ter verbetering van geletterdheid en syfervaatigheid in die provinsie. 2 600 leerderskappe is voorsien as deel van die geïntegreerde VKO-strategie saam met die Departement van Maatskaplike Dienste. 200 stelle bestaande uit toerusting vir binnemuurse en buitemuurse leer is uitgereik aan die vlak 5-praktisyns wat in graad R-klasse werk. 4 000 plakkate (in 3 tale) waarop mense aangespoor word om vroegtydig vir graad R te registreer is versprei by plekke deur die hele provinsie. Teen die einde van die 2007/2008 finansiële jaar sou klouterrame en omheining aangebring wees by 100 hoofstroomskole wat graad R-klasse het.
- m) Die Mobiele Biblioteek-projek wat bedryf word onder die beskerming van Onderwysbiblioteek- en Inligtingsdiens (OBID - *EDULIS*), het 'n Brons-ster-toekenning by die Impumelelo-innovasietoekenningstrust verower. Met die bystand van die Japanse NRO "Together with Africa and Asia Association (TAAA)" is vyf mobiele biblioteekbusse bekom. Nog twee busse, waarvoor tans invoergoodkeuring afgewag word, is aan *EDULIS* toegegeen. Bykomende busse is vir die toekoms belowe.
- n) Gedurende die finansiële jaar 2007/2008 is verskillende vlakke van monitering en evaluering geïmplementeer en versterk deur die Direktoraat: Gehalteversekering. Dit sluit die volgende in: Verifiëring van die data wat verskaf is vir die prestasiemaatreëls oor leerervoerskemas, opvoederaflewigheid en leereraflewigheid; evaluering van die opleiding van VKO-praktisyns (UOWP); evaluering van sleutel-MKOS-projecte soos Dinaledi en NLSA; ontwikkeling van 'n raamwerk vir klassifikasie van skool en teikenstelling.

## Verbetering van toegang tot die wêreld van werk en skaars vaardighede

- a) 53 Dinaledi/WWT-skole word steeds ondersteun met die oog op die ontwikkeling van Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie in die provinsie. Daar was 'n toename van 32% in die getal leerders in hierdie skole wat Wiskunde en Wetenskap as vakke neem.
- b) 28 fokusskole wat gespesialiseerde onderwys in Kuns en Kultuur; Besigheid, Handel en Bestuur; en Ingenieurswese en Tegnologie aanbied, toon bestendige vordering. Fondse is bestee aan infrastruktuur, toerusting en LOOM om die fokusvakte te akkommodeer. Die GOS-kursus word deeltjds by die Kaapse Skiereilandse Universiteit van Tegnologie aangebied vir 20 opvoeders. Daarbenewens is werksessies, konferensies en leerdersessies gehou. In 2007 was daar 'n algehele toename van 460 in die getalle wat die senior sertifikaat-eksamens in die gefokusde leerterreine afgelê het. Teenoor 2006 het die slaagsyfer in al die leerterreine verbeter. Die persentasieslaagsyfer vir Kuns en Kultuur het met 13% (72% tot 85%) gestyg, Besigheid, Handel en Bestuur met 1% (87% tot 88%) en Ingenieurswese en Tegnologie met 20% (41% tot 61%).
- c) Die herkapitalisering van die VOO-kolleges vorder as gekyk word na die implementering van 11 Nasionale Sertifikaat- (Beroeps-) programme. In Januarie 2007 het die kolleges altesaam 3 222 studente in die 11 nuwe NSB-programme ingeskryf. 47 117 kandidate het deelgeneem aan die 2007-eksamens in N vakke, en van hulle het 74% geslaag.
- d) Vanweë die groot vraag na die plasing van leerders by vaardigheidskole is die Mitchells Plain-vaardigheidskool in Januarie 2007 geopen, en het die Siviwe-vaardigheidskool in April 2007 in Gugulethu geopen.
- e) Graad 9-lewensoriëntering-opvoeders is opgelei en ondersteun in loopbaanvoorligting deur die gebruik van die PACE-program. Loopbaanvoorligtingsopleiding in die gebruik van PACE is onderneem vir nog 171 onderwysers in graad 10, 11 en 12. Die graad 9-lewensoriënteringsopvoeders by die fokusskole is opgelei om leerders by te staan met vakkeuses vir graad 10. As 'n toets is nog 37 graad 7-opvoeders opgelei om leerders by te staan met leiding en aansoeke by spesifieke fokusskole.
- f) Altesaam 1 896 volwasse leerders het geregistreer om die AOO-eksamen in Oktober 2007 af te lê (81,8% van die volwasse leerders was jonger as 44 jaar). Die Afdeling Onderwys en Opleiding vir Volwassenes het onderrig gegee aan 627 werknemers van 10 verskillende provinsiale departemente. Sy 267 gemeenskapleersentrumterreine het aan 40 100 volwassenes die geleentheid gebied om hul skoollooppbane te voltooi. 1573 volwassenes het deelgeneem aan kort vaardigheidsprogramme wat by sentrums vir volwasseneleer aangebied is. Die programme was gefokus op naaldwerk, modeontwerp, die maak van kerse, kuns en handwerk, met inbegrip van mosaiekwerk, kralewerk, weefwerk en houtbewerking. Hierdie programme rus volwassenes toe met broodnodige vaardighede om hulle meer gesik te maak vir werk en/of selfwerksaamheid.

### 1.3 Inligting oor die Ministerie

Die prioriteitsmoniteringsfokus van die LUR vir Onderwys is die verbetering van geletterdheid en syfervaardigheid; die herontwerp van die WKOD; die suksesvolle implementering van die VOO-kurrikulum en die uitbreiding van die VOO-kollegesektor; skoleveiligheid; infrastruktuurontwikkeling en die ontwikkeling van maatskaplike kapitaal. Saam met die fokus op VKO, BOOV en op skoolverbetering som dit die besondere klemplasings op wat hierdie 5-jaartydperk kenmerk.

In die jaar onder beskouing het die LUR, sy mediaskakelbeampte en 'n VOO-kollegebeampte die VSA van 20 tot 30 April 2007 besoek (grootliks geborg deur die gasheer "Association of School Business Officials") om hierdie betrekkinge verder te ontwikkel en om inligting in te samel en kontakte te smee met betrekking tot die Geïntegreerde Ontwikkelingsinisiatief vir Skepende Kunste wat skakel met *La Guardia Community College*, die *Association of Community Colleges* en "Teach for South Africa". Hierdie besoek het 'n ontmoeting ingesluit met *Operation Hope* wat geleei het tot 'n memorandum van verstandhouding om 'n belegging van meer as R7 miljoen in finansiële geletterdheid vir Wes-Kaapse skole te bekom.

Die LUR was deel van 'n provinsiale afvaardiging na Sjandong-provinsie in die Volksrepubliek China van 29 Oktober tot 6 November 2007 insake formele ooreenkoms wat aangegaan is tussen die WKOD en die Sjandongse Onderwysdepartement en met *Qindao Agric University* en Boland-kollege. Fokusareas het ingesluit onderwyseruitruilprogramme, VOO-kolleges en mari-lakwakultuur-skakels deur die VOO-kollege-sektor.

Van 5 tot 10 Februarie 2008 het die LUR en die ADG: Kurrikulum die VK besoek om 'n voorkeurtoelichtingsvergadering van *Apple* by te woon oor die rol van IKT in die verskaffing van wêreldklasonderwys. Daar was 'n kort besoek aan Ierland in verband met die Amawele-vennootskapsprojek tussen Ierse en Wes-Kaapse skole – 'n vennootskapsfokus tussen Corkse skole en skole in die SSG ten opsigte van die skepende kunste.

## **1.4 Missiestelling**

Die missie<sup>1</sup> van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement is om te verseker dat alle leerders die kennis, vaardighede en waardes verwerf wat hulle nodig het om:

- hul potensiaal te verwesenlik;
- vervulde lewens te lei;
- by te dra tot maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling;
- voluit deel te neem aan die lewe in die land;
- internasionaal mee te ding, en
- gemeenskappe te bou wat in staat is om hul lewens suksesvol en met waardigheid te bestuur.

## **1.5 Wetgewende mandaat**

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996), soos gewysig

Die Grondwet van die Wes-Kaap, 1998 (Wet 1 of 1998)

Die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), soos gewysig

Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet 27 van 1996)

Die Wet op Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges, 1998 (Wet 16 van 2006)

Die Wet op Gehalteversekering vir Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding, 2001 (Wet 58 van 2001)

Die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998)

Die Wes-Kaapse Proviniale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997)

Die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999), soos gewysig

Die Wet op Plaaslike Regering: Municipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003)

Die Wet op die Jaarlikse Verdeling van Inkomste

Die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994)

Die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid, 1995 (Wet 58 van 1995)

Die Wet op Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes, 2000 (Wet 52 van 2000)

Die Mediumtermyn-begrotingsbeleidsverklaring 2008 – 2011

Die Proviniale *iKapa Elihlumayo*-strategie

Mensekapitaalontwikkelingstrategie

Nasjonale Kurrikulumverklarings

Mikro-ekonomiese Ontwikkelingstrategie

Witskrif 4 oor Verdere Onderwys en Opleiding

Witskrif 5 oor Vroeëkinderontwikkeling

Witskrif 6 oor Inklusiewe Onderwys

---

<sup>1</sup> Soos aangebied in die "Mensekapitaalontwikkelingstrategie" van die provinsie

## DEEL 2: PROGRAMPRESTASIE

### 1. Bewilligde fondse

Hoofaanwending	Aangepaste aanwending	Werklike bedrag bestee	Onderbesteding
R7 684 658 000	R7 822 732 000	R7 737 797 000	R84 935 000
Verantwoordelike Minister	Provinciale Minister van Onderwys		
Administrerende Departement	Departement van Onderwys		
Rekenpligtige Amptenaar	Departementshoof, Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) (Superintendent-generaal van Onderwys)		

### 2. Doel met die begrotingspos

Om te verseker dat alle leerders die kennis, vaardighede en waardes verwerf wat hulle nodig het om hul potensiaal te verwesenlik en so 'n bydrae te lewer tot die lewe van die land, om internasionaal mee te ding en om gemeenskappe te bou wat in staat is om hul lewens suksesvol en met waardigheid te bestuur. Hierdie missie is ingesluit in die visie van "n Lerende tuiste vir almal" en is gedrewe deur die provinsiale Mensekapitaalontwikkelingstrategie wat daarop gemik is om onderwystoestande te verbeter, die onderwysomgewing te verbeter, die gehalte van onderwys te verbeter en die vaardigheid- en kwalifikasiebasis te verbreed.

### 3. Opsomming van programme

Die Onderwyssektor het eenvormige begrotings- en programstrukture aanvaar wat die minimum aantal programme weerspieël. Die aktiwiteite van die WKOD is georganiseer in die volgende agt programme.

Program	Subprogram
1. Administrasie	1.1. Kantoor van die LUR 1.2. Korporatiewe Dienste 1.3. Onderwysbestuur 1.4. Mensehulpbronontwikkeling 1.5. Onderwysbestuursinligtingstelsels (OBIS)
2. Openbare Gewoneskoolonderwys	2.1. Openbare Primêre Skole 2.2. Openbare Sekondêre Skole 2.3. Professionele Dienste 2.4. Mensehulpbronontwikkeling 2.5. Nasionale Skoolvoedingsprogram
3. Onafhanklike Skoolsubsidies	3.1. Primêre Fase 3.2. Sekondêre Fase
4. Openbare Spesialeskoolonderwys	4.1. Skole 4.2. Professionele Dienste 4.3. Mensehulpbronontwikkeling
5. Verdere Onderwys en Opleiding	5.1. Openbare Instellings 5.2. Professionele Dienste 5.3. Mensehulpbronontwikkeling 5.4. Voorwaardelike Toekenning
6. Basies Onderwys en Opleiding vir Volwassenes	6.1. Subsidies aan Private Sentrums 6.2. Professionele Dienste 6.3. Mensehulpbronontwikkeling
7. Vroeëkinderontwikkeling	7.1. Grade R in Openbare Skole 7.2. Grade R in Gemeenskapsentrums 7.3. Professionele Dienste 7.4. Mensehulpbronontwikkeling
8. Hulp- en verwante dienste	8.1. Betalings aan SOOO 8.2. Voorwaardeliketoekenningsprojekte: MIV-vigs 8.3. Eksterne Eksamens 8.4. Onderwysersopleiding 8.5. iKapa Elihlumayo

#### 4. Oorsig oor die diensleweringsomgewing vir 2007/2008

Die Populasie van die Wes-Kaap het oor die afgelope vyf jaar vinnig gegroei en is steeds aan die groei. Volgens die Gemeenskapsopname van 2007 wat op 24 Oktober 2007 deur Statistiek Suid-Afrika (*StatsSA*) bekendgestel is, is die Wes-Kaap die tuiste vir ongeveer 5,279 miljoen mense, wat 10,9% van Suid-Afrika se totale Populasie verteenwoordig. Die Populasie van die Wes-Kaap het met 16,7% toegeneem sedert Sensus 2001, wat verreweg die hoogste groeikoers is van al die provinsies. Hierdie in-migrasie, gekombineer met natuurlike Populasiesaanwas, het 'n aansienlike impak gehad op die toename in die provinsiale werkloosheidsyfer, wat veral merkbaar is onder die jeug in die provinsie.

*StatsSA* projekteer dat interprovinsiale migrasie van 2005 tot 2015 teen hoofsaaklik dieselfde tempo as tussen 1996 en 2001 sal plaasvind. Die netto provinsiale vyfjaarmigrasie-aannames (positief dui op netto in-migrasie en negatief dui op netto uit-migrasie) van 2006 tot 2011 word hier onder aangedui:

Provinsie	Toename/(afname)	Provinsie	Toename/(afname)
Oos-Kaap	(323 622)	Mpumalanga	(42 190)
Vrystaat	(58 514)	Noord-Kaap	(28 167)
Gauteng	533 410	Noordwes	(64 176)
KwaZulu-Natal	7 707	Wes-Kaap	228 480
Limpopo	(252 928)		

'n Gevolg van hierdie toename in die Populasie van die Wes-Kaap is dat elke vorm van onderwys en opleiding in die provinsie die afgelope vyf jaar groei in getalle ervaar het: VKO-terreine, skole, VOO-kolleges, sentrums vir volwassenes en leerderskappe. Die groei in leerdergetalle is egter onvoorspelbaar, en dit maak beplanning van dienslewering, veral wat klaskamers en onderwysers betref, uiters kompleks.

Die data vir die Wes-Kaapse openbare gewoneskool-stelsel van 1995 tot 2008 word in tabel 1 hier onder aangetoon om die groei in leerdergetalle in die provinsie te illustreer. Dit illustreer die eerste van die diensleweringsuitdagings wat die WKOD in die gesig staar. Terwyl sommige provinsies 'n afname ervaar het in inskrywings, het die WKOD tot 2004 steeds groei ervaar. Die abnormale groei van 2003 tot 2004 van 23 121 was hoofsaaklik vanweë die verslapping van die inname-/toelatingsbeleid vir graad 1-leerders wat van 2000 af in werking was (en ook die rede vir die afname in leerdergetalle van 1999 tot 2000). Die 2005 Jaarlikse Opname van Skole het van 2004 tot 2005 geen groei aangetoon nie, hoofsaaklik vanweë die abnormale groei in 2004. Die 2006-syfers wat vir die eerste keer van die SOBIS (Leerderopsporingstelsel) verkry is, weerspieël 'n wesenlike afname van 2005 tot 2006. Die toename van 2006 tot 2007 is as gevolg van die verwagte normale groei.

Tabel 1: Inskrywing in openbare gewone skole 1995 – 2007

Jaar	Gr. 1	Gr. 2	Gr. 3	Gr. 4	Gr. 5	Gr. 6	Gr. 7	Gr. 8	Gr. 9	Gr. 10	Gr. 11	Gr. 12	Totaal
1995	99,158	84,963	80,921	79,199	76,789	72,293	68,795	67,473	61,079	50,698	41,124	34,659	817,151
1996	99,998	84,845	81,137	79,996	77,673	74,142	69,474	72,116	62,696	54,440	43,574	36,764	836,855
1997	97,854	84,892	80,608	81,191	76,894	74,368	70,967	73,261	64,892	57,070	44,586	38,940	845,523
1998	99,380	90,168	85,625	85,188	80,881	76,716	73,928	76,949	67,644	61,926	46,115	40,980	885,500
1999	87,436	92,925	88,613	88,014	83,074	78,495	74,661	79,043	69,674	63,479	49,247	40,206	894,867
2000	64,844	81,865	92,343	91,949	85,766	80,658	75,813	80,026	70,634	63,840	48,934	40,996	877,668
2001	81,790	62,960	81,832	94,302	89,254	83,305	77,778	82,190	71,966	67,034	50,206	39,910	882,527
2002	86,969	77,026	64,134	83,022	93,188	86,786	80,865	75,601	80,450	69,752	51,618	40,468	889,879
2003	86,916	82,454	75,931	66,033	82,383	92,341	84,514	81,154	73,200	81,739	51,746	39,644	898,055
2004	104,105	82,130	81,489	76,781	66,060	82,574	89,614	85,053	78,964	80,756	54,199	39,451	921,176
2005	93,515	94,231	80,695	80,809	74,984	66,141	81,953	88,778	82,169	81,577	56,657	39,303	920,812
2006	90,346	85,738	89,955	80,398	77,835	73,096	65,090	80,665	81,869	84,095	57,385	38,845	905,317
2007	92,794	82,548	83,900	89,960	78,658	78,007	72,726	66,403	80,698	86,494	61,938	41,301	915,427

Databron:


1995 – 2005: Jaarlikse Opname vir Skole (Openbare Gewone Skole)

2006: SOBIS huidig (31 Maart 2007)

2007: SOBIS huidig (31 Julie 2007)

2008: SOBIS huidig (31 Maart 2008)

Figuur 1:



Databron:

1995 – 2005: Jaarlikse Opname vir Skole (Openbare Gewone Skole)

2006: SOBIS huidig (31 Maart 2007)

2007: SOBIS huidig (31 Julie 2007)

2008: SOBIS huidig (31 Maart 2008)

StatsSA: Populasie 2007 gebaseer op 2006 Algemene Huishoudelike Opname

Die Wes-Kaap het oor die afgelope vyf jaar 'n effense verbetering in die opvoedkundige profiel van sy werkmag beleef. Dit is nie onverwags nie dat indiensnemingskoerse onder die jeug, spesifiek by diegene onder die ouderdom van 25 jaar, laer sou wees as vir die nie-jeug. Dit is duidelik in 'n indiensnemingskoers van net 29,3 persent onder 15- tot 24-jariges (van wie die meeste nog studeer gedurende 'n gedeelte van die betrokke jare) en 69,7 persent onder 25- tot 34-jariges. Net so is dit waarskynliker dat ouer individue afgetree sou wees uit aktiewe werksaamhede en dus is die indiensnamekoers in die ouderdomsgroep 55 tot 65 jaar om en by een derde (32,8%).

Daar bestaan 'n sterk korrelasie tussen ongeletterdheidsvlakke en die werkloosheidskoers. Hoe vlakke van ongeletterdheid word aangetref in oorwegend landelike gebiede. Die ongeletterdheidsvlakke is veral besonder hoog vir die Sentraal-Karoo (37%), Kaapse Wynland (28%), Eden (26%), Overberg (27%) en Weskus (29%). Sentraal-Karoo het die ongunstigste aanwysers gehad met betrekking tot werkloosheid, ongeletterdheid en skoolinskrywingskoerse. Volgens Sensus 2001 was die werkloosheidskoers die hoogste (36%); die ongeletterdheidskoers, waar 37 persent van die Populasie oor 14 ongeletterd is, was die hoogste en die inskrywingskoers (87%) was die laagste.

Meer as 70 persent van die werkloses het niks meer as graad 11 nie. Alhoewel hierdie proporsie effens laer was in 2005 as wat dit vyf jaar tevore was, het die getal werklose individue met graad 9- tot 11-onderwys oor dié tydperk dramaties gestyg, met 'n statisties betekenisvolle 12,6% per jaar. 'n Soortgelyke groeiikoers is waargeneem in die getal werklose individue met matrieksertifikate.

##### 5. Oorsig oor die organisasie-omgewing vir 2007/2008

Die WKOD, as die grootste werknemer in die Wes-Kaapse Provinciale Regering, bestaan uit die Provinciale Ministerie van Onderwys, met as hoof die Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir Onderwys (LUR), 'n provinsiale hoofkantoor, distrikskantore en opvoedkundige instellings, insluitend openbare gewone en spesiale skole, VOO-kolleges, gemeenskapsleersentrums vir volwassenes en VKO-terreine.

Die opvoedkundige instellings bestaan uit openbare gewone en spesiale skole, onafhanklike skole, VOO-kolleges, gemeenskapsleersentrums vir volwassenes en vroeëkinderontwikkelingsterreine.

Leerders *	945,215
Openbare gewone skole **	1,460
Skole vir leerders met spesiale behoeftes **	72
Instellings vir verdere onderwys en opleiding (tegniese kolleges)**	6 (39 terreine)

Gemeenskapsleersentrus vir volwassenes**	112 (301 terreine)
Gesubsidieerde pre-primêre skole**	446
Distrikskantore**	8
Opvoeders (Na-voorsieningsmodel)	31 619
Staatsdienspersoneel (goedgekeurde diensstaat)	8 971

\*2008: SOBIS huidig (12 Februarie 2008) (Grade Pre-G.r R tot Na-matriek)

\*\*Instellings huidig (Alle openbare gewone skole, Grade Pre-Gr. R tot Na-matriek, insl. 8 Pre-primêre skole)

# Bron – 2008-blitspeiling

Die ontsaglike omvang van die WKOD stel 'n aansienlike verantwoordelikheid daar om seker te maak dat sy werknemers voorsien is van voortdurende en lewenslange ontwikkelingsprogramme. Dit geld vir sowel die staatsdienssektor, waar die behoeftes aan effektiewe en doeltreffende dienslewering (*Batho Pele*) elke jaar net toeneem, as vir die opvoedersektor, waar die snelle ontwikkelings in die onderwys, kennisbestuur en onderwystegnologie vereis dat opvoeders op die hoogte bly van nuwe vorms van kennis en metodologie.

Die WKOD het homself beskryf as 'n leerorganisasie met 'n fokus op dienslewingsvoortreflikheid oor die volgende tien jaar. As 'n leerorganisasie is die WKOD besig met 'n konstante proses van selfevaluering en hernuwing deur te fokus op organisasiedoeltreffendheid, versterking en distriksvermoë, die verhoging van skooldoeltreffendheid en die dryf van ondersteuningstrategieë om verskillende aspekte van gehalteonderwys in skole aan te spreek. Verbeterde dienslewering is 'n betekenisvolle uitdaging vir 'n organisasie, veral in verband met die identifikasie van besigheidsprosesse waarvoor hermodellering nodig is.

Goeie vordering is gemaak met die ontwikkeling van 'n omvattende Dienslewingsverbeteringsplan (DLVP). 'n Dienslewingsoktrooi is in Augustus 2007 ontwikkel, goedgekeur en ontplooi. 'n Implementeringsplan is aan die begin van die 2007/2008 finansiële jaar ingestel. Diensstandaarde is per direktoraat ontwikkel en 'n belangbevorderingsveldtog is van stapel gestuur om algemene inkoop en bewusmaking te verseker. Monitering- en evalueringstelsels word ontwikkel vir implementering, met inbegrip van 'n komplimente- en klages-meganisme, Theta Nati, wat in April 2007 ingestel is en bestuur word deur die Direktoraat Gehalteversekering. Op dié manier sal die WKOD ook in staat wees om inligting oor daardie funksies wat nie bevredigende diens lever nie, in te samel.

Die WKOD se vyfjaar-DB-plan, van 2002 tot 2007, het op 31 Desember 2007 te einde geloop. 'n Opvolgplan is in November 2007 aanvaar en op 1 Januarie 2008 in werking gestel. Ongeag baie struikelblokke is bestendige vordering gemaak met prestasie van die DB-plan en die verteenwoordigende DB-forum het sy toesigverantwoordelikheid behou. Die WKOD het voldoen aan al die voorskrifte van die DB-wet en het sy jaarlike DB-verslag aan die Departement van Arbeid voorgelê soos verlang. Die WKOD het ook 'n beleidsdirektief vir DB in opvoedkundige instellings uitgereik en dit het merkwaardige vordering tot gevolg gehad, veral met vroulike verteenwoordiging in skoolbestuurspanne. Die eerste ronde aanstellings in die herontwerp het 'n aangepaste SBD-diensbillikheidsprofiel meegebring en billikheidskwessies sal voortgaan om aanstellings ingevolge die herontwerp te beïnvloed.

Die WKOD het die MH-beplanningsraamwerk van die Departement van die Staatsdiens en Administrasie gevolg om 'n samegestelde WKOD-mensehulpbronplan te ontwikkel. Hierdie plan is aangepas en daarna jaarliks heraanvaar. Die strategieë ingevolge hierdie plan word op 'n maandelikse basis ontwikkel en gemoniteer.

Die Werknemer-welstandplan het stelselmatig ontwikkel en uitgebreide bekendstelling daarvan het plaasgevind. Die benuttingskoers is tans op 'n vlak wat verwagtinge oortref. Statistiek en neigings is ontleed en gemeet aan internasionale norme. Verskeie suksesvolle Oop Dae is gehou.

Die WKOD het voortgegaan met die versterking van die prosesse en instrumente wat bedoel is om die gehalte te verbeter van onderwys in die provinsie. Deur die Direktoraat: Gehalteversekering koördineer en integreer die WKOD al die bestaande rekenpligtigheidstelsels, en het daarvan ingestel waar daar niks bestaan het nie. In ooreenstemming met die toenemende regeringsfokus op resultate en impak is monitering- en evalueringstelsels ingestel op alle vlakke van die organisasie. Die ooreenkoms tussen individuele planne en strategiese doelwitte ontvang ook al hoe meer aandag. Elke skool is versoek om teikens in sy Skoolverbeteringsplan (SVP) in te sluit – spesifiek maar nie beperk nie tot leerderprestasie. Sedert Januarie 2008 is skole meer intensief ondersteun om SVP's te ontwikkel wat 'n betroubare weergawe is van hul ontwikkelingsgebiede, en om toepaslike interventions te identifiseer om daardie doelwitte te bereik. SVP's sal die basis vorm van die Kringverbeteringsplanne (KVP's) en dit sal op hul beurt gebruik word om die Distrikverbeteringsplanne (DVP's) te ontwikkel. Van 1 April 2008 af sal hierdie beplanningsdokumente gebruik om amptenare verantwoordingspligtig te hou vir die ondersteuning wat hulle nodig het om aan skole te voorsien. Opvolgaksies en verdere gehalteversekeringsaktiwiteite by geëvalueerde skole het bewys gelewer dat alle skole die aanbevelings in hul verslae geïmplementeer het. 'n Evaluering van HSE-werk deur 'n buite-evalueerder het verder die ontwikkelingsuitwerking van HSE bevestig.

Die monitoring van vordering met die implementering van MKOS-projekte het in 2007/2008 gefokus op uitkomste wat bereik is – alhoewel die neiging na insette nog steeds daar is. 'n Vorderingsverslag vir die jaar 2007/2008 is gepubliseer en versprei. Aspekte van drie MKOS-projekte (GVOO-OP [Gehalteverbeterings-, Ontwikkelings-, Ondersteunings- en Opheffingsprogram], NSLB- [Nasionale Strategie vir Leerderbehoud] skole en Fokusskole) is in meer besonderhede geëvalueer.

Die eerste fase van die evaluering van die Geen-geld-beleid het bestaan uit die veldtoetsing van die meetinstrumente en die data-insamelingsproses. Hoewel dit nie die fokus van die veldtoets is nie, was inligting oor die manier waarop skole by hierdie beleid baat, opvallend. Die hoofondersoek sal in Augustus 2008 voltooi wees.

Die Direktoraat Gehalteversekering se mikpunt vir die evaluering van skole was 30 skole. Deur die buitengewone poging van HSE-toesighouers is 55 skole in die prestasiejaar geëvalueer.

Elke skool het in Desember 2007 'n Skoolverbeteringsplan (SVP) voorgelê. Hoërskole het in 2007 doelwitte vir Graad 12-Wiskunde- en -Wetenskapuitslae en -endosemente voorgelê. In 2008 is weer van hulle verwag om dit te doen, in ooreenstemming met die Akademiese Prestasieverbeteringsplanne, gestipuleer ingevolge die wysigings aan die Wysigingswet op Onderwyswette, Wet 31 of 2007, wat in werking getree het en van krag geword het op 31 Desember 2007. Die klem op rekenpligtigheid versterk steeds die stelsel.

Die uitgerekte nywerheidsoptrede, wat gelei het tot die verlies van 108 560 opvoederdae, het in die jaar onder oorweging 'n uitwerking gehad het op leer- en onderrigtyd, en op opvoeder-, leerder- en ouermoreel. Dit het 'n impak gehad op die ondersteuningsprogramme wat alreeds in plek was vir graad 12-leerders, in byvoorbeeld die Leerderprestasie-ondersteuning- (LPO-) skole en in die Presidensiële nodussones. Die WKOD het op die nywerheidsoptrede gereageer deur 'n program in werking te stel wat lente-, naskoolse en Saterdagsskole, nagtelike radio-uitsendings deur kurrikulumadviseurs en die publikasie van vorige vraestelle in koerante insluit. Dit is moeilik om die impak van die nywerheidsoptrede of die regstellende impak van die gevoglike ondersteuningsprogram te kwantifiseer. Die effektiewe sluiting van talle skole het ook 'n impak gehad op alle geskeduleerde opleiding, vaardigheidsontwikkeling en moniteringsprogramme en dit het beteken dat baie hiervan ingedruk moes word in die eerste kwartaal van 2008, of verkort of afgestel moes word.

Veranderinge aan aspekte van die nasionale assessoringsbeleid het skole voor uitdagings gestel en het skynbaar bygedra tot frustrasie en die impak op onderwysers se moreel. Die opkomende eerste jaar van graad 12 onder die Nasionale Kurrikulumverklaring bring kommer vir onderwysers, leerders en ouers. Die VOO-direktoraat (Skole) het 'n bestendige opleidingsprogram ontplooi deur die tersiêre instellings en die verskaffing van "pasaangeërs" om onderwysers te help om die leerproses te bestuur. Vir graad 11 is vraestelle nasionaal opgestel om vlakke te help standaardiseer, die tempo aan te dui en leerders voor te berei vir die nuwe eksamineerstyl. Die WKOD se keuse was om al 11 vakke wat aangebied is, te skryf. Die nuwe Hoofdirektoraat vir Assessorering en die skepping van nuwe afsonderlike direktorate vir AOO en VOO is bedoel om ekstra steun te verleen aan skole op hierdie kritieke terreine.

Die Departement ondergaan 'n groot organisasie-herontwerp wat ingefaseer word oor 3 jaar om te verseker dat hy sal kan presteer wat die MKOS betref. Die oogmerke met die herontwerpproses is om: institusionele vermoë te bou, dienslewering te verbeter en diensbillikheid te versnel. Ingevolge die nuwe organisasiestruktuur is die provinsiale hoofkantoor verdeel in vier takke (voorheen drie), naamlik Strategie en Beplanning (nuut), Kurrikulumbestuur, Institusionele Ontwikkeling en Koördinering en Korporatiewe Dienste. In 'n poging om bestuur- en ontwikkelingsteun nader aan skole te bring, sal die 7 distrikskantore 8 word. Die nuwe makro-organogram van die Departement word weerspieël op die laaste bladsy van hierdie dokument. Die massiewe herontwerpproses gaan duidelik gepaard met probleme deurdat mense besorg is oor hul toekoms en vakaturen deur die hele stelsel voorkom.

## 6. Strategiese oorsig en sleutelbeleidsontwikkelings vir die 2007/2008 finansiële jaar

### Wysigings aan Onderwyswette

2008 bring 'n nuwe uitdaging met die implementering van die Wysigingswet op Onderwyswette, Wet 31 van 2007, wat in werking getree het met ingang van 31 Desember 2007. Die inisiëring en koördinering van die implementeringsplan sal fokus op vier sleutelaspekte van die Wysigingswet op Onderwyswette, naamlik ewekansige deursoeking en beslaglegging, dwelmtoetsing, die funksies en verantwoordelikhede van skoolhoofde, die identifikasie van onderpresterende skole, norme en standaarde van infrastruktuur, die vermoë van skole en leer- en onderrigsteunmateriale.

### Wet op VOO-kolleges

Ingevolge die Wet op VOO-kolleges van 2006 word die "werkgewer" in kolleges die kollege in plaas van die WKOD: Dit word tans in die stelsel bewerkstellig (uitsondering – die leierskorps).

## **Mensekapitaalontwikkelingstrategie**

Hierdie provinsiale strategie bly steeds die hoeksteen van ontwikkelinge. Vier sleutelvertakkinge is geïdentifiseer as die grondslag waarop die MKOS gebou is: 'n fokus op die verbetering van die onderwystoestande op instellingsvlak word ondersteun deur 'n poging om die opvoedkundige omgewing te verbeter deur werk te maak van kwessies van maatskaplike patologie en misdaad. Die kern van die strategie is die fokus op die verbetering van die gehalte van onderwys en die versekering dat geleenthede vir die uitbreiding van die vaardigheids- en kwalifikasiebasis geskep word.

## **Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV)**

Die inwerkingstelling van die NKV het graad 11 in 2007 en graad 12 in 2008 bereik. Die instelling van nuwe vakke, die radikale veranderinge aan vorige sillabusse en die nuwe assessoringsmodelle stel gesamentlik die Onderwysdepartement voor 'n baie ernstige uitdaging.

### **7. Departementele ontvangste**

Ontvangste word ingesluit in tabel ST001.

Departementele inkomste ten bedrae van R31,439 miljoen is gedurende 2007/2008 ontvang. Die hoofbronne van eie inkomste wat ingesamel is, was –

- administrasiegeld (versekeringspremie-insamelings);
- gelde vir reprografiese dienste, en
- terugbetalings ten opsigte van vorige jare en finansiële transaksies, dit wil sê afskrywing tot inkomste.

### **8. Departementele betalings**

Betalings word ingesluit in tabel ST001.

Die werklike besteding vir 2007/2008 vergeleke by die fondse wat toegeken is, was op 98,9% van die goedgekeurde aansuiweringsbegroting. Die onderbesteding is hoofsaaklik toe te skryf aan 'n onderbesteding in die kapitaalbegroting vanweë die vertragings in sommige kontrakte waar daar nie met die bouwerk begin kon word nie in afwagting van 'n omgewingsimpakstudie wat uitgevoer moes word, die vertragting in oordragte aan gemeenskapsterreine wat graad R aanbied weens 'n leerdergetal-verifiéringsproses, vertragings in die opgradering van die twee nuwe vaardigheidskole vanweë vertragings in die verkrygingsprosesse, vertragings in die finalisering van die tender vir die kringtelevisie as deel van die Veilige Skole-projek weens tegniese kwessies in die spesifikasies en die vertragting in die verkrygingsprosesse vir die GVOO-OP-projek.

Verreweg die grootste deel van die besteding is aangegaan ten opsigte van die primêre en sekondêre skoolstelsel, met inbegrip van skole vir LSOB. In die skoolstelsel word personeellede op 'n billikheidsgrondslag toegeken volgens die posvoorsieningsnorme ooreenkomsdig aangemelde leerdergetalle, gemeenskapsarmoede-rangorde en vakke wat aangebied word. Die befondsing van norme en standarde word toegeken volgens nasionale armoedekwintiele waarvolgens die armste kwintiel gemiddeld ses keer meer ontvang as die mins armes.

Nie-personeeluitgawes verteenwoordig 23,7% van die totale besteding vir die 2007/2008 finansiële jaar. Hierdie nie-personeeluitgawes sluit fondse vir norme en standarde, befondsing vir openbare gewone primêre en sekondêre skole, leerdervervoerskemas en infrastruktur, asook vir vervoerbetalings aan onafhanklike skole, openbare spesiale skole, VOO-kolleges, BOOV-sentrumse en VKO-skole en terreine.

Kapitaalbesteding het afgeneem van 3,4% van die besteding in 2005/2006 tot 2% van die besteding vir 2007/2008. Dit sluit hoofsaaklik voorsiening in vir infrastruktuurprojekte asook vir rekenaars en toerusting vir die Khanya-projek. Die rede vir die afname is die befondsing vir die versnelde kapitaalinfrastruktuurleweringsprogram, wat in die finansiële jare 2005/2006 en 2006/2007 uit die Batefinansieringsreserwe (BFR) beskikbaar gestel is, en wat nie in 2007/2008 herhaal is nie.

Program 2: Openbare gewoneskoolonderwys is steeds die hooffokus van die Departement se befondsing. Hierdie program het 80,4% van die totale besteding vir 2007/2008 meegebring. Die vernaamste dienste wat onder hierdie program ingesluit is, is primêre en sekondêre skoolonderwys by openbare gewone skole (inclusief infrastruktur), die distrikskantoorbestuur en ontwikkelingsteun aan onderwysinstellings, mensehulpbronontwikkeling vir instelling-gebaseerde personeel asook die Nasionale Skoolvoedingsprogram se voorwaardelike toekenning. 56,3% van die program se besteding het gegaan aan primêre skole en 39% aan sekondêre skole.

Ander programme waarby aansienlike bestedingsgroei voorgekom het vergeleke by vorige jare, is Program 5: Verdere onderwys en opleiding, waar fondse voorsien is vir die herkapitalisasié van VOO-kolleges, Program 7: Vroeëkinderontwikkeling, waar bykomende hulpbronne verskaf is om deelname in graad R te bevorder, asook vir die UOWP om voorsiening te maak vir die opleiding van VKO-praktisyens by VKO-terreine en om hulpbronstelle aan hierdie terreine te verskaf, en Program 8: Hulp- en verwante dienste, waar fondse spesifiek verskaf is vir die verdere ontplooiing van die MKOS in ooreenstemming met die provinsiale ontwikkelingstrategie *iKapa Elhlumayo*.

## 9. SEKTOR, PROGRAM EN SUBPROGRAMPRESTASIE

### 9.0 Die Provinciale-onderwyssektor

#### Meetbare doelwitte

Die volgende meetbare doelwitte (▲) en prestasiemaatreëls (►) het betrekking op die provinsiale-onderwyssektor:

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
Toegang	<ul style="list-style-type: none"> <li>▲ Om seker te maak dat die Populasie van verpligte skoolgaande ouerdom in die provinsie skole bywoon.</li> <li>▲ Om onderwys progressief beskikbaar te stel aan die jeug en volwassenes bokant die verpligte skoolgaande ouerdom.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>► PM001: Percentasie van die kinders van verpligte skoolgaande ouerdom wat skoolgaan</li> <li>► PM002: Percentasie van die jeug bokant verpligte skoolgaande ouerdom wat skoolgaan of ander opvoedkundige instellings besoek</li> </ul>
Billikheid	<ul style="list-style-type: none"> <li>▲ Om seker te maak dat die armes in die algemeen bevoordeel word in die openbare ontgiving van die onderwys.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>► PM003: Openbare besteding aan die armste leerders as 'n percentasie van openbare besteding aan die mins arm leerders</li> </ul>
Doeltreffendheid	<ul style="list-style-type: none"> <li>▲ Om 'n punt te bereik waar onderwysuitkomste gemaksimeer word wat betref toegang en gehalte gegee die beskikbare onderwysbegrotings.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>► PM004: Jare inset per VOOS-gegraderde</li> </ul>
Uitset	<ul style="list-style-type: none"> <li>▲ Om seker te maak dat die uitset van gegradeerde uit die onderwysstelsel in ooreenstemming is met ekonomiese en maatskaplike behoeftes.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>► PM005: Gemiddelde hoogste skoolgradering behaal deur volwassenes in die Populasie</li> </ul>
Gehalte	<ul style="list-style-type: none"> <li>▲ Om 'n samelewing te bou wat geletterd is.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>► PM006: Geletterdheidskoers onder volwassenes</li> </ul>

#### Vordering

Prestasiemaatreëls
<ul style="list-style-type: none"> <li>► PM001: Percentasie van die kinders van verpligte skoolgaande ouerdom wat skoolgaan</li> </ul>
<p>Doelwit bereik. Vir die afgelope vyf jaar was daar haas algemene inskrywing in graad 1 in die Wes-Kaap en algemene deelname word in die primêre skool gehandhaaf. Die oorgrote meerderheid van die kinders in die Wes-Kaap tussen die ouerdomme 7 en 14 is met ander woorde in die onderwysstelsel ingeskryf op min of meer die toepaslike vlak. Daar is egter 'n dramatiese afname in inskrywing na graad 10.</p>
<ul style="list-style-type: none"> <li>► PM002: Percentasie van die jeug bokant verpligte skoolgaande ouerdom wat skole of ander opvoedkundige instellings besoek</li> </ul>

Doelwit 85,2%; werklik 82,3%. Doelwit nie bereik nie.  
Skoolgraad 12-inskrywingsyfers dui op 'n effense opswaai in 2008 met die grootste getal leerders ingeskryf sedert 1994 (43 208) – 'n toename van 1907 meer as in 2007. Net so was daar 2240 meer leerders in graad 11 (64 178 vergeleke by 61 938 in 2007). Die uitdaging sal wees om soveel van hulle as moontlik in die stelsel te behou. Daar is 'n algehele verbetering in die sowat een derde van leerders wat graad 1 ingeskryf het en wat deurgaan na graad 12 (in 1994) na 'n syfer wat nader is aan die helfte in 2008. Sodra die boogde VOOBIS inwerking is, sal daar betroubaarder data wees oor leerders wat besluit het om toegang te verkry tot VOO-kollegeprogramme. Ongemoniteerde data dui daarop dat daar belowende getuienis besig is om na vore te kom: in 2004 was daar 4444 kollege-studente wat volle kwalifikasies met welslae behaal het; die 2007-syfer is 22 661; studente wat ingeskryf is volgens VOO-kollege-gebaseerde leerderskappe het toegeneem van 648 in 2004 tot 4525 in 2008; die getalle nuwe bedryfsverwante programme het toegeneem van 13 tot 24. Die getal studente wat na kort kursusse gegradeer het, het toegeneem van 965 tot 10 062.

## Prestasiemaatreëls

### ► PM003: Openbare besteding aan die armste leerders as 'n persentasie van openbare besteding aan die mins arm leerders

Het eie doelwit van 102,9% en nasionale doelwit van 100% oortref.

'n Beginsel wat voorgeskryf is in die bebonde omgewing of die Staatsdienskode maar nie maklik haalbaar is nie, is om 'n bedrag te begroot wat beskikbaar is vir instandhouding gelykstaande aan 1,5% tot 2% van die waarde van die batewaarde van die betrokke geboue. So 'n persentasie word nie jaarliks beskikbaar gestel nie. Tans word slegs 0,2% van die batewaarde bestem vir instandhouding.

- PM207: Persentasie skole met meer as 40 leerders per klas

Doelwit bereik

- PM208: Persentasie nie-artikel 21-skole waar alle LOOM's en ander verlangde materiaal gelewer is teen dag een van die skooljaar

Doelwit bereik. 100% van die nie-artikel 21-skole het 100% van LOOM en ander materiaal ontvang teen dag een van die skooljaar.

- PM209: Persentasie skole met artikel 21-status

Doelwit nie bereik nie (68% i.p.v. 68.6%). Dit bly 'n terrein van aandag en ontwikkeling.

- PM210: Persentasie werkdae verloor vanweë opvoederafwesigheid in openbare gewone skole

Data nie vasgelê om dit betekenisvol te maak nie.

- PM211: Persentasie leerderdae verloor vanweë leerderafwesigheid in openbare gewone skole

Hierdie prestasiemaatreël kan tans nie bereken word nie omdat akkurate databronne nie beskikbaar is nie. In die toekoms sal hierdie inligting verkry word deur kwartaallikse voorleggings van skole.

### **Openbare Primêreskoolonderwys: Prestasiemaatreëls**

- PM212: Die prestasieverhouding van die mins bevoordeelde skole tot die mees bevoordeelde skole met betrekking tot graad 3

Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen. Graad 3-resultate nie vanjaar beskikbaar nie.

- PM213: Herhalingskoers in graad 1 tot 7

Geen doelwit is gestel nie. Sien voetnoot by ST 203. Die syfer was 8,5%. Aangesien 'n hoë herhalingskoers sowel duur is as skadelik vir onderrig en leer, is dit belangrik dat hierdie prestasiemaatreël so laag as moontlik gehou word.

- PM214: Persentasie leerders in graad 3 wat aanvaarbare uitkomste in syfervaardigheid en geletterdheid behaal

Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen.

- PM215: Persentasie leerders in graad 6 wat aanvaarbare uitkomste in Wiskunde, geletterdheid en Natuurwetenskappe behaal

Geen doelwit is gestel nie. Sien voetnoot by ST 203. Die werklike syfer was 12,8%. Die inligting kom deels van die eksterne diagnostiese toetsing aangesien die nasionale sistemiese evaluasieresultate nog nie in staat is om hierdie dataversameling te ondersteun nie.

### Openbare gewone hoërskole: Prestasiemaatreëls

► PM216: Persentasie meisieleerdeurs wat Wiskunde en Wetenskap in graad 10 tot 12 neem

Geen doelwit is gestel nie. Sien voetnoot by ST 203. Die werklike syfer was 12,8%. Dit is 'n terrein wat aansienlike aandag ontvang deur die Dinaledi-skoolproses.

► PM217: Die prestasieverhouding van mins bevoordeelde skole tot mees bevoordeelde skole m.b.t. die gr 12-slaagsyfer 80% doelwit is nie gehaal nie. Voortgaande programme en aandag aan die sektor moet help om die syfer betyds te skulif.

► PM218: Herhalingskoers in graad 8 tot 12

Geen doelwit gestel nie. Sien voetnoot by ST 203. Die syfer van 20,9%. Die datastelle in dié verband is aan die verbeter en 'n beter ontleding sal in die volgende jaar moontlik wees.

► PM219: Slaagverhouding in graad 12- eksamens

Die telling van 39,1% is effens laer as die geteikende 39,4%. Hierdie daling kan verbind word met nasionale tendense.

► PM220: Slaagverhouding in graad 12 vir Wiskunde- en Wetenskapeksamens

Die doelwit van 11,1% is nie bereik nie – die werklike syfer van 9,5% kan gekoppel word aan nasionale tendense.

► PM221: Persentasie leerders in graad 9 wat aanvaarbare opvoedkundige uitkomste in alle leerareas behaal

Die doelwit is nie gehaal nie. Die ontstaankwessies met die nuwe kurrikulum sal steeds sowel uitkomste as projeksies raak.

### Sleutelprioriteite gestel in JPP 2007/2008

Prioriteit	Vordering
Ontwikkeling van syfervaardigheid en geletterdheid	Sien besonderhede onder "Spesifieke uitdagings en reaksies" in die lys hier onder.
Graad 6-leerders wat in 2007 getoets is vir geletterdheid en syfervaardigheid.	Die toetsing het plaasgevind volgens program en het resultate opgelewer waarvolgens die Geletterdheidsgemiddelde toegeneem het van 40,6% tot 45% en die slaagsyfer verbeter het van 42,1% tot 44,8%. Die Syfervaardheidsgemiddelde het gedaal van 29% tot 27,9% en die slaagsyfer (gestel op 50%) van 17,2% tot 14%. Vir die eerste keer het die toets alle leerders ingesluit en nie 'n monster soos in die verlede nie.
Implementering van die NKV	Die NKV-implementering is oor drie jaar, van 2006 tot 2008, in graad 10 tot 12 onderskei-delik ingefaseer. Ondersteuning ten opsigte van beplanning, assessering en eksamens is aan onderwysers verleen. Kurrikulumbeplanners kon deur middel van terreinbesoeke vas-stel met watter uitdagings onderwysers in die klaskamer te kampe het. Beplanning vir in-tervensies in die NKV is gebaseer op 'n aksienavorsingsbenadering en die invloed van bewysgebaseerde data word beskou as van kritieke belang vir beplanning. Groot vorde-ring is gemaak wat beplanning en intervensie betref ten opsigte van werklike uitdagings wat in die klaskamer voorkom. 'n Aansienlike belegging in die vorm van tyd en energie is gewy aan inhoudskennis in die kurrikulum en toepaslike leer-, onderrig- en ondersteuningsmateriaal. Die gebruik van die media word ook op groot skaal benut.
Implementering van gewysigde Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing (NSSB)/ befondsing van 'geen-skoolgeldskole'.	Daar is 653 'geenskoolgeld-skole', wat 45% van die 1 452 skole in die provinsie Wes-Kaap in 2008 verteenwoordig. Ongeveer 345 000 leerders woon hierdie skole by, en verteenwoordig 37,6% van die leerders in die Wes-Kaap.
Die implementering van GVOO-OP in primêre skole in Nasionale Kwintiel 1 in 2007/2008	Die basiese minimumpakket vir skole sal met verloop van tyd aandag ontvang. Elke intervensie oor 'n tydperk van 3 tot 5 jaar sal bydra tot die basiese minimumpakket. Die intervensies hier onder gelys vorm deel van hierdie pakket. Met die GVOO-OP word gepoog om in die armste skole toepaslike ondersteuning te verleen ten opsigte van fisiese en leerondersteuningsmateriale. Die hulpbronne in die lys hier onder fokus op die verbetering van die gehalte van skolingsomgewings, die verskaffing van 'n drukkultuur in werkersklasomgewings, die instelling van biblioteke in landelike en arm skole en die skepping van moontlikhede vir speel en die verbetering van groot en klein motoriese vaardighede. - 407 nasionale kwintiel 1- en 2- primêre en hoërskole - Voorsiening van hulpbronne aan graad R-klasse in 100 kwintiel 1- en 2-skole deur die oprigting van klimraamapparate en die omheining daarvan. - Instandhouding en herstelwerk by 105 skole - Basiese bibliotekpakket deur OBID ontwikkel vir 407 skole. Bibliotekhulpbronne vergesel van opleiding in die aanwending van die hulpbronne - 30 uitgesoekte skole het Heleskoolevaluering ondergaan - vir infrastruktuurontwikkeling van rekenaarlaboratoriums by 14 skole - ouditering van hulpbronne gedoen in 407 kwintiel 1- en 2-skole

## Sleutelprioriteite gestel in JPP 2007/2008

Prioriteit	Vordering
Implementering van die Leerdervermoëstrategie (LVS), wat die getal skole wat minder as 60% in die Senior Sertifikaat-eksamen behaal het, afgebring het.	Daar is tale lente- en winterskole en ander programme aangebied. Die daaropvolgende langdurige nywerheidsoptredre het beteken dat baie hiervan opgeneem is in die sogenoemde "inhaal"-programme. Uiteindelik het die getal skole wat onder 60% behaal het, aangegroei tot 54. Daar word nietemin gevoel dat dit 'n ontwikkelingsprogram is: die gehalte van die intervensies, die mate van skooltoewyding en die energie, wat 'n gevolg was van die doelwitstellingsoefeninge, lê die grondslag vir egte skoolverbetering.
Fokus op verbeterde fisiese veiligheidgeriewe vir bedreigde skole	Hierdie deel van die program fokus op die installasie van verskillende veiligheidsmaatreëls, met inbegrip van veiligheidsomheining en sekuriteitsalarms by hoërisiko-skole en oorlewingsstrategieë. Alarmstelsels word aan hoërisiko-skole voorsien. Sommige het veiligheidshekke, maasdraad-diefwering en doringdraad laat aanbring.
Uitbreiding van deelnamekoerse in Wiskunde, Natuurwetenskappe en Tegnologie	Gedurende die tydperk 2002 tot 2007 het swart leerders in die Wes-Kaap by alle Dinaledi-skole die meeste gebaat by die Dinaledi-program. Dit is waar vir vroulike en manlike leerders. Swart vroulike leerders het 'n aansienlike toename ervaar as 'n mens 'n basis van 100 gebruik. Die persentasie toename in die HG-Wiskundeslaagsyfer is 467%. Swart manlike leerders het ook hul slaagsyfer in HG-Wiskunde met 333% opgestoot. Ook dit was 'n belangrike ontwikkeling. Ten spyte van die uitdagings met hierdie onlangse ontwikkeling (5 jaar is 'n kort tyd), dui hierdie resultate op meriete in die beginsel van Dinaledi-skole. 'n Ondersoek wat uitgevoer moet word na die uitdagings waarvoor leerders van ander rassegroepe te staan kom, sal as 'n interne WKOD-aangeleentheid afgehandel word.
Verbetering van slaagsyfers met endossemente vir graad 12 en vir Wiskunde en Wetenskap.	Daar was 'n afname in Wiskunde HG- en Wetenskap HG-slaagsyfers, maar 'n styging in Wiskunde SG en Wetenskap SG. Die getal endossemente het met 2% afgeneem. Verskillende faktore sou kon bydra tot hierdie daling in HG-slaagsyfers asook die afname in endossemente. Die WKOD sal hierdie saak ondersoek en probeer om die moontlike redes vas te stel. Dit het geen sin om te spekuleer of reduksionisties te wees nie, want ons moet oplossings vind vir die probleem. Oplossings kan slegs gevind word as ons die probleem verstaan. Dit is 'n voortgesette navorsingsaktiwiteit van die WKOD.
Voortsetting van die Onderwyserassistent-program (OAP) - 510 onderwyserassistent moet in die armste skole hulp verleen in die Grondslagfase.	Meer as 75% van die oorspronklike 510 onderwyserassistent bly in die program. Hierdie aansienlike syfer toon die kontinuitet, belangstelling in die onderwysberoep en die vaardigheidsverbetering van ons mensekapi-taal. Die onderwyserassistentprogram het uitgeeloop op 'n toename in die geletterdheids- en syfervaaridighedsresultate in sommige van die skole. Dit is uit verslae van onderwysers duidelik dat die onderwyser-assistentprogram, wat besig is om 'n nasionale program te word, baie suksesvol blyk te wees. 88,3 % van die 163 projekskole het hul geletterdheidsresultate in die Wes-Kaapse Onderwysdepartement se Graad 3-geletterdheids- en Syfervaaridighedsassessering van 2006 ver-beter. Die suksesvolle ontplooiing van onderwysassistente by 163 primêre skole oor die provinsie het werkgeleenheid vir 510 werklose mans- en damespersone, hoofsaaklik uit benadeelde gebiede, geskep. Die OOOP-SOOO het beurse toegeken aan 50 eerstejaaronderwysassis-tente om hul tweede jaar van opleiding in 2008 te voltooi. Die WKOD het ook die ervaring van die aanvoerprojek gedeel met afgevaardigdes van die onderwysdepartemente van Kwa-Zulu-Natal, Noordwes en die Noord-Kaap. Al drie provinsies het aangedui dat hulle die projek in hul skole sou implementeer. Die WKOD het beurse toegeken aan 17 onderwysassis-tente wat ingeskryf het vir die vierjaar- voltydse Baccalaureus Educationis-graadkursus by 'n tersiêre instelling. Eksterne diensverskaffers wat die projek gemoniteer het en verslae dui daarop dat die leerders, ouers, klasonderwysers en onderwysassistente almal voordeel getrek het uit die projek. Hulle het ook aanbeveel dat die projek voortgesit en uitgebrei moet word na ander benadeelde skole.

## Sleutelprioriteite gestel in JPP 2007/2008

Prioriteit	Vording
Versekering van toegang deur die implementering van Onderwyswitskrif 6 (2001).	Verhoogde inskrywingsgetalle by die twee pas gestigte vaardigheidskole. Assessering van "uit-die-skool-uit"-jeugdiges en inskrywing van leerders in dagsorgsentrus in spesiale skole.
Alle skole moet Skoolverbeteringsplanne (SVP's) en vaste doelwitte ontwikkel.	Dit is volgens plan voltooi en 'n aantal verdere intervensies het plaasgevind om skole te help om hul planne verder te ontwikkel en die aanvang van verbeterings van gehalte te bestuur.
Verbetering van gehalte-onderwys deur Heleskoolevaluering (HSE) van 30 skole.	Hierdie doel is bereik en oorskry. Die Departement van Onderwys (DvO) het aangedui dat die Heleskoolevaluering- (HSE-) stelsel versterk en beter van hulpbronne voorsien moet word sodat meer skole elke jaar geëvalueer kan word. Gedurende 2007 was die doelwit in die WK 30 skole, maar die Direktoraat het 55 skole geëvalueer. Die Minister van Onderwys het bepaal dat dit moontlik moet wees om elke primêre skool elke vyf jaar te evalueer en elke hoërskool elke drie jaar. Dit kan slegs gedoen word met voldoende hulpbronne beskikbaar. Uit die "Regstelaksie-" <i>verslae</i> wat geëvalueerde skole gereeld moet indien, is dit duidelik dat HSE 'n groot impak op daardie skole gehad het. Van 2008 af sal elke skool in die provinsie 'n Skoolverbeteringsplan hê wat gebaseer is op die 9 fokusareas van HSE.
Die ontwikkeling van 660 skoolhoofde en onderwysers (GOS en NPOD). 160 skoolhoofde sal vir die GOS en ten minste 500 onderwysers sal in ander kursusse ingeskryf wees.	396 opvoeders is ingeskryf in NPOD-kursusse; 290 skoolhoofde is ingeskryf in die GOS vir Skolleierskap plus 405 opvoeders in 9 verskillende GOS-kursusse.

### Spesifieke uitdagings en reaksies

#### **Uitdaging 1: Problematiese prestasiedata**

Die Departement het nie die bedryfstelsels in plek gehad om die inligting oor die leerderdae wat weens afwesigheid verloor is, te voorsien nie. Die rede vir die dae wat verloor is weens opvoederafwesigheid wat die doelwit oorskry het, is daarvan te wye dat alle verlof in ag geneem is, ongeag of daar vir die opvoeder 'n plaasvervanger gereel is of nie. Die Prestasiemaatreël is bedoel om slegs die getal opvoederwerkdae te meet wat verloor is, met inagneming van enige afwesigheid van opvoeders van skole, om watter rede ook al, waar daar geen plaasvervangeropvoeder was nie.

**Reaksie:** Prosesse is nou in plek geplaas om hierdie inligting te bekom deur kwartaallikse voorleggings van skole.

#### **Uitdaging 2: Lae Geletterdheids- en Syfervaaridgheidsvlakte**

Reaksie 'n Aantal reaksies is in plek geplaas, waarby ingesluit is onderwyseropleiding (gefokusde programme by die Kaapse Onderwys- en Leierskapsinstituut - KOLI), die taaltransformasieplan, gesinsgeletterdheidsprogramme en klaskamerondersteuning. Stelle en leesmateriaal is aan skole voorsien. Die verskaffing van gegradeerde leesmateriaal om lees in graad 4 tot 7 te bevorder deur die Masifunde Maqela-leesprogram. Graad R-voorbeeld van werkprogramme is in al 3 tale en ook op CD ontwikkel en versprei. 349 graad R-LOOM-stelle (Geletterdheid en Syfervaaridgheid), plus 'n ondersteuningshandleiding, is versprei by 349 graad R-terreine (gemeenskapsgebaseerde en openbare primêre terreine). Die Graad 1-basislynassesseringsprogram is vasgelê in die Graad R-assesseringstandaarde en -aktiwiteite. Die 510 onderwysassistentes is ook deel van hierdie doelbewuste poging. Die KOLI het in 2007 kursusse oor 'n verskeidenheid van onderwerpe aangebied vir 2000 opvoeders en 750 skolleiers. Die KOLI het ook geslaagde konferensies vir Wiskunde-onderwysers aangebied en beplan vanweé die positiewe terugvoering en voortgesette vraag na verdere konferensies vir 2008.

### **Uitdaging 3: Skoolveiligheid**

Reaksie: Die Veiligeskole-program het 'n drietand-strategie, wat die volgende insluit: 'n Veiligeskole-oproepsentrum, waar verskeie kwessies rakende skoolbaseerde geweld aangemeld kan word, en waar benadeelde en getraumatiseerde individue ook berading kan aanvra en dit ontvang; voorsiening van fisiese sekuriteit. Die Gemeenskapspolisiërsforum het 400 Bambanani-vrywilligers gewerf en 100 vrywilligers is gewerf deur die Skoolbeheerliggame om deel te vorm van die Bambanani-skoolveiligheidsvrywilligerprogram. Die Bambanani-skoolveiligheidsvrywilligers ondersteun die plaaslike SAPD-stasie-misdaadbekampingstrategie en -polisiërsbenadering. 149 polisiereserviste is ontplooi by die 109 hoërisiko-skole om deel te vorm van die strategie om misdaad en geweld op skoolvlak te bekamp. Vanweé finansiële beperkinge is 80% van die polisiereserviste egter by die skole weggeen. Noodsekuriteitspatrollies is gedurende die skoolvakansie georganiseer om te help met die vermindering van eiendomsverwante misdaad. As deel van die Premier se inisiatief is 50 veiligheidshulpbronbeampies ontplooi om skole te help met die verbetering van skoolveiligheidskomitees, die hernoemming van skoolveiligheidsplanne, die totstandbrenging van jeugklubs, die verligting van middelmisbruik en die voorsiening van ondersteuning en/of voorkomende programme om te dien as positiewe rolmodelle en mentors by die 109 hoërisiko-skole. Opvoedkundige programme fokus op waardes en houding waarvan die doel is om leerders se belangstellings te herlei in meer positiewe rigtings soos sport, kuns en drama, en die fokus op toekomstige loopbane. Hulle fokus op houdings- of gedragsveranderinge; kreatiewe en konstruktiewe benaderings tot konflikbestuur en bemiddelingsopleiding. Leerderondersteuningsbeampies sal opvolgwerk doen ten opsigte van leerders wat stokkiesdraai en assessering van leerders se probleme verseker. Hulle bied mentorskap en afgrigting aan leerders wat gevrees loop en verseker dat leerders toegang kan verkry tot dienste wat hulle nodig het. Leerderondersteuningsbeampies sal die "Jeug-in-beheer"-projek faciliteer as deel van die vakansieprogram. Die "Jeug-in-beheer"-projek is daarop gemik om positiewe houdings en gedrag te versterk deur toepaslike kanalising en onderwys: kanalisering van uitsakers na toepaslike opvoedkundige strukture en ontwikkelingsvaardighede om gemeenskapsprojekte te implementeer.

### **Uitdaging 4: Laagpresterende hoëskole**

Reaksie: Die WKOD het die afgelope vyf jaar gemiddeld 80%+ in die Senior Sertifikaat-eksamen behaal. In dieselfde tydperk het sommige skole egter gereeld ondergepresteer, en sommige het 'n slaagsyfer van onder 30% getoon. Die Leer-skoleprogram (LSP) is in 1999 ingestel om met die oog op hierdie situasie. Die LSP het 'n paar suksesse, maar ook mislukkings gehad. 'n Aantal skole het ingeval by die Program en hulle weer daaroor onttrek, en sommige het nooit gegradeer nie, dit wil sê hulle het deurlopend resultate onder 60% behaal. Die LSP het ontwikkel in die Leerdervermoëstrateegie (LVS) en 'n nasionale beweging (NLVS) in 'n poging om 'n meer omvattende en holistiese benadering tot die verbetering van leerdervermoë teweeg te bring. Die LVS fokus veral op die VOO-band, met 'n onmiddellike doel om werk te maak van onderprestering by skole in die Senior Sertifikaat-eksamens. Die Leerdervermoëstrateegie het bygedra tot 'n aantal regstel-aangeleenthede asook die kwessie van die verbetering van toegang vir alle leerders op graad 12-vlek deur geteikende ondersteuningsmaatreëls. Die gehalte van hierdie maatreëls het in 2007 verbeter ten spye van 'n negatiewe tendens wat betref die getal skole wat tot onder die Provinciale norm gedaal het. Tans word die strategie hersien. Hierdie maatreëls het nodig geword in die lig van die wysigings aan die Onderwyswet (2007) – veral die identifikasie van onderpresterende skole – en 'n plan om die kwessie van die gehalte van die slaagsyfer in die WKOD aan te spreek.

### **Uitdaging 5: Wiskunde- en Wetenskapsdeelname/-sukseskoerse in hoëskole**

Reaksie: 53 Dinaledi/WWT-skole word steeds ondersteun met die oog op die ontwikkeling van Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie in die provinsie. Daar was 'n toename van 32% in die getal leerders in hierdie skole wat Wiskunde en Wetenskap as vakke neem.

### **Uitdaging 6: Onderwysvaardigheidsvlakte**

Reaksie: Die vaardigheidsvlakte van onderwysers word deurlopend aangespreek deur verskillende WVP-ontwikkelingsintervensies - 'n verskeidenheid opleidingskursusse, seminare en konferensies aangebied deur die Kaapse Onderwys- en Leierskapinstiutuut asook kurrikulumverwante opleidingsintervensies. Navorsing ten opsigte van onderwysvraag en -aanbod is aan die Konsortium vir Hoë Onderwys opgedra. Sodra hierdie resultate beskikbaar raak, sal dit ons begrip verbeter van die vlakte van vaardighede sover dit onderwysers aangaan.

### **Uitdaging 7: Infrastruktuurverskaffing**

Reaksie: Behoorlike aandag aan huidige infrastruktuuragterstande by talle skole in die Wes-Kaap word belemmer deur die uitermatige bevolkingsgroei in baie areas wat alreeds infrastruktuuragterstande ervaar. Hierdie areas moet onmiddellik aandag ontvang wat net moontlik sal wees deur die verskaffing van mobiele klaskamers. Talle van die skole in die bogenoemde areas is alreeds te groot, wat dit moeilik maak om te bestuur. Na regte moet meer nuwe skole gebou word, maar sulke skole behoort voorsien te word in daardie areas waarheen baie van die gesinne verskuif word. Die jaarlikse infrastruktuurbegroting maak nie behoorlike koördinering moontlik nie omdat subsidies beskikbaar gemaak word vir die ontwikkeling van nuwe residensiële gebiede - wat relatief vinnig gaan - terwyl die beskikbaarheid van 'n skoolterrein, die aankoop van die skoolterrein, die beplanning van nuwe skole en die bou van sulke skole nog steeds tyd neem.

**Uitdaging 8: Logistieke en kostberekeningskwessies rondom die Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP)**

Die NSVP word uitsluitlik befonds uit 'n voorwaardelike toekenning wat via die Nasionale Tesourie ontvang word. Dit was nie moontlik om al die poste soos waarvoor in 'n werkstudieverslag voorsiening gemaal word, te befonds nie, wat beteken dat dit 'n verhouding veroorsaak van tussen 37 en 103 skole tot een NSVP-personeellid by die OBOS'e. Broodaflewerings deur bakkerye of ander vorms van vervoer bereik skole om 'n verskeidenheid geldige redes nie altyd betyds nie. Die ontwikkeling en instandhouing van voedseltuine in hierdie provinsie word aan bande gele deur sanderige en klierige grond.

Reaksie: Die maksimum getal personeellede moontlik word befonds uit die voorwaardelike toekenning. Voorraadmonitoringstelsels by geteikende skole moet op 'n deurlopende basis hersien word en skuiwergate moet van tyd tot tyd aandaag geniet. Die getal dae waarop brood afgelewer moet word, is met ingang van April 2007 verminder tot twee per week en dit is vir skole moontlik om gedurende stakings of tydens kragonderbreking gekookte maaltye voor te berei met behulp van gasstowe. Werksessies word aangebied om die betrokke personeellede by geteikende skole te leer hoe om hul eie kompos te maak en skole word aangemoedig om kompos te gebruik om die grondgehalte te verbeter.

**Uitdaging 9: Om dienslewering by skole te kry op die vlak wat nodig is**

Reaksie: Die herontwerpprogram van die WKOD is daarop ingestel om stelselmatig gefokusde dienslewering te verskaf nader aan ons leerinstellings. Daar is alreeds belangrike hermodellering van direktorate en komponente by hoofkantoor en 'n nuwe tak vir beplanning, koördinering en strategie. Die inisiering van die model van kringspanne om dienslewering nader aan skole te kry, kleiner kringe, en nouer skakeling met plaaslike regering en die byvoeging van 'n nuwe distrik is deel van 'n plan om dienslewering te verbeter en om onderwysuitkomste "op die grond" te verbeter. 70% van die begrote uitleg gaan aan die direkte versterking van die kringspanne.

**Aangeleenthede wat voortdurende aandag verg**

Dit is uitgesonder vir bespreking hierbo.

Die WKOD het 'n aantal intervensies en projekte ingestel in 'n poging om aandag te skenk aan verskillende aspekte van gehalte-onderwys in skole.

Onderwyswitskrif 6 dui aan hoe die huidige onderwysstelsel getransformeer behoort te word tot 'n inklusiewe onderwys- en opleidingstelsel om toegang tot die kurrikulum en toepaslike ondersteuning vir alle leerders wat leerstrukkelblokke ervaar, te verseker. Dit spel noodsaaklike strukture uit vir 'n inklusiewe onderwysstelsel: hoofstroomskole moet ontwikkel word tot voldiensteskole om leerders te akkommodeer wat lae en middelmatige vlakke van steun nodig het; spesiale skole moet versterk word as hulpbronsentrum om spesialis-steudienste te verskaf aan hoofstroomskole; distriksgebaseerde ondersteuningspanne moet ontwikkel word deur 'n multifunksionele benadering wat gemeenskapbetrokkenheid insluit; institutionele-vlak-ondersteuningspanne moet tot stand gebring en ontwikkel word in alle hoofstroomskole.

### 9.3 Program 3: Onafhanklike Skoolsubsidies

#### Programdoelstelling

Om onafhanklike skole te ondersteun in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse Skolewet van 1996.

Die Onafhanklike Skoolsubsidieprogram behels die volgende subprogramme:

*Primêre Fase*

- om onafhanklike skole in die graad 1- tot 7-fase te ondersteun

*Sekondêre Fase*

- om onafhanklike skole in die graad 8- tot 12-fase te ondersteun

#### Meetbare doelwitte

Die volgende meetbare doelwitte (▲) en prestasiemaatreëls (►) het betrekking op Program 3: Onafhanklike skoolsubsidies:

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
Gehalte	▲ Om te verseker dat gehalte-onderwys in onafhanklike skolle plaasvind.	► PM301: Persentasie befondsde onafhanklike skole besoek vir moniteringsdoeleindes
<b>Prestasiemaatreëls</b>		
► PM301: Persentasie befondsde onafhanklike skole besoek vir moniteringsdoeleindes		

#### Programbeleidsontwikkelings gedurende 2007/2008

Daar was geen byvoegings tot hieraan in die tydperk onder oorweging nie. Volgens die grondwet mag enigeen, onderhewig aan streng kriteria, 'n onafhanklike skool tot stand bring en op eie koste bedryf. Hierdie skole mag nie diskrimineer op grond van ras nie, moet 'n gehalte van onderwys handhaaf wat nie laer mag wees as dié van 'n soortgelyke openbare skool nie en moet by die WKOD geregistreer wees.

ST301	ONAFHANKLIKE SKOOLSUBSIDIES - Sleuteltendense	2005/06 Werklik	2006/07 Werklik	2007/08 DoeWit	2007/08 Werklik
<b>BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)</b>					
3.1 Prim�re fase		17 432	15 902	20 449	19 042
3.2 Sekond�re fase		15 013	18 357	19 092	20 671
<b>TOTAAL</b>		<b>32 445</b>	<b>34 259</b>	<b>39 541</b>	<b>39 713</b>
<b>BETALINGS VOLGENS EKONOMIESE KLASIFIKASIE (R'000)</b>					
Huidige betaling		-	-	-	-
Vergoeding van werkneemers		-	-	-	-
Goedere en dienste en ander bedryfstaste		-	-	-	-
Oopslasings en subsidies		32 445	34 259	39 541	39 713
Betalings vir Kapitaalbates		-	-	-	-
<b>TOTAAL</b>		<b>32 445</b>	<b>34 259</b>	<b>39 541</b>	<b>39 713</b>
<b>PERSONEELVOORSIENING</b>					
Getal opvoeders (openbaar in diens)		-	-	-	-
<b>INSKRYWING</b>					
Leerders in onafhanklike skole wat 'n subsidie ontvang		16 837	17 964	17 602	16 703
3.1 Prim�re fase		11 177	11 843	11 402	8 626
3.2 Sekond�re fase		5 660	6 121	6 200	8 077
Leerders in nie-gesubsidieerde onafhanklike skole					
Historiese data nie beskikbaar nie				doelwit gestel nie*	8 532
Graad 1 tot 7				doelwit gestel nie*	6 474
Graad 8 tot 12				doelwit gestel nie*	2 058
<b>TOTAAL (alle onafhanklike skolleerders)</b>		<b>16 837</b>	<b>17 964</b>	<b>17 602</b>	<b>25 235</b>

\*Die 2007/2008-doelwit vir Inkomste en Uitgawes is die Aansuiweringsbegrotingsyfer vir 2007/2008.

ST301 ONAFHANKLIKE SKOOLSUBSIDIES - Sleuteltendense (vervolg)		2005/06 Werklik	2006/07 Werklik	2007/08 Doelwit	2007/08 Werklik
<b>INSTELLINGS</b>					
Skole wat 'n subsidie ontvang		81	87	87	89
3.1 Primêre fase		60	65	65	57
3.2 Sekondêre fase		21	22	22	32
Skole wat nie 'n subsidie ontvang nie		104	118	118	129
<b>TOTAAL</b>		185	205	205	218
Gesubsidieerde skole wat gedurende die jaar vir moniteringsdoeleindes besoek is (b)		-	0	44	61
► <b>PRESTASIE/MAATREEËL</b>					
► PM301: Persentasie befondsde onafhanklike skole besoek vir moniteringsdoeleindes (b/a)		-	0.0%	50.6%	68.5%

\* Teen die tyd dat die Jaarlikse Prestasierplan (JPP) in Maart 2007 gefinaliseer is, kon sekere doelwitte vir die spesifieke statistiek wat gevys is, nie vasgestel word nie. Die definisies en formules is egter sedertdien gefinaliseer en derhalwe kan die werklike prestasie nou bepaal en bereken word.

#### Spesifieke uitdagings en reaksies en kwessies wat voortdurende aandag verg

**Uitdaging 1:** 'n Paar onafhanklike skole het besondere swak rekords in die sistemiese toetsing op graad 3- en 6-vlak en in graad 12. Daar is ook gereelde klagtes van leerlinge en ouers. Die WKOÖD moniteer hierdie skole om seker te maak dat hulle gehalte-onderwys voorsien.

**Reaksie:** Die deurset- en uitsetkoerse asook die resultate van onafhanklike skole wat 'n subsidie ontvang, word deeglik gemoniteer. Subsides sal dienoorseenkomstig aangepas word indien bevind word dat skole deurlopend swak resultate lewer.

## 9.4 Program 4: Openbare Spesialekoolonderwys

### Programdoelstelling

Om openbare onderwys in spesiale skole te voorsien in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse Skolewet van 1996 en Witskrif 6 oor Inklusiewe Onderwys.

Die Openbare Spesialekoolonderwysprogram bestaan uit die volgende subprogramme:

#### *Skole*

- om spesifieke openbare spesiale skole te voorsien van hulpbronne

#### *Professionele Dienste*

- om openbare spesiale skole te ondersteun

#### *Mensehulpbronontwikkeling*

- om voorsiening te maak vir die professionele ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders in openbare spesiale skole

### Meetbare doelwitte

Die volgende meetbare doelwitte (▲) en prestasiemaatreëls (►) het betrekking op Program 4: Openbare Spesialekoolonderwys:

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
Toegang	▲ Om toegang tot spesiale skole te voorsien in ooreenstemming met beleid en die beginsels van inklusiewe onderwys	► PM401: Persentasie van kinders met spesiale behoeftes van verpligte skoolgaande ouerdom wat nie ingeskryf is in onderwysinstellings nie

### Programbeleidsontwikkelings vir 2007/2008

'n Onderwysplan vir spesiale skole in die provinsie om toeganklikheid van leerders wat belemmeringe tot leer ervaar, te bevorder, is in die proses van finalisering.

'n Herverspreidingsmodel vir leerondersteunings-opvoedersposte is ontwikkel en in beginsel goedgekeur vir implementering met ingang van 2008/2009. Die fokus van die model is om 'n billike verspreiding van poste onder die distrikte te faciliteer vir die verskaffing van leerondersteuning aan hoofstroomskole.

ST401	OPENBARE SPESIALESKOOLONDERWYS - Sleuteltendense	2005/06 Werklik	2006/07 Werklik	2007/08 Doelwit	2007/08 Werklik
<b>BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)*</b>					
4.1 Skole	366,447	389,112	423,844	434,279	
4.2 Professionele dienste	0	0	1	1	46
4.3 Menselikhedenontwikkeling	0	0	1	1	0
<b>TOTAAL</b>	<b>366,447</b>	<b>389,112</b>	<b>423,846</b>	<b>434,325</b>	
<b>BETALINGS VOLGENS EKONOMIESE KLASIFIKASIE (R'000)*</b>					
Huidige betaling	294,556	312,419	344,380	354,586	
Vergoeding van werkneemers	291,577	307,469	339,364	349,223	
Opvoeders	224,513	236,750	261,309	276,235	
Nie-opvoeders	67,064	70,719	78,055	72,988	
Goedere en dienste en ander bedryfstasle	2,979	4,950	5,016	5,363	
Oorplasings en subsidies	71,735	76,489	79,466	79,739	
Betulings vir kapitaalbates	156	204	0	0	
<b>TOTAAL</b>	<b>366,447</b>	<b>389,112</b>	<b>423,846</b>	<b>434,325</b>	
<b>PERSONEELVOORSIENING</b>					
Getal opvoeders (openbaar in diens)	1 480	1 538	1 528	1 649	
Getal nie-opvoeders (openbaar in diens)	905	904	904	950	
<b>INSKRYWING</b>					
Tot en met graad 7	9 444	10 178	9 665	9 665	
Gradd 8 en hoër	4 411	5 586	5 430	6 050	
<b>INSTELLINGS EN INFRASTRUKTUUR</b>					
Skole	70	70	67	72	
<b>► PRESTASIEMAATREËLS</b>					
► PM401: Persentasie van kinders met spesiale behoeftes van verpligte skoolgaande ouderdom wat nie ingeskryf is in onderwysinstellings nie	Historiese data nie beskikbaar nie	23,2%	2%*	6,2%*	
<b>Bron:</b> * StatsSA 2006 Algemene Huishoudelike Opname - Dit is die persentasie van gestremde kinders van verpligte skoolgaande ouderdom (7 - 14 jaar oud) wat nie in enige onderwysinstelling ingeskryf is nie, in vergelyking met die totale getal gestremde kinders van verpligte skoolgaande ouderdom in die provinsie. Voorheen is die getal gestremde kinders van verpligte skoolgaande ouderdom nie ingeskryf in enige onderwysinstelling nie vergelyk met die totale getal van alle kinders wat ingeskryf is in openbare spesiale skole alleen.					
*Die 2007/2008-doelwit vir Inkomste en Uitgawes is die Aansuiweringsbegrotingsyfier vir 2007/2008					

## Openbare Spesialeeskoolonderwys: Prestasiemaatreëls

► PM401: Persentasie van kinders met spesiale behoeftes van 6 - 15 jaar oud nie ingeskryf is in onderwysinstellings nie  
Teiken is oortref in die lig van die 310 leerders wat geakkommodeer is vergeleke by die teiken van 30 leerders.

### Sleutelprioriteite gestel in JPP 2007/2008

Prioriteit	Vordering
Om vir alle kinders wat in die provinsie woon, toegang tot gehalte-onderwys te verseker	<p>Die voorsiening van leerondersteuningsopvoedersposte is verhoog met 50 bykomende poste uit 'n totaal van 500 poste. 'n Herverspreidingsmodel is ontwikkel om 'n billike verspreiding van poste tussen die distrikte te verseker. Die implementering van hierdie model word vir 2008/2009 in die vooruitsig gestel.</p> <p>Twee nuwe vaardigheidskole, die Mitchells Plain-vaardigheidskool en Siviwe-vaardigheidskool, is tot stand gebring om so meer plek in te ruim vir leerders met ligte intellektuele leerhindernisse. Ruimte vir 300 addisionele leerders is so voorsien.</p> <p>Die Nasionale Strategie vir Siftingsidentifikasie-assessering en -Ondersteuning (SIAO), soos goedgekeur deur HODKOM, is 'n reaksie op die mandaat verleen in Onderwyswitskrif 6 dat dit een van die sleutelhefbome vir die vestiging van 'n inklusiewe onderwys- en opleidingstelsel is om die proses van identifisering, assessering en verwysing van leerders reg te stel, en dit is ook erkenning van die sentrale rol gespeel deur opvoeders en ouers (Onderwyswitskrif 6, bl.7). Die SIAO-proses is derhalwe bedoel om assessering moontlik te maak van die vlak en omvang van ondersteuning wat nodig is om leerders se deelname aan die leerproses te maksimeer. Die vermoëbouprogram oor hierdie strategie is gefinaliseer vir implementering in 2008/2009.</p> <p>310 leerders van skoolgaande ouderdom wat leerhindernisse ervaar en wat nie voorheen ingeskryf is by 'n onderwysinstelling nie, is gedurende 2007/2008 toegelaat tot spesiale skole.</p>
Om doeltreffende bestuur en beheer op alle leerterreine en ondersteuningstrukture te verseker	Ontwikkelingsgehalteversekeringsassesserings in terme van die minimumstandaarde vir spesiale-onderwysdienste vir leerders wat emosionele en/of gedragsprobleme toon of gevaar loop om dit te ervaar, is by jeugsentrum uitgevoer. Aanbevelings vir skolverbeteringsplanne is aan jeugsentrum voorgelê vir implementering vanaf 2008.
Om opvoeders toe te rus en te ondersteun in hul pogings om effektiewe onderwys te verskaf	<p>Spesiale skole se opvoeders wat verteenwoordigend is van bestuursvlak, die stigting, AOO, en VOO-fases is toegerus om die NKV in die klaskamer te implementeer, en distriksgebaseerde ondersteuningsspanne (DGOS'e) van alle distrikte is toegerus om ondersteuning te verleen aan spesiale skole. Vermoëbou van alle opvoeders by spesiale skole vorm deel van die versterking van die spesialeeskoleprogram en duur voort.</p> <p>Die strategie vir die aanmoediging van positiewe gedrag in skole sluit vaardigheidsopleiding in om opvoeders toe te rus om op 'n toepaslike manier op uitdagende gedrag te reageer. Vaardigheidsopleiding wat gefokus is op herstellende kommunikasievaardighede, ontwikkelings-assessering van gekwelde leerders, dwelmmisbruikberading, en werk met onvanpaste seksuelle gedrag. Meer faciliteerders van jeugontwikkelingsprogramme (dit wil sê Kartering van die Toekoms en Dwelminligtingsprogram) is opgelei. 'n Program oor Waardesonderwys as 'n manier om karakter te bou, is ingestel en opvoeders van jeugsentrum is opgelei. Die ont-plooiling van hierdie program word vir 2008/2009 in die vooruitsig gestel.</p> <p>Verhoging van die waarde van die bydrae gemaak deur verpleegsters en terapeute by openbare spesiale skole om leerderontgang tot die kurrikulum te fasilitateer was die tema van die eerste konferensie vir terapeute en verpleegpersoneel. Alle toepaslike personeeldele het hierdie konferensie bygewoon. In die lig van die groot sukses van hierdie onderneming sal hierdie konferensie jaarliks aangebied word.</p>

### Spesifieke uitdagings en reaksies

Uitdaging 1: Die huidige bevoorrading in die spesialeeskoolsektor is ontoereikend om die groot getal leerders te akommodeer wat na spesiale skole verwys is omdat hulle hindernisse met leer ervaar. Dit bring mee dat daar waglyste by die bestaande spesiale skole ontstaan.

Reaksie: Die beoogde rationalisasie van spesiale skole moet 'n doelwit wees om dienslewering en toeganklikheid te verbeter ten einde meer leerders te akommodeer. Alhoewel die beskikbaarheid van voldoende befondsing en bykomende KS-opvoederposte vir die uitbreiding van die vermoë van spesiale skole oor die kort termyn 'n uitdaging is, sal daar oor die medium tot lang termyn oor moontlike oplossings vir hierdie probleem besin word.

## Aangeleenthede wat voortdurende aandag verg

Die verbetering van leerderdissipline in skole bly 'n uitdaging waarvoor 'n gestruktureerde en gekoördineerde benadering nodig is om doeltreffend te kan wees. Die WKOD-strategie vir die aanmoediging van positiewe gedrag bied die teoretiese raamwerk en operasionele riglyne vir hierdie doel. Sukses op hierdie terrein bly egter grootliks afhanklik van 'n denkverskuiwing, waardeur opvoederdenke verskuif word van straf- en dwangbenaderings na die skepping van herstellende of hervormende omgewings. Vermoeëbou en opleiding van opvoeders in herstelprogramme en vaardighede om met gekwelde leerders te werk gaan derhalwe voort ten einde dissipline te verbeter en hervormende omgewings in skole te skep. Die *Circle of Courage Philosophy* is die hoeksteen vir die transformering van denke op die gebied van die Onderwys, met begrip vir gekwelde gedrag vanuit 'n sterkte-gebaseerde perspektief, en reagering op hierdie uitdagings op 'n herstellende manier. Opleidingsprogramme is gebaseer op die universele waardes van die *Circle of Courage Philosophy* wat noodsaaklik is vir voorsiening in die ontwikkelingsbehoeftes van leerders deur die skepping van 'n kultuur van onderrig en leer wat positiewe sosialisering, akademiese voortreflikheid, verantwoordelike burgerskap, en gesonde en sorgsame lewenstyle bevorder. Die uitdaging vir die nuwe fase sal wees om werk te maak van die toeganklikheid van opvoeders in die klaskamer ten einde hulle te bemagtig wat betrek die nuwe manier waarop gekwelde leerders beskou en benader word. Die reaksie van ondersteuningspersoneel en opvoeders op distriksvlak en skoolvlak op die herstelvaardigheidsopleidingsprogramme was baie positief soos weerspieël in die getal (467) opvoeders wat gedurende 2007/2008 opgelei is.

Die Nasionale Strategie vir Siftingsidentifikasie-assessering en ondersteuning (SIAO) dien om

- 'n strategiese beleidsraamwerk te bied vir sifting, identifikasie, assessering en ondersteuning van alle leerders wat leer- en ontwikkelingsversperrings in die onderwysstelsel ervaar;
- die Nasionale Kurrikulumverklaring en gepaardgaande assessoringsprosesse aan te vul en uit te brei om bykomende steun aan leerders te bied waar nodig, asook aan skole;
- 'n proses van identifisering van individuele leerderbehoeftes in hooftrekke uiteen te sit met betrekking tot die huis- en skoolkonteks om die vlak en omvang van bykomende steun wat nodig is te bepaal;
- 'n proses vir die verkryging van toegang tot en voorsiening van steun op verskillende vlakke te omlyn;
- aan die huidige uitdagings aandag te skenk, dit wil sê 'n steeds toenemende getal leerders wat na spesiale skole verwys word van hul plaaslike hoofstroomskole waar bykomende ondersteuning nie beskikbaar is nie, die behoeft aan eenvormige en bestendige procedures vir assessering, identifikasie en verwysing van leerders, die behoeft aan opsporing en opvolging sodra behoeftes geïdentifiseer is, interdepartemente en intersektorale koördinering vanveral vroeë-intervensiedienste, die betrokkenheid van onderwysers, ouers en leerders in die assessoringsproses en assessoringspraktyke wat die aard en vlak van steun wat nodig is, omlyn. Die vermoëbouprogram van alle opvoeders sal 'n voortgaande proses wees.

Ontwikkeling met betrekking tot die voorsiening van onderwys aan leerders wat lige intellektuele versperrings in die pad van leer ervaar met die oog daarop om toegang tot die kurrikulum te faciliteer, en die aansprek van die skooluitsakprobleem, het steeds voortdurende aandag nodig. Die totstandbrenging van nuwe vaardigheidsskole het 'n mate van verligting gebring met betrekking tot die waglyste by vaardigheidsskole, maar heelwat meer vermoë is nodig om aan die behoeft aandag te gee.

Leerders wat ernstige emosionele, gedrags- en psigiatriese leerversperrings manifesteer, kan nie by die bestaande spesiale skole en ook nie by jeugsentrums geakkommodeer word nie. Hierdie opvoedkundige instellings het nie die vermoë om die intensieve vlak van steun en behandeling wat vereis word, te voorsien nie. Die diensleweringmodelle van die Departemente van Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkeling is eweneens ontoereikend om hierdie gespesialiseerde dienste te verskaf. As gevolg daarvan kan hierdie ongelukkige leerders nie doeltreffend toegang verkry tot die kurrikulum nie, en ook nie geskikte sorg- en terapeutiese programme vind nie. Sommige leerders bots met die geregtigheid as gevolg van die gebrek aan dienste en word in die proses gekriminaliseer en dan ingevolge die Wet op Kindersorg van 1983 en die Strafproseswet van 1977 na jeugsentrums en spesiale jeugsentrums onderskeidelik verwys. Besprekings met die betrokke susterdepartemente om hierdie gaping in dienslewering aan te spreek is geïnisieer, maar uitdagings in verband met interdepartemente samewerking stel vordering in dié oopsig in gevaar.

## 9.5 Program 5: Verdere Onderwys en Opleiding

### Programdoelstelling

Om VOO by openbare VOO-kolleges te voorsien in ooreenstemming met die Wet op Verdere Onderwys en Opleiding van 1998

Die VOO-program behels die volgende subprogramme:

#### *Openbare Instellings*

- om spesifieke openbare VOO-kolleges te voorsien van hulpbronne

#### *Professionele Dienste*

- om openbare VOO-kolleges te ondersteun

#### *Mensehulpbronontwikkeling*

- om voorsiening te maak vir die professionele ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders in openbare VOO-kolleges

#### *Voorwaardelike Toekenning*

- om voorsiening te maak vir die herkapitalisering in openbare VOO-kolleges

### Meetbare doelwitte

Die volgende meetbare doelwitte (▲) en prestasiemaatreëls (►) het betrekking op Program 5: Verdere Onderwys en Opleiding:

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
Toegang	▲ Om die VOO-kollegesektor uit te brei met die oog op die ekonomiese en maatskaplike behoeftes van die land.	► PM501: Percentasie VOO-kollegestudente in verhouding tot die jeug in die provinsie ► PPM501: Getal studielengs/beurse toegeken aan studente by VOO-kolleges.
Billikheid	▲ Om die deelname van histories gemarginaliseerde groepe aan openbare VOO-instellings te bevorder.	► PM502: Percentasie vroulike studente wat in tegniese rigtings is
Uitset	▲ Om die sukseskoers in die VOO-kollegesektor te verbeter.	► PM503: VOO-kollege-deursetkoers
Gehalte	▲ Om relevante en responsiewe VOO-leergeleenthede van gehalte te voorsien.	► PM504: Percentasie leerders wat deur middel van VOO-kolleges in leerderskappe geplaas is

### Programbeleidsontwikkeling gedurende 2007/2008

\* Implementering van Nasionale Sertifikaat (Beroepsgerig) (NSB) (vlak 2).

\* Befondsingsformule vir VOO-kolleges nie gefinaliseer vir implementering nie.

\* Instelling van opgehoorte geldte vir alle NSB-kursusse.

\* Toepassing van Wet op VOO-kolleges (2006).

ST501	VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING - Sleuteltendense	2005/06 Werklik	2006/07 Werklik	2007/08 Doelwit	2007/08 Werklik
<b>BETALINGS VOLGENS EKONOMIESE KLASIFIKASIE (R'000)*</b>					
5.1 Openbare instellings	168,186	201,048	229,635	237,228	
5.2 Professionele dienste	0	0	1	0	0
5.3 Menseluhpbronontwikkeling	0	0	1	0	0
5.4 Voorwaardeelike toekennings	0	70,000	80,000	80,000	
<b>TOTAAL</b>	<b>168,186</b>	<b>271,048</b>	<b>309,637</b>	<b>317,228</b>	
<b>BETALINGS VOLGENS EKONOMIESE KLASIFIKASIE (R'000)*</b>					
Huidige betaling	133,538	140,010	159,218	169,049	
Vergoeding van werkneemers	133,538	139,993	159,218	169,049	
Opvoeders	110,618	116,194	132,151	142,508	
Nie-opvoeders	22,920	23,799	27,067	26,541	
Goedere en diensle en ander bedryfslaste	0	17	0	0	0
Oorplasings en subsidies	34,648	131,038	150,419	148,179	
Betalings vir kapitaalbates	0	0	0	0	0
<b>TOTAAL</b>	<b>168,186</b>	<b>271,048</b>	<b>309,637</b>	<b>317,228</b>	
<b>PERSONEELVOORSIENING</b>					
Opvoeders	1 040	1 062	1 120	1 176	
In poste	776	767	890	885	
Aangestel deur kollege	264	295	230	291	
Nie-opvoeders	858	815	813	945	
In poste	253	245	243	234	
Aangestel deur kollege	605	570	570	711	

\*Die 2007/2008-doelwit vir Uitgawes is die Aansuiweringsbegrotingsyfier vir 2007/2008.

ST501   VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING – Sleuteltendense (vervolg)		2005/06 Werklik		2006/07 Werklik		2007/08 Doelwit		2007/08 Werklik	
<b>INSKRYWING</b>									
Voltydse ekwivalente studente		21 000		21 323		25 000		23 945	
Studente (koppetellery) (a)		44 296		44 960		60 000		54 721	
van wie vroulike persone		16 390		19 151		22 000		22 737	
van wie vroulike persone in tegniese rigtings (b)		6 684		7 605		8 653		2 321	
Studente wat programme gedurende die jaar met sukses voltooi (c)		31 007		32 000		49 000		38 304	
<b>STATISTIEK OOR LEERDERSKAPPE</b>									
Aktiewe leerderskapooreenkoms in die provinsie (d)		Historiese data nie beskikbaar nie		Doelwit gestel nie**		1 582			
Getal ooreenkomslede waarby VOO-kolleges as verskaffer betrokke is (e)								4 500	
<b>► PRESTASIEMAATREËLS</b>									
► PM501: Persentasie VOO-studente in verhouding tot die jeug in die provinsie		17.9%*		21.4%*		23.4%*		2.1%*	
► PM502: Persentasie vroulike studente wat in tegniese rigtings is (b/a)		41%		40%		39%		10%	
► PM503: VOO-kollege-deursetkoers (c/a)		70.0%		71.2%		81.7%		70.0%	
► PM504: Persentasie leerders wat deur middel van VOO-kolleges in leerderskappe geplaas is (e/d)		Historiese data nie beskikbaar nie		Doelwit gestel nie**		23%			
► PPM501: Getal studielerings/beurse toegeken aan studente by VOO-kolleges.		3 251		2 885		3 545		3 533	
Let wel: * StatsSA 2006 Algemene Huishoudelike Oprname - Dit is die persentasie 16- tot 18-jariges wat VOO-kolleges besoek vergeleke by die totale aantal 16- tot 18-jariges in die provinsie. Voorheen is die totale getal ingeskreve studente ingesluit as 'n persentasie van die totale populasie van 15- tot 17-jariges.									
** Teen die tyd dat die Jaartlike Prestasiplaan (JPP) in Maart 2007 gefinaliseer is, kon sekere doelwitte vir die spesifieke prestasiemaatreëls wat gelys is, vasgestel word. Die definisies en formules is egter sedertdien gefinaliseer en derhalwe kan die werklike prestatie nou bepaal en bereken word.									

## Verdere Onderwys en Opleiding: Prestasiemaatreëls

### ► PM501: Persentasie VOO-studente in verhouding tot die jeug in die provinsie

Teiken nie gehaal nie. Die instelling van die NSB het 'n mate van onsekerheid in die sektor gebring. Dit moet altyd te wagte wees met kurrikulumverandering. Daar is 'n gretigheid om te sien hoe die "mark" die NSB gaan ontvang. Hierdie evaluering kan net die beste gedoen word sodra leerders vlak 4 voltooi het. Tans het ons vlak 2 en 3 in die stelsel. Die ander been van lewering by VOO-kolleges, naamlik Beroepskwalifikasies, word gedoen in vennootskap met SOOO's en is stewig en gewild in hierdie provinsie.

### ► PM502: Persentasie vroulike studente wat in tegniese rigtings is (b/a)

Teiken nie gehaal nie. Dit word geleidelik populêr vir vroulike studente om hulle te begewe in ingenieurstudierigtings. Die getalle is nog laag, hoewel vroulike leerders in die algemeen in die meerderheid by kolleges is. "Sagte vaardighede" bly nog steeds die grootste aantrekingskrag vir vroulike leerders by kolleges.

### ► PM503: VOO-kollege-deursetkoers (c/a)

Teiken nie gehaal nie. Soos vroeër genoem, het die NSB in 2007 'n nuwe kurrikulum by VOO-kolleges ingelei. Voltooiing en volle kwalifikasiebehaling sal opvlak 4 wees, alhoewel daar op enige vlak, hetsy 2 of 3, onttrek kan word. Daar was talle uitdagings in die eerste jaar van implementering, maar korrektere werk het nou plaasgevind en ons sien uit na 'n beter prestasie in 2008 en 2009.

### ► PM504: Persentasie leerders wat deur middel van VOO-kolleges in leerderskappe geplaas is (e/d)

Teiken nie gehaal nie. Dit was een van die VOO-kolleges se sterkste presteergebiede. Die vennootskappe met SOOO's maak hierdie lewering kompleks maar interessant. Leerderskap 1000 het die eise wat op hierdie terrein aan VOO-kolleges gestel word, verhoog. Die uitdaging wat hierdie lewering bedreig, is die laksheid wat soms ervaar word by sekere nywerhede wat nie beskikbaar is vir die plasing van student nie. Soms kry selfs geplaasde studente nie die geleenthed om in die praktyk te doen waarvoor hulle opgelei is nie.

### ► PPM501: Getal studielengtes/beurse toegeken aan studente by VOO-kolleges. PM220: Slaagverhouding in graad 12 vir Wiskunde- en Wetenskap-eksamens

Teiken nie gehaal nie. Die *iKapa*-beurs het steeds 'n groot rol om te speel in die verlening van toegang tot beroepsonderwys in hierdie provinsie. Dit is veral die geval met vaardigheids- en beroepskwalifikasiekursusse. Hierdie fonds word ook gebruik om leerders te ondersteun wie se studiterrein geïdentifiseer is as 'n prioriteitsbehoefte in die provinsie.

## Sleutelprioriteite gestel in JPP 2007/2008

Prioriteit	Vordering
Om vir almal in die provinsie toegang tot gehalte-onderwys te verseker	Vordering: Alle VOO-kolleges het nou gehaltebestuurstelsels in plek. Elke kollege het 'n gehaltebestuurder wie se werk dit is om seker te maak dat hierdie stelsels geïmplementeer word. Ons is in ons kinderskoene in hierdie verband, maar ons stel ons daarop in om te voldoen aan internasionale standarde. Dit is werk waarmee gevorder word.
Om doeltreffende bestuur en beheer op alle leerterreine en ondersteuningstrukture te verseker	Vordering: By die meeste VOO-kolleges is die bestuurstruktuur in plek. Dit het bestendigheid teweeggebring en alle terreine van Institusionele Beheer en Bestuur is gedeek. Die bron van kommer hier is ontoereikende personeelvoorsiening waarmee VOO-kolleges te kampe het. Daar was nie altyd genoeg mense beskikbaar om 'n taak af te handel nie. Meer aandag moet gegee word aan die diensstaat van VOO-kolleges.
Om opvoeders toe te rus en te ondersteun in hul pogings om effektiewe onderwys te verskaf	Vordering: Wanneer 'n nuwe kurrikulum ingestel word, moet die personeel genoegsaam toegerus wees om dit te kan hanteer. Om hierdie rede bly personeelontwikkeling en vaardigheidsvernuwing by mense 'n deurlopende taak vir alle leerinstellings. Die uitdaging vir VOO-kolleges is kompleks omdat die toelatingsouderdom verlaag is deur graad 9 die toetredevereiste te maak.

## Spesifieke uitdagings en reaksies

**Uitdaging 1: NSB en befondsingsformule** Die instelling en implementering van die NSB sonder die finalisering van die befondsingsformule het 'n impak gehad op VOO-kolleges se finansiële gesondheid. Dit is vererger deur die implementering van opgehoopte gelde wat VOO-kolleges verhinder het van die vra van geld vir dienste gelewer (NSB).

Reaksie: Hierdie Provincie was in dialoog met die nasionale departement en die raad wat ontvang is, was dat die finansiële norme en standarde vir die NSB slegs riglyne was. Geen finaliteit is bereik nie en dit het steeds 'n negatiewe invloed op kollegebefondsing.

**Uitdaging 2: Personeeldiensstate** In die geskiedenis van hierdie organisasie was personeelvoorsiening aan VOO-kolleges nog altyd problematies. Dit het daartoe gelei dat die sektor nie toereikend van personeel voorsien is nie en dat VOO-kolleges self swaar gedra het aan personeelkoste. Met die nuwe Wet op VOO-kolleges gaan hierdie uitdaging ernstig raak.

Reaksie: Daar is nou 'n verstandhouding dat vir die eerste fase slegs huidige poste waarvoor begroot word, oorweeg sal word vir oorplasing van fondse na kolleges. Daar behoort voortdurend heroorweging van die kwessie van personeeldiensstate vir VOO-kolleges plaas te vind, anders word die risiko hoër in hierdie nuwe bedeling van kolleges. Dit kan ook beskou word as 'n begrotingsverwante uitdaging net soos met die NSB en die befondsingsformule.

## Aangeleenthede wat voortdurende aandag verg

Die groeikoers van voltydse ekwivalente (VTE's) in VOO-kolleges word slegs deur hulpbronne, byvoorbeeld personeel, toerusting, finansies, ens., gestrem. VOO-kolleges bied kursusse aan wat kan duur van 'n paar uur tot jare. Leerderinskrywing vind gevvolglik die hele jaar deur plaas. Geouditeerde VTE's vir die voorafgaande jaar is eers van April van die daaropvolgende jaar af beskikbaar, aangesien dit onderhewig is aan ingewikkeldere berekening en ouditering deur eksterne ouditeurs tesame met die finansiële state van die betrokke kollege.

Kolleges het leerdersteuneenhede tot stand gebring om die groot verskeidenheid van leerders met hul verskillende leeragtgronde en ervarings te akkommodeer en ondersteuning te bied. Die opsoring van leerders sal intern gedoen word om leerders te ondersteun met die kurrikulum en werkplasing.

Die geloofwaardigheid en waarde van kwalifikasies behaal by VOO-kolleges sal afhang van die kwaliteit van hul programmaanbieding. Kolleges sal gehaltebestuurstelsels ontwikkel en aanwend ten einde die gehalte van akademiese programme en nie-akademiese prosesse te meet en te verbeter.

## 9.6 Program 6: Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes

### Programdoelstelling

Om BOOV aan te bied in ooreenstemming met die Wet op Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes van 2000.

Die BOOV-program behels die volgende subprogramme:

#### *Subsidies aan Private Sentrums*

- om spesifieke private BOOV-terreine te ondersteun deur subsidies

#### *Professionele Dienste*

- om BOOV-terreine te ondersteun

#### *Mensehulpbronontwikkeling*

- om voorsiening te maak vir die professionele ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders by BOOV-terreine

### Meetbare doelstellings

Die volgende meetbare doelwitte (▲) en prestasiemaatreëls (►) het betrekking op Program 6: Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes:

	Meetbare doelstellings	Prestasiemaatreëls
Toegang	▲ Om te verseker dat volwassenes sonder basiese onderwys toegang verkry tot BOOV-sentrums.	► PM601: Persentasie BOOV-leerders in verhouding tot volwassenes in die provinsie

ST601	BASIESE ONDERWYS EN OPLEIDING VIR VOLWASSENES - Sleuteltendense	2005/06 Werklik	2006/07 Werklik	2007/08 Doelwit	2007/08 Werklik
<b>BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)</b>					
6.1 Subsidies aan private sentrusms	23,051	23,539	26,054		25,821
6.2 Professionele dienste	0	0	1		0
6.3 Menselikhulpbronontwikkeling	0	0	1		0
<b>TOTAAL</b>	<b>23,051</b>	<b>23,539</b>	<b>26,056</b>		<b>25,821</b>
<b>BETALINGS PER EKONOMIE KLASIFIKASIE (R'000)</b>					
Huidige betaling	5,850	6,163	7,272		6,585
Vergoeding van werknommers	5,432	5,916	6,994		6,524
Opvoeders	4,569	4,969	5,882		4,971
Nie-opvoeders	863	947	1,112		1,553
Goedere en dienste en ander bedryfslaste	418	247	278		61
Oorplasings en subsidies	17,201	17,376	18,784		19,236
Betalings vir kapitaalbates	0	0	0		0
<b>TOTAAL</b>	<b>23,051</b>	<b>23,539</b>	<b>26,056</b>		<b>25,821</b>
<b>PERSONEELVOORSIENING</b>					
Getal opvoeders (openbaar in diens)	3	4	4		4
Getal nie-opvoeders (openbaar in diens)	11	10	11		9
<b>INSKRYWING</b>					
AOO-vlak	16 975	15 529	19 600		16 612
VOO-vlak	17 668	22 110	20 400		23 405
<b>TOTAAL (a)</b>	<b>34 643</b>	<b>37 639</b>	<b>40 000</b>		<b>40 017</b>

ST601   BASIESE ONDERWYS EN OPLEIDING VIR VOLWASSENES - Sleuteltendense (vervolg)						
		2005/06 Werklik	2006/07 Werklik	2007/08 Doelwit	2007/08 Werklik	
<b>POPULASIE</b>						
Populasie in ouderdomsgroep 18 tot 60 (b)		2 718 151	2 767 069	2 821 443	2 821 443	
<b>INSTELLINGS</b>						
Gesubsidieerde sentrus		346	351	351	368	
<b>► PRESTASIE/MAATREËLS</b>						
► PM601: Persentasie BOOV-leerders in verhouding tot volwassenes in die provinsie (a/b)		1.3%*		1.4%*	1.4%*	0.04%*

Bron: \*StatsSA 2006 Algemene Huishoudlike Ophame - Dit is die persentasie volwassenes in die provinsie wat kwalifiseer vir BOOV en daaroor deelneem vergeleke by die totale getal BOOV-kandidate in die provinsie. Voorheen is die totale getal ingeskreve BOOV-studente bereken as 'n persentasie van die totale populasie van 18- tot 60-jariges.

\*Die 2007/2008-doelwit vir Uitgawes is die Aansulweringsbegrotingsyfier vir 2007/2008

## .Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes : Prestasiemaatreëls

► PM601: Getal BOOV-leerders in verhouding tot volwassenes in die provinsie

Doelwit hiervoor bereik. Die formule gebruik is gewysig, maar die prestasie self is in die kol.

### SLEUTELPRIORITEITE GESTEL IN JPP 2007/2008

PRIORITEIT	VORDERING
2 500 nuwe leerders per jaar wat toegang tot BOOV verkry	Na die opstelling van 'n bemarkingsplan het die BOOV-subdirektaat in Julie 2007 'n bemarkingsveldtog onderneem. Die mikpunt met die strategie is groter bewusheid van hierdie belangrike diens (Gesinsgeletterdheid- en BOOV-sentrums in sowel interne (WKOD) as eksterne teikenmarkte). In ooreenstemming met sy veldtog het die subdirektaat sy BOOV-brosjure gedruk en bygewerk, terwyl 'n kwartaallike BOOV-nuusbrief, <i>BOOV-nuus</i> , op 25 Augustus 2007 die eerste lig gesien het. Inligtingsvoupakke is ook gedruk. 7 reklameborde vir die gebiede Langa, Khayelitsha, Mosselbaai en Kruispad is ook opgerig.
Doelgedrewe, gemodulariseerde BOOV-vlak 1-, 2- en 3-kurrikulumbestaande uit twee programmaanbiedinge, naamlik syfervaardigheid en geletterdheid aan-gebied in alle gemeenskapsleersentrums	Lesplanvoorbeelde vir BOOV-vlak 1-2-geletterdheid en -syfervaardigheid is ontwikkel en in distrikte versprei. BOOV-vlak 3-leerpadopvoedergidse gestuur aan alle sentrums. Distriksmoderering voltooi tot gehalteversekeringsvordering in BOOV-vlak1-3. Bywerking op die vlak 1-3-eenheidstandaarde het begin om ooreenstemming met die gewysigde SAKO-geletterdheid- en –syfervaardigheid-standaarde te verseker.
'n Fokus op die elekttiewe op BOOV-vlak 4, dit wil sê Aanvullende Gesondheidsorg, Wiskunde, Weten-skap en Tegnologie	Hersiene eenheidstandaarde geredigeer en vertaal vir al die elekttiewe leerareas. Opleiding van 42 tegnologie- en 55 toerisme-opvoeders is voltooi. Opleiding van 63 distrikskurrikulumadviseurs is gedoen in Metrol-Noord, -Oos en Weskus-Wynland.
Vlak 4-sentrums wat 'n seleksie leerareas aanbied wat lei tot 'n doelgerigte AOOS-kwalifikasie vir die leerder in die konteks van die gemeenskap	'n Suksesvolle BOOV-vlak 4-eksamen het in Oktober plaasgevind. 1 896 leerders het deelgeneem aan hierdie eksterne assessoringsproses. 62 leerders het 'n Algemene Onderwys- en Opleidingsertifikaat verwerf. Junie BOOV-vlak 4-assessering: 53 GLS'e en 2 592 leerders geregistreer vir die Junie 2007-eksamens. Die bywoningskoers was 50,81% vergeleke by 60% in Junie 2006. Die jaar 2007 is gekenmerk deur 'n belangrike verbetering in die BOOV-vlak 4-resultate vir die meeste leerareas en positiewe vordering is gemaak in die vaslegging van die verhouding tussen VOO-kolleges en die Onderwys- en Opleiding-sektor vir Volwassenes (OOV-sektor).
Verskaffing van fisiese en finansiële hulpbronne om die BOOV-kurrikulum te ondersteun	Die Subdirektaat het befondsing van Norme en Standaarde (2007/2008) van R23,9 miljoen verwerk, waardeur finansiële steun in die vorm van oorplasingsbetalings aan 134 GLS'e voorsien is. Die meeste OBOS'e het berig oor 'n toename in die getal GLS-terreine gedurende die eerste semester, veral in Sentraal met 4 nuwe terreine. 'n Toename in leerderinskrywing is ervaar in Sentraal-OBOS (teiken: 885, werklik: 1 466) en Suid-Kaap en Karoo (teiken: 400, werklik: 7 680). Nuwe terreine is vasgestel in Heideveld (1), Manenberg (1), Belhar (1), Elsiesrivier (1), Plettenbergbaai (1) en Weskus-Wynland-distrik. 27 sentrumbestuurder- en 47 tereinkoördineerder-kontrakposte in al 7 OBOS'e is deur die Subdirektaat verwerk.
Alle bestaande opvoeders moet geteikende opleiding ontvang en alle nuwe opvoeders moet oriëntering en opleiding ontvang.	Altesaam 412 nuwe en bestaande BOOV-vlak 4-opvoeders is in die tydperk Januarie tot Maart 2008 opgelei. Die opleiding het gefokus op BOOV-begrip van die veranderinge in die BOOV-vlak 4-eenheidstandaarde en die nasional ontwikkelde terreingbaseerde aktiwiteite.
Alle GLS-bestuurders wat toepaslike opleiding (tegniese vaardighede en persoonlike ontwikkelingsplanne) op 'n voortgaande basis ontvang	Beheerliggaamopleiding is uitgevoer in Oos, Overberg en Breërivier, Noord en Suid-Kaap en Karoo gedurende die tweede termyn. Daar is gefokus op die rolle en verantwoordelikhede van sentrumbeheerliggame. In die Noord-Metropoldistrik het opleiding gefokus op die rolle en verantwoordelikhede van sentrumbeheerlig-game, beleidsformulering en vergaderingsprocedure. In Weskus-Wynland-distrik: SAID, finansiëlebestuursopleiding, opleiding in Excel en Powerpoint. 14 uit 17 sentrums in hierdie distrik maak gebruik van hoofstroomskoolrekenaarlaboratoriums van die Khanya-projek. In die Oos-Metropoldistrik (32) en Suid-Kaap/Karoo (54) is beheerliggaamde op 9 Junie 2007 opgelei in die totstandbrenging van 'n beheerliggaam, samewerking as 'n span, beplanning en koördinering van die aktiwiteite van 'n beheerliggaam, ontwikkeling van beleid vir 'n gemeenskapsleersentrum, en die werkverhouding tussen 'n beheerliggaam en die gemeenskapsleersentrumpersoneel. 'n Jaarlikse distrikbespreking is van 21 tot 23 November 2007 in die Eden-Karoodistrik gehou.

## Sleutelprioriteite gestel in JPP 2007/2008

Prioriteit	Vordering
Toename in die getal vennootskappe met provinsiale en nasionale staatsdepartemente en die private sektor	<p>Om samewerking te verbeter tussen die WKOD en die NRO-sektor met betrekking tot BOOV het die Subdirektoraat in Mei 2007 'n memorandum van verstandhouding opgestel tussen die WKOD en die Leerforum vir Volwassenes. 627 leerders wat verskillende departemente (Vervoer en Openbare Werke; Gesondheid; Behuising; Metrorail; BWK-munisipaliteit; Maatskaplike Dienste; Gemeenskapsveiligheid; die Departement van die Premier; Tesourie; SANPARKE; Knysna-munisipaliteit; Landbou; Kultuursake; Omgewingsake en Toerisme; Kromme Rhee; Wetgewende Steunprogram; Kantoor van die Premier; Wes-Kaapse Kollege van Verpleging) verteenwoordig, ontvang tans onderrig by 'n BOOV-sentrum. 'n Bedrag van R1,9 miljoen sal deur hierdie vennootskappe vir ons GLS'e gegenereer word. Vergaderings van die provinsiale BOOV-raad is op 19 Februarie 2007, 24 Mei 2007 en 24 Januarie 2008 gehou.</p> <p>Geslaagde vieringe van die jaarlikse Week vir Volwasse Leerders is van 24 tot 26 Augustus 2007 op Saldanhabaai gehou. Aan hierdie geleentheid het 1 200 volwasse leerders van al 7 OBOS'e deelgeneem.</p> <p>Die Subdirektoraat het 'n Gesinsgeletterdheidstrategie vir die provinsie ontwikkel. Bespreking van hierdie strategie het plaasgevind met 'n verskeidenheid belanghebbendes, met inbegrip van OBOS- en Hoofkantooramptenare en die NRO-sektor. Hierdie strategie sal by 11 GLS'e geïmplementeer word wat geleë is in die nabijheid van skole in die Gesinsgeletterdheidonderwysassistentprojekskole en teken die ouers van leerders by hierdie skole. Die <i>Learning Cape</i>-inisiatief, wat geleë is by en gekoppel is aan die Departement van die Premier, is 'n sleutelvennoot in hierdie inisiatief.</p>
Integreer IKT by lewering van kurrikulum op BOOV-vlak 1 – 4	Die <i>Mediaworks</i> -aanvoorprojek by 7 sentrums vorder goed en opleiding van opvoeders oor die integrasie van IKT in die kurrikulum is gehou by al 7 aanvoorterreine.
Verbeterde monitering van leerderinskrywing/-behoud op distriksvlak	40 017 leerders is in 2007/2008 bereik. Hierdie inligting is verkry deur die Jaarlikse Oorsigproses wat gedurende Mei 2007 plaasgevind het. Leerders van die Departement van Korrektiewe Dienste is ongeveer 1 000, terwyl daar 627 vennootskapsleerders was.
Vermeerdering van die getal leerderskappe aangebied in areas geïdentifiseer deur die MEOS Verbetering van deurset en voltooiingskoerse deur die aanbieding van vaardigheidsgebaseerde en behoeftegedreve programme	75 werklose en halfgeëmplo耶erde gemeenskapslede is deur NKR-vlak 5-BOOV-praktisysleerderskappe geplaas. Die leerderskap word oor 'n tydperk van 24 maande in sewe opleidingsblokke van vyf dae elk geïmplementeer.
Aanwending van plasingsinstrumente (Plasingsinstrumente word gebruik om te verseker dat leerders korrek geplaas word wanneer hulle vir 'n BOOV-kursus regstreer)	Geen bygewerkte instrumente is van die DvO ontvang nie. Monitering van plasingsprosedures is uitgevoer in Suid, Oos en Weskus-Wynland.

### Spesifieke uitdagings en reaksies

#### **Uitdaging 1: Die vertraging in befondsing van Norme en Standaarde vir OOV wat die volgende tot gevolg gehad het: Afwesigheid van 'n eenvormige befondingsmodel vir OOV-sentrums;**

- OOV-sentrums reageer vanweé 'n tekort aan hulpbronne nie toereikend op gemeenskapsbehoeftes nie.

Reaksie: Die WKOD het die Nasionale Departement gereeld versoek om hierdie saak te finaliseer deur strukture soos die Raad van Onderwysministers, HODKOM en die Nasionale Koördinerende Komitee vir OOV. Bykomende befondsing vir OOV-sentrums is bekom deur vennootskappe met provinsiale departemente, openbare entiteite en die nywerheid. Belangriker nog was dat die norme op 14 Desember 2007 afgekondig is. Voorts het huidige WKOD-beleid/-prakteke heelwat van die inhoud van hierdie regulasies beïnvloed.

#### **Uitdaging 2: Tekort aan OOV-personeel om steun aan GLS'e te verleen met kurrikulum, asook bestuur en beheer**

Reaksie: Die herontwerpproses maak voorsiening vir 'n OOV-adviseur vir Kurrikulum en Inrigtingsbestuur en Beheer onderskeidelik. 'n OOV-subdirektoraat sal by die hoofkantoor ingestel word.

## **Sake wat deurlopend aandag vereis**

Die einde van Verslag 550 vir Graad 12's en die verskuiwing na die Verdere Onderwys- en Opleidingsertifikaat (VOOS) in graad 12 in 2008 plaas GLS'e en volwasse leerders voor 'n groot uitdaging. Gedurende die verslagtydperk is 'n aantal belangrike hale gegee om toegang te verkry tot alternatiewe vaardigheidsgebaseerde VOO-programme. 'n Venootskap tussen *Northlink College* en die GLS'e in Metropool-Noord dra vrugte.

Die meerderheid leerders behaal die vereiste krediete oor 'n tydperk van ten minste twee tot drie jaar. Sodra 'n leerder die vereiste 120 krediete verwerf, kan 'n AOOS deur *UMALUSI* uitgereik word. Gevolglik is die getalle AOOS'e wat uitgereik word (werklike prestasie) betreklik laag vergeleke by die doelwit wat gestel is. Voorts is leerareaasertifikate uitgereik toe leerders 'n leerarea met welslae voltooi het.

Om die gehalte van voorsiening van onderwys aan volwassenes en toepaslike modelle vir onderrig en kurrikulumbestuur by GLS'e te verbeter, sal die bevindings van die uitvoerbaarheidstudie dien as 'n basis vir enige intervensie. Daarbenewens sal 'n opleidings- en ontwikkelingsmodel vir personeel by BOOV-sentrum tot stand gebring en in werking gestel word. Die model sal verseker dat alle bestaande opvoeders getekende opleiding ontvang en alle nuwe opvoeders oriëntering en opleiding en ontwikkeling ontvang.

## 9.7 Program 7: Vroeëkinderontwikkeling

### Programdoelstelling

Om VKO te voorsien op graad R- en vroeërvlakte in ooreenstemming met Witskrif 5.

Die VKO-program behels die volgende subprogramme:

*Graad R in Openbare Skole*

- om spesifieke openbare gewone skole te voorsien van hulbronne vereis vir graad R
- Graad R in Gemeenskapsentrum*s

- om bepaalde gemeenskapsentrum op graad R-vlak te ondersteun

*Professionele Dienste*

- om VKO-terreine te ondersteun

*Mensehulpbronontwikkeling*

- om voorsiening te maak vir die professionele ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders by VKO-terreine

### Meetbare doelstellings

Die volgende meetbare doelwitte (▲) en prestasiemaatreëls (►) het betrekking op Program 7: Vroeëkinderontwikkeling:

	Meetbare doelstellings	Prestasiemaatreëls
Toegang	▲ Om openbaar befondsde graad R in ooreenstemming met beleid te voorsien	► PM701: Persentasie leerders in openbaar befondsde graad R

<b>ST701</b>	<b>Vroeëkinderontwikkeling - Sleuteltendense</b>					
		2005/06 Werklik	2006/07 Werklik	2007/08 Doelwit	2007/08 Werklik	
<b>BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)*</b>						
7.1 Graad R in openbare skole	57,829	66,902	54,908	70,382		
7.2 Graad R in gemeenskapsentrum	16,648	23,293	67,741	29,399		
7.3 Professionele dienste	0	0	1	0		
7.4 Mensenhulpbronontwikkeling	0	0	42,154	42,478		
7.5 Voonwaardelike toekennings	0	0	0	0		
<b>TOTAAL</b>	<b>74,477</b>	<b>90,195</b>	<b>164,804</b>	<b>142,259</b>		
<b>BETALINGS PER EKONOMIESE KLASIFIKASIE (R'000)*</b>						
Huidige betaling	44,764	44,411	95,974	99,794		
Vergoeding van werkneemers	43,829	44,390	69,158	69,649		
Opvoeders	43,829	44,390	69,158	69,649		
Nie-opvoeders	0	0	0	0		
Goedere en dienste en ander bedryfslaste	935	21	26,816	30,145		
Oorplasings en subsidies	29,713	45,784	68,830	42,465		
Betalings vir kapitaalbates	0	0	0	0		
<b>TOTAAL</b>	<b>74,477</b>	<b>90,195</b>	<b>164,804</b>	<b>142,259</b>		
<b>PERSONEELVOORSIENING</b>						
Getal opvoeders (openbaar in diens)	299	295	289	278		
Getal nie-opvoeders (openbaar in diens)	-	-	-	-		
<b>INSKRIVWINGS (SLEGS OPENBAAR BEFONDS)</b>						
Graad R in openbare skole* (a)	31,505	31,916	38 000	32 428		
Graad R in gemeenskapsentrum (b)	28,000	30,000	32 000	24 899		
Voor-graad R in openbare skole*	2,481	1,356	2 102	1 375		
Voor-graad R in gemeenskapsentrum						
<b>TOTAAL</b>	<b>61 986</b>	<b>63 272</b>	<b>72 102</b>	<b>58 702</b>		
<b>POPULASIE</b>						
Populasie van 5 jaar (c)	89 423	90 975	91 757	91 757		
<b>► PRESTASIEMAATREEËLS</b>						
► PM701: Persentasie leerders in openbaar befondsde graad R ((a+b)/c)	66,5%	68,1%	76,3%	62,5%		

\*Die 2007/2008-doelwit vir Utigawes is die Aanswiweringsbegrotingsyster vir 2007/2008.

## Vroeëkinderontwikkeling: Prestasiemaatstawwe

### ► PM 701: Persentasie leerders in openbaar befondsde Graad R

Die mikpunt is weens die volgende redes nie gehaal nie: Die getal graad R-leerders in openbare skole het nie volgens aanvanklike aannames toegeneem nie hoofsaaklik weens die gewysigde graad 1-toelatingsbeleid. Toegang tot baie landelike en afgeleë sentra bly steeds 'n uitdaging vir Distrikte. Dit belemmer ook die insameling van akkurate data rakende graad R in Gemeenskapsentrumms aangesien baie van hierdie sentra in informele nedersettings is en nie oor akkurate of geldige pos-/fisiiese adresse beskik waar opnamevorms afgelewer kan word nie. Lae geletterdheidsvlakte werk ook stremmend in op die invul en terugstuur van vorms.

### SLEUTELPRIORITEITE SOOS IN JPP 2007/8 GESTEL

PRIORITEIT	VORDERING
Om toegang tot gehalte-onderwys te verseker vir alle kinders wat in die provinsie woon.	1804 geregistreerde sentra.
Om doeltreffende beheer en bestuur by alle leersentra en ondersteunende strukture te verseker.	Kurrikulumadviseurs en Kringbestuurders voer sentrumbesoek uit.
Om opvoeders toe te rus om doeltreffende onderwys te bied en hul pogings in hierdie verband te ondersteun.	Indiensopleiding word deur Kurrikulumadviseurs aangebied.
Om bykomende leerders te werf en om vroeëkinderontwikkeling te bevorder, veral in landelike en armgebiede.	4000 plakkate wat Vroeë Registrasie bepleit, is oral in die Wes-Kaap versprei.
Om klasse in openbare skole te begin waar daar voldoende ruimte is.	Tweede en derde klasse is begin.
Om te verseker dat elke klas 'n toepaslik gekwalifiseerde onderwyser het.	Gekwalifiseerde onderwyser in elke graad R-klas met vlak 4-kwalifikasie.
Om te verseker dat daar voldoende LOOM vir gehalte-onderrig en -leer is.	300 openbare skole het LOOM ontvang.
Hou vol om Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO) te ondersteun in die upgradering van versorgers/praktisyse se kwalifikasies ooreenkomsdig die UOWP.	2621 praktisyse is vir opleiding in VKO op Vlakke 1, 4 en 5 ingeskryf. 200 gemeenskapsentra wat Vlak 5-praktisyse het, het LOOM ontvang om hul in hul studies van hulp te wees.
Monitering moet op distrikvlak deur Kurrikulumadviseurs en Kringbestuurders gedoen word.	Sentrumbesoek en monitering word deur Kurrikulumadviseurs gedoen.

### Spesifieke uitdagings en response en kwessies waaraan deurlopend aandag gegee moet word

#### **Uitdaging 1: Lae geletterdheidsvlakte van praktisyse**

Respons: Geletterdheidsklasse vir volwassenes gaan aan sekere praktisyse (bv. versorgers) by VKO-sentra aangebied word. Vir ander vlakke sal uitgebreide aansluiting by die UOWP-program help om die vlakke te verhoog.

#### **Uitdaging 2: Insameling van data, byvoorbeeld: Blitzopname**

Respons: Die distrikte verleen hulp deur vergaderings te reël waar praktisyse die nodige vorms kan invul waarna die vorms na die Navorsingsdirektoraat versend word.

### Kwessies waaraan deurlopend aandag gegee moet word

Toegang tot baie landelike en afgeleë sentra bly steeds 'n uitdaging. Dit belemmer ook die insameling van akkurate data rakende graad R in Gemeenskapsentrumms aangesien baie van hierdie sentra in informele nedersettings is en volledige pos/fisiiese adresse vir die aflewing van opnamevorms ontbreek. Kontrolering van ouderdomme by alle sentra is noodsaaklik ten einde die korrektheid van aansprake te verseker.

Ander kwessies waaraan deurlopend aandag gegee moet word, sluit in -

- Dit is moeilik om die presiese getal graad R-leerders te bepaal aangesien baie van die Gemeenskapsentrumms in afgeleë landelike gebiede of in informele nedersettings geleë is waar kommunikasie 'n groot uitdaging bied. Blitz- en Jaarlikse Opnamevorms word nie teruggestuur nie.
- Lae geletterdheidsvlakte van praktisyse by Gemeenskapsentrumms dra ook daartoe by dat vorms nie teruggestuur word nie en belemmer die interpretasie van amptelike dokumente soos die Blitzopnamevorm, NKV-dokumente, omsendskrywes, ensovoorts.
- Distriksamptenare is oorlaai en is nie in staat om gereelde besoeke aan sentra te bring ten einde te verseker dat programme van gehalte aangebied word nie.

Daar word deurlopend aandag aan hierdie kwessies gegee ten einde die doeltreffendheid en doelmatigheid van die VKO-sektor te verbeter.

## 9.8 Program 8: Hulp- en Verwante Dienste

### Programdoelwit

Om die onderwysinstellings as geheel van ondersteuning te voorsien.

**Die program Hulp- en Verwante Dienste omvat die volgende subprogramme:**

#### *Betalings aan SOOO:*

- om mensehulpbronontwikkeling vir werknemers ooreenkomsdig die Wet op Vaardigheidsontwikkeling te verskaf
- Voorwaardelike Toekenningsprojekte*
- om voorsiening te maak vir projekte soos gespesifieer deur die nasionale Departement van Onderwys wat op meer as een program van toepassing is en uit voorwaardelike toekennings befonds word

#### *Eksterne Eksaminerings*

- om voorsiening te maak vir departementeelbestuurde eksamineringsdienste

#### *Onderwysersopleiding*

- om hulp te verleen met die voorsiening van gekwalifiseerde en bedreve opvoeders vir die onderwysberoep

#### *iKapa Elihlumayo*

- om hulp te verleen met die opbou van mensekapitaal

### Meetbare doelwitte

Die volgende meetbare doelwitte (▲) en prestasiemaatstawwe (►) hou verband met Program 8: Hulp- en Verwante Dienste:

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatstawwe
Toegang	<ul style="list-style-type: none"> <li>▲ Om onderrig in MIV-vigs-lewensvaardighede in skole te voorsien, en om toegang tot 'n tersaaklike en doeltreffende geïntegreerde stelsel van voorkoming, versorging en ondersteuning te verseker</li> <li>▲ Om hulp te verleen met die voorsiening van gekwalifiseerde en bedreve opvoeders vir die onderwysberoep</li> <li>▲ Om hulp te verleen met die opbou van mensekapitaal</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>► PPM 801: Getal opvoeders opgelei in MIV-vigs-lewensvaardighede</li> <li>► PPM 802: Persentasie jaarlikse lewering aan skole van versoekte, beskikbare LOOM</li> <li>► PPM 803: Getal skoolgemeenskappe 'opgelei' en ondersteun in die implementering van Versorging- en Ondersteuningstrategieë vir kwesbare kinders</li> <li>► PPM 804: Getal skole (SBS'e en SBL'e) opgelei in die ontwikkeling van skool Vigs-beleide en MIV-vigs-bestuursplanne binne die konteks van HSE</li> <li>► PPM 805: Getal nuwe beurse toegeken aan student-onderwysers</li> <li>► PPM 806: Persentasie skole wat VOO aanbied waar minstens een rekenaarfasiliteit as deel van die Khanya 'Tegnologie in Onderwys'-projek voorsien is</li> </ul>

ST801	Hulp- en Verwante Dienste – Sleuteltendense	2005/06 Werklik	2006/07 Werklik	2007/08 Teiken	2007/08 Werklik
<b>BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)*</b>					
8.1 Betalings aan SOOO		3,306	3,756		3,944
8.2 Voonwaardeelike toekenningsprojekte		11,205	11,872	13,011	13,001
8.3 Eksterne eksaminerings		54,561	63,124	66,127	64,442
8.4 Onderwyssersopleiding		1,743	1,868	1,814	1,909
8.5 iKapa Eihlumayo		127,772	120,225	117,519	111,702
<b>TOTAAL</b>	<b>198,587</b>	<b>200,845</b>	<b>202,415</b>	<b>194,998</b>	
<b>BETALINGS PER EKONOMIESE KLASIFIKASIE (R'000)*</b>					
Lopende betaling		70,099	87,197	101,962	88,070
Vergoeding van werknelmers		37,581	41,321	42,323	47,407
Opvoeders		20,180	22,313	22,650	24,178
Nie-opvoeders		17,401	19,008	19,673	23,229
Goedere en dienste en ander lopendes		32,518	45,876	59,639	40,663
Oordragte en subsidies		118,928	113,557	100,367	106,892
Betalings vir Kapitaalbates		9,560	91	86	36
<b>TOTAAL</b>	<b>198,587</b>	<b>200,845</b>	<b>202,415</b>	<b>194,998</b>	
<b>PERSONEELVOORSIENING</b>					
Getal Opvoeders (in openbare diens) (a)		17	16	16	19
Getal Nie-opvoeders		119	142	142	234
<b>► PRESTASIEMAATSTAWWE</b>					
► PPM801: Getal opvoeders opgeleid in MIV-vigs-lewensvaardighede (kumulatief)		17 124	21 347	21 000	22 178
► PPM802: Persentasie jaarlike levering aan skole van versoekte, beskikbare LOOM		89%	100%	100%	100%
► PPM803: Getal skoolgemeenskappe 'opgelei' en ondersteun in die implementering van Versorging- en Ondersteuningstrategieé vir kwesbare kinders (kumulatief)		-	73	500	239
► PPM804: Getal skole (SBS'e en SBL'e) opgeleid in die ontwikkeling van skool Vigs-beleide en MIV-vigs-bestuurspanne binne die konteks van HSE (kumulatief)		17	17	500	500
► PPM805: Getal nuwe beurse toegeken aan student-onderwyssers		90	97	100	107
► PPM806: Persentasie skole wat VOO aanbied waar minstens een rekenaarsfasilitet as deel van die Khanza-Tegnologie in Onderwy's-project voorsien is		98%	100%	100%	100%

\*Raming Die 2007/2008-doelwit vir Besteding is die Aansuiweringsbegrotingsyfer vir 2007/2008.

## Hulp- en verwante sleuteldienste: Prestasiemaatstawwe

- PPM801: Getal opvoeders opgelei in MIV-vigs-lewensvaardighede (kumulatief)  
Teikens oorskry. Sien bladsye 67-69 vir besonderhede.
- PPM802: Persentasie jaarlikse lewering aan skole van versoekte, beskikbare LOOM  
Teikens behaal. Sien bladsye 67-69 vir besonderhede.
- PPM803: Getal skoolgemeenskappe 'opgelei' en ondersteun in die implementering van Versorging- en Ondersteuning-strategieë vir kwesbare kinders (kumulatief)  
Onder teiken. Sien bladsye 67-69 vir besonderhede.
- PPM804: Getal skole (SBS'e en SBL'e) opgelei in die ontwikkeling van skool Vigs-beleide en MIV-vigs-bestuursplanne binne die konteks van HSE (kumulatief)  
Onder teiken. Sien bladsye 67-69 vir besonderhede.
- PPM805: Getal nuwe beurse toegeken aan student-onderwysers  
Teiken behaal. 107 nuwe studentbeurse vir 2008/9.
- PPM806: Persentasie skole wat VOO aanbied wat van minstens een rekenaarfasilitet as deel van die Khanya 'Tegnologie in Onderwys'-projek voorsien is  
Teiken behaal; alle skole in die Wes-Kaap wat VOO-vakke aanbied, beskik oor minstens een rekenaarfasilitet; waar die behoeftte ontstaan (bv. skole wat RTT implementeer), word bykomende fasilitete oorweeg.

## SLEUTELPRIORITEITE SOOS IN JPP 2007/8 GESTEL

PRIORITEIT	VORDERING
<b>Vaardigheidsontwikkeling</b>	
Om mensehulpbronontwikkeling ooreenkomstig die Wet op Vaardigheidsontwikkeling te verskaf	Die Jaarlikse Opleidingsverslag van 2006/07 en die Werkplekvaardigheidsplan vir 2007/08 is na behore deur alle partye goedgekeur en onderteken en is, soos voorgeskryf in die Wet, aan die SOOO voorgelê. Die Wet is in alle opsigte nagekom.
Om die SOOO vir OOOP ten opsigte van die administrasie van die sektor te ondersteun	WKOD het aktief aan die forums van die OOOP SOOO en die Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerheid vir die Staatsdiens (SOOS) deelgeneem, na gelang van behoeftte verslag gedoen en alle voorskrifte nagekom.
<b>Khanya-tegnologieprojek</b>	
Khanya-projek sal voortgaan om nuwe rekenaarfasilitete daar te stel – 200 per jaar	Die WKOD is een van die voorlopers in die land sover dit die gebruik van IKT in skole betrek. Gedurende die 2007/08 finansiële jaar is rekenaarfasilitete by soveel as 201 skole voltooi. Hierby is 67 uitbreidings aan bestaande fasilitete aangebring (bv. verskuiwing van Interaktiewe Elektroniese Witborde na trosse klaskamers, voorsiening van mobiele-tegnologietoestelle, ens.). Tot op hede het die Khanya-projek hulp aan 883 skole in die doeltreffende gebruik van IKT verleen, en 'n verdere 166 skole is in verskillende stadia van voorbereiding. Daar word 34 739 rekenaars in Khanya-skole gebruik, onderwyl tegnologie doeltreffend in die aanbieding van die kurrikulum deur 21 109 opvoeders gebruik word en toegang aan 711 029 leerders gebied word. Groei op die gebiede van breetbandkonnektiwiteit vir skole en die voortgesette ontplooiing van IKT-infrastruktur in skole sal by wyse van die Sentrale Onderwysbestuursinligtingstelsel (SOBIS), Khanya en die Telekommunikasieprojek (TK) voortgesit word. Khanya word deurlopend as 'n innovesterer in skoolgebaseerde IKT erken. Gedurende die verslaggewingstydperk het Khanya 'n bronstoekenning in die Premier se 2007 Toekennings vir Uitnemende Diens ('n provinsiale toekenning) verower en is as die wenner aangewys in die kategorie "Innovesterende Gebruik van IKT vir Doeltreffende Dienslewering" van die Sentrum vir Staatsdiensinnovasie (SSDI) se Innovasie-inisiatief vir die Openbare Sektor ('n nasionale toekenning). Dit is die 13de toekenning wat die Khanya-projek oor die afgelope drie jaar ontvang het.

## Spesifieke uitdagings en response

**Uitdaging 1:** Die Khanya-projek is reeds vir die afgelope sewe jaar in bedryf, en sommige van die ouer installasies het nou instandhouding nodig

Respons: Gedurende die huidige finansiële jaar sal aandag bestee word aan die opgradering van sommige van hierdie installasies ten einde die WKOD se investering in tegnologie in skole te beskerm.

**Uitdaging 2:** Onderwyl streng sekuriteitsmaatreëls getref word om tegnologie in skole te beskerm, noodsaak toenemende kriminele aktiwiteite dat bykomende maatreëls ingestel word.

Respons: Verhoogde sekuriteit by rekenaarfasilitete sal gedurende die huidige finansiële jaar aandag geniet.

10. Oordragbetalings

Naam van Instelling/Begunstigdes	Bedrag Oorbetaal (R'000)	Nakoming van Artikel 38(1)(j) van die WOFB
<b>Program 1</b>	<b>22,731</b>	
Waarvan -		
Telekommunikasieprojek by openbare gewone skole	7,153	Ja
Khanya-projek by openbare gewone skole	9,731	Ja
Wiskunde-en-Wetenskappprojek by openbare gewone skole	2,664	Ja
<b>Program 2</b>	<b>332,292</b>	
Waarvan -		
Openbare gewone primêre skole	172,087	Ja
Openbare gewone sekondêre skole	114,437	Ja
Veiligeskole-projek by openbare gewone skole	25,595	Ja
Nasionale Skoolvoedingsprogram	3,519	Ja
<b>Program 3</b>	<b>34,259</b>	
Waarvan -		
Onafhanklike primêre skole	15,902	Ja
Onafhanklike sekondêre skole	18,357	Ja
<b>Program 4</b>	<b>76,489</b>	
Waarvan -		
Openbare spesiale skole	76,933	Ja
<b>Program 5</b>	<b>131,038</b>	
Waarvan -		
Openbare VOO-instellings	60,688	Ja
VOO voorwaardelike toekennings	70,000	Ja
<b>Program 6</b>	<b>17,376</b>	
Waarvan -		
Gemeenskapleersentrums	17,373	Ja
<b>Program 7</b>	<b>45,784</b>	
Waarvan -		
Vroeëkinderontwikkeling in openbare skole	22,335	Ja
Vroeëkinderontwikkeling in gemeenskapsentrums	23,284	Ja
<b>Program 8</b>	<b>113,557</b>	
Waarvan -		
OOOP-SOOO	3,756	Ja
Beurse aan studente	1,868	Ja
Khanya-projek by openbare gewone skole	49,986	Ja
IKapa Elihlumayo-projekte by VOO-kolleges	25,000	Ja
IKapa Elihlumayo-projekte by Fokusskole	31,391	Ja
IKapa Elihlumayo-projekte by vaardighedskole	1,485	Ja
<b>Totale Oordragbetalings</b>	<b>773,526</b>	

## 11. Voorwaardelike Toekennings

Tabel: Opsomming van Voorwaardelike Toekennings vir 2007/08 (R'000)

Voorwaardelike Toekenning	Besteding 2006/07	Heruitrei- king vanaf 2006/07	Totale Toe- wysing 2007/08	Totale Oordragte Ontvang	Werklike Besteding 2007/08	% Besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	
MIV-vigs	11,870	0	13,011	13,011	13,001	99,9%
Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP)	49,337	0	53,084	53,084	53,083	100,0%
Sektor Herkapitalisering vir Verdere-Onderwys-en-Opleidingkolleges			80,000	80,000	80,000	100,0%
<b>TOTAAL</b>	<b>60,542</b>	<b>0</b>	<b>130,183</b>	<b>130,183</b>	<b>127,830</b>	<b>98,2%</b>

Alle vereistes ooreenkomsdig die Wet op die Verdeling van Inkomste, 2007 (Wet 1 van 2007) ten opsigte van die bogenoemde Voorwaardelike Toekennings is nagekom, naamlik –

- Alle oordragte wat ontvang is, is in die Departement se bankrekening gedeponeer.
- Al die fondse is bestee.
- Alle voorwaardes vir die voorwaardelike toekennings, soos in die goedgebeurde Sakeplanne uiteengesit, is nagekom.

Voorwaardelike Toekenning: MIV-vigs	
Prioriteit	Vordering
SPA 1 Bevordering	Aktiwiteit het ouerwerksessies, deelname aan die Skolevigsmaand (September) en gemeenskapsgebaseerde bewusmakingsgeleenthede ingesluit. Die meeste skole betrek al of die meeste van hul leerders by 'n verskeidenheid gesondheidsgebaseerde kalendergebeure (soos Valentynsdag, Jeugdag, Skolevigsmaand en Wêreldvigsdag) verantwoordelike seksuele gedrag en 'n simpatieke en ondersteunende houding teenoor mense wat deur MIV geraak word, te bevorder. Alle WKOD-skole ontvang 'n 16-24-bladsy poniegrootte kwartaalklike nuusbrief. Baie distrikte en skole brei soortgelyke nuusbriewe en uitreikprogramme uit na die ouer- en omliggende gemeenskappe. Die Provinciale Vigsraad het 'n konsep Provinciale Interdepartemente MIV-vigs Strategiese Plan 2007-2011 goedgekeur en alle provinsiale departemente het hul eie operasionele planne ontwikkel.
SPA 2 en PPM 801 Opvoederopleiding vir MIV-vigs-lewensvaardighede in die kurrikulum	22 178 kumulatief (Teiken 20 000) Opvoederstakingsoptrede en die daaropvolgende rehabilitasieplan het aanleiding gegee tot 'n laer-as-verwagte jaarlikse prestasie. Desnieteenstaande is nagenoeg 80% van alle opvoeders by primêre skole en 'n beduidende (alhoewel nie voldoende nie) getal Lewensoriënteringonderwysers by sekondêre skole in MIV-vigs-lewensvaardighede opgelei. Teikens (insluitend 'n teiken van 80% van laerskoolopvoeders wat opgelei moet word) is grootliks behaal of oorskry – inderwaarheid 'n merkwaardige prestasie gesien in die lig van die vrywillige aard van die opleiding, die feit dat dit deur NKV-opleiding op die agtergrond gestel is en, in die meeste gevalle, oor naweke of gedurende skolvakansies aangebied is. Die opleiding van graad 8-9- en VOO (graad 10-12)-lewensoriënteringopvoeders in MIV-vigs en geslagsopvoeding bly steeds van kritieke belang gegewe dat baie leerders die skool na graad 9 verlaat, dat onvoldoende Lewensoriënteringopvoeders behoorlik opgelei is en dat baie skole hierdie verantwoordelik aan nie-LO-onderwysers opdra.
SPA 3 en PPM 804 Onderwysbeheer- en bestuursontwikkeling (SBS'e en SBL'e)	Opleiding onder teikens. Opleiding in hierdie program, vir beide SBS'e en SBL'e, sal aan Heleskoolevaluering en die verpligte ontwikkeling deur skole van Skoolverbeteringsplanne gekoppel word. Opleiding/hulpbronlêers word tans voorberei vir verspreiding aan alle skole. Opleiding word ook gekoppel aan Werkplek-MIV-vigs-bestuur.

Voorwaardelike Toekenning: MIV-vigs	
Prioriteit	Vording
SPA 4 en PPM 803 Opleiding in Versorging en Ondersteuning	91 meesteropleiers is inplekgestel om opleiding by Skoolbeheerliggame en skole se gemeenskapsgebaseerde vennote te ontlooi ten einde skole as nodes vir die versorging en ondersteuning van kwesbare kinders te bevorder. Skole as Nodusse van Sorg (SNVS). In samehang met SNVS word voorsiening in 15 (hou 21+6) geprioritiseerde gemeenskappe gemaak vir toegang tot bykomende ondersteuningsdienste, byvoorbeeld toegang tot kinderondersteuningstoelaes via Dienssaamtrekke wat in vennootskap met die Departement van die Premier en 'n verskeidenheid nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsdepartemente geïmplementeer is (Maatskaplike Transformasieprogram, STP 21+6). Veertien staatssaamtrekke en vier NRO-saamtrekke is gedurende 2007 gehou. 'n Parallelle opleidingsprogram vir opvoeders in Versorging en Ondersteuning word tans gefinaliseer. 'n Twaalfkrediet-kortkursus op NKR Vlak 4 in basiese Berading is pas deur SAKO goedgekeur, en 90 distrikgebaseerde sielkundiges, maatskaplike werkers en MIV-vigs-personeel is reeds opgelei om verdere opleiding en toesighouding aan opvoeders te bied.
SPA 5 Portuuronderwys vir leerders	6 639 portuuropvoeders (2007 akademiese jaar) (20 765 kumulatief sedert 2002) Gedurende 2007 is portuuronderwys by 145 sekondêre skole via 15 gekontrakteerde diensverskaffers ingestel (en in meer as 100 sekondêre skole op Gr 8-9-vlak in assosiasie met loveLife asook by net meer as 200 primêre skole in assosiasie met <i>Soul City</i> ). Hierdie program was voorheen 'n finalis in die Premier se Toekennings vir Uitnemende Diens en is as algehele wenner van die toekenning vir "Good Practice in Education" deur 67 statebondlande se Ministers van Onderwys aangewys. Die departement word gesamentlik deur die Departement van Gesondheid bestuur. In sy geheel het hierdie program nagenoeg 350 NRO-vennote in diens. 'n Proefprojek vir VOO-kolleges word tans ontwikkel, en die Wes-Kaapse Jeugvereniging vir Portuuronderwys is gedurende 2007 as 'n selfregulerende oorkoepelende liggaam vir die dienstebedryf in die lewe geroep.
SPA 6 en PPM 802 Leer- en onderrigsteunmateriaal	LOOM (ter ondersteuning van Lewensoriëntering tesame met bykomende materiaal) is tussen Januarie en Junie by skole versprei. Hier moet kennis geneem word dat LOOM vir MIV-vigs-lewensvaardighede bykomend tot skole se eie bestellings vir handboeke gelewer word. Dit word gratis aan die skool of leerder verskaf. Leerders se aktiwiteitsboeke word sedert 2002 jaarliks aangevul – vir elke leerder in elke graad, vanaf graad 1 tot graad 11 – en word in al drie tale van die provinsie voorsien.
SPA 7 Monitering, ondersteuning en evaluering	Gedurende 2007 is 'n getal eksterne evaluerings afgehandel, insluitend twee nasionale evaluerings van die programme wat deur die Departement van Onderwys onderneem word en 'n waardetoevoegingssoudit wat deur die Ouditeur-generaal onderneem is. Dit was die tweede waardetoevoegingssoudit wat op die MIV-vigs-program uitgevoer is – geen ander program van die WKOD is tot dusver so deeglik ondersoek nie.
Skoolvoedingsprogram	
Prioriteit	Vording
Om toereikende toegang tot die Nasionale Skoolvoedingsprogram by geteikende skole te verseker	233 420 leerders is by 992 geteikende skole in die verloop van 170 voedingsdae gevoed. Sedert Januarie 2008 is nagenoeg 30 000 bykomende leerders by die mees behoeftige kwintiel een en twee geteikende primêre skole gevoed. Voeding van bykomende leerders sal gedurende die volgende finansiële jaar volgehou word. Skole waar bykomende leerders gevoed is, is in staat gestel om addisionele borde, lepels en potte aan te koop. 'n Akte van Verstandhouding is suksesvol met die Departement van Gesondheid aangegaan ten opsigte van kwessies verwant aan omgewingsgesondheid en voeding. Die pakhuise van bestaande en nuwe diensverskaffers is sesmaandeliks gemoniteer. Die honorarium vir vrywilligers is vanaf R250 tot R320 per maand verhoog. Vrywillige voedselhanteerders het positief hierop gereageer.

## Skoolvoedingsprogram

Prioriteit	Vording
	<p>In die algemeen is positiewe terugvoering van koördineerders ontvang rakende die vrugtetoetsprojek wat oor 'n tydperk van 8 weke uitgevoer is en in Januarie 2008 by 14 geteikende skole dwarsoor die provinsie 'n aanvang geneem het [twee skole per distrik]. Kontrakte is suksesvol met 5 diensverskaffers aangegaan en hierdie kontrakte sal met ingang 1 April 2008 vir 'n tydperk van twee jaar in werking tree. As 'n uitbreiding van die program se strategie om voeding te bevorder, is alle NSVP-personeellede van 'n spesiaalvervaardigde naamplaatjie voorsien. Provinciale vergaderings met provinciale personeel en diensverskaffers is gereeld gehou. Die eerste rondte opleiding van vrywillige voedselhanteerders rakende voedsel- en gasveiligheid en higiëne is suksesvol afgehandel. Vrywilligers is ook van bondige riglyndokumente voorsien wat in die areas waar voedsel voorberei word, vertoon moet word. Sedertdien is opleidingsmateriaal ontwikkel ten opsigte van 'n tweede sarsie opleiding wat in April 2008 'n aanvang sal neem. Interaksie met donateurs vind tans plaas rakende bykomende mobiele eenhede wat gebruik kan word as areas vir voedselvoorbereiding by geteikende skole waar daar 'n gebrek aan infrastruktuur bestaan. NSVP-personeelopleiding dek die opskeping van moniteringsvaardighede, praktiese opleiding in die veilige gebruik van gasstowe en -silinders, omgewingsgesondheidswessies en rekenaarvaardighede. Die NSVP-sakeplan is gefinaliseer en deur Onderwys se Departementshoof asook die Provinciale Tesourie goedgekeur. Die herontwerpproses wat deur die Wes-Kaapse Departement van Onderwys gevolg is, het aanleiding gegee tot 'n bykomende pos, 'n Adjunkhoof-Opvoekundige Spesialis, wat waarskynlik die program se bestuursvermoë by die provinciale kantoor sal verhoog. Die jaarlikse NSVP-besteding het 100% beloop. Alle befondsde personeelvakatures is gevul. Baie geteikende skole beskik nie oor genoegsame areas vir voedselvoorbereiding nie, en 34 bykomende mobiele eenhede, vir gebruik as kombuisies, is aan behoeftige geteikende skole geskenk. Dit bring die totale getal mobiele eenhede wat oor die afgelope twee jaar aan geteikende skole verskaf is op 129 te staan.</p>
Om die ontwikkeling van voedseltuine en ander volhoubare voedselproduserende aktiwiteite by geteikende skole aan te moedig en te ondersteun asook om advies in hierdie verband te lewer waar dit blyk dat die infrastruktuur hiervoor gerat is en die personeel en gemeenskap deurgaans tot die sukses van dié projek verbind is	<p>17 werksessies om vermoë te bou, is oor die onderskeie onderwysdistrikte heen aangebied waartydens daar gefokus is op die vestiging en bestuur van voedseltuine by skole, die ontwikkeling van kompos en die aanplanting van kruie. Tersaaklike demonstrasies is ook tydens hierdie werksessies aangebied. Hierdie werksessies is deur meer as 100 opvoeders, ouers en leerders bygewoon. Sommige leerders het omgewingsklubs gestig en voedseltuine by hul huise aangelê. Die organisasie genaamd <i>SEED (School Environmental Education and Development)</i> is reeds vir 'n aantal jare by skoolomgewingsopvoeding betrokke. Dié organisasie het ook tuine by sodanige skole gevestig. Die organisasie is tans by agt skole betrokke wat deur die NSVP geteiken word: ses in Mitchells Plein en twee in Gugulethu. Die organisasie brei tans sy aktiwiteite na ander dele van die provinsie uit, en na verwagting sal meer skole oor 'n wyer gebied deur <i>SEED</i> ondersteun word. 'n Vergadering is met 'n verteenwoordiger van die Nasionale Swart Boerevereniging in die Wes-Kaap gehou ten einde 'n werksverhouding te smee met die oog daarop om die vestiging van voedseltuine in gemeenskappe te bevorder. In die Beaufort-Wes-gebied, het die Departement van Landbou (DvL) sy bereidwilligheid bevestig om 'n geteikende skool van 'n voorafbetaalde watermeter te voorsien waarna verdere steun aan die skool verleen sal word. Die Kirstenbosch Botaniiese Tuine is betrokke by die verfraaiing van skole, en dié organisasie het ses NSVP-skole as begunstigdes geïdentifiseer.</p>

## Skoolvoedingsprogram

Prioriteit	Vording
	<p>Adcorp Holdings het die installering van 'n voedseltonnel by 'n primêre skool in Gugulethu afgehandel. Die doel met hierdie innovasie is om die skool se ouers te ondersteun. Die Departement van Landbou (DvL) is oor die vording ingelig, en die verantwoordelike Voorligtingsbeampte het 'n besoek aan die projek gebring om te bepaal hoe die skool ondersteun kan word en wat nodig is om die projek se volhoubaarheid te verseker.</p> <p><i>Soil for Life</i> [NRO] werk met vyftien (15) skole wat deur die NSVP geteiken word. 'n Geteikende primêre skool in Eersterivier het R10 000.00 vanaf Soil Buddies ontvang om 'n voedseltuin te vestig.</p> <p>Voorstelle vir die ontwikkeling van mini-uitlopertuine, wat op klaskamervlak geïmplementeer kan word, word tans oorweeg. 'n Loodsondersoek in hierdie verband sal onderskeidelik by 'n skool in Khayelitsha en Mitchells Plain onderneem word. 'n Voedseltuinkompetisie is suksesvol in een van die landelike onderwysdistrikte onderneem. Teen die einde van Maart 2008 het die totale getal voedseltuine by geteikende skole tot 251 aangegroei.</p> <p>Doeltreffende onderlinge skakeling met amptenare van die Departemente van Landbou, Water en Bosbou en Maatskaplike Ontwikkeling is volgehou en uitgebrei</p>

## Herkapitalisering van VOO-kolleges

Prioriteit	Vording
1. Om mensehulpbronne te ontwikkel ten einde die lewering van nuwe en moderne programme teen 2009 te ondersteun	In totaal is 503 personeellede opgelei ter aanbieding van die Nasionale Sertifikaat (Beroepsgerig) Vlak 2 en 3. Die opleiding het die volgende omvat: assessoropleiding; moderatoropleiding; NSB-leerstof; NSB-metodologie; nasionale en provinsiale NSB-oriënteringssessies.
2. Om stelsels en prose-dures te ontwikkel ten einde nuwe DvO-programme vanaf 2007 aan te bied en verhoogde studente-inskrywings te ondersteun	<p>Vyf (5) plaaslike netwerke is by kollegesentra geïnstalleer en die volgende kollege-administrasiestelsels is opgegradeer: studente-administrasiestelsels, finansiële stelsels, studente-inskrywingstelsels, batebestuurstelsels.</p> <p>Die herkapitaliseringaprogram is grootliks besig om nuwe waarde toe te voeg tot en oplewing by VOO-kolleges te veroorsaak. Die nuwe profiel van kolleges ontlok tot so 'n mate belangstelling by die sake- en nywerheidsektor dat 'n getal nuwe vennootskappe besig is om te ontwikkel. Voorbeeld van hierdie vennootskappe en ontwikkelings sluit in:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Plasingsprojek deur die SSAC-bedryf by die Kaapstad-kollege – Thornton-kampus</li> <li>• <i>Namaqua Sand</i> se skenking van 'n ten volle uitgeruste en toegeruste rekenaarklaskamer by die Weskus-kollege – Vredendal-kampus</li> <li>• Erkenning deur SOOO's in die dienstesektor dat VOO-kolleges ideaal geposioneer is om van hul kwalifikasies aan te bied en hul aanbod om hulp aan kolleges te verleen met die goedkeuring van programme</li> <li>• Die OOOP-SOOO se vestiging van VKO-sentra van Uitnemendheid by die Kaapstad-kollege en Suid-Kaapse Kollege</li> <li>• Die uitnodiging aan VOO-kolleges om as Vaktoetsentra vir SOOO's te fungear</li> </ul>
3. Om klaskamers, laboratoria en werkswinkels wat vir die onderrig van nuwe programme gebruik gaan word, op te gradeer/te verander en op te knap. Dit mag die ombouing van bestaan-de geboue insluit.	Die volgende fasilitete is opgegradeer: 34 werkswinkels, 45 klaska-mers, 15 kantore, 18 rekenaarlaboratoria, 4 studentehulpbron-sentra.

Herkapitalisering van VOO-kolleges	
Prioriteit	Vordering
4. Om nuwe klaskamers, werkswinkels, kantore, grond, ens. aan te koop of te bou waar daar duidelik 'n bewys van behoefte hieraan bestaan	Vier (4) klaskamers en vyf (5) werkswinkels is toegevoeg.
5. Om kollegeterreine op te gradeer	Agt (8) kollegeterreine is opgegradeer. Hierdie opgradering het plavei- en verfwerk asook die aanbring van aanwysings ingesluit.
6. Om toerusting ter ondersteuning van onderrig en leer aan te koop	Toerusting van 'n hoë standaard is by die volgende fasiliteite geïnstalleer: 61 werkswinkels, 38 klaskamers, 8 kantore.
7. Om kurrikula/programme en materiaal te ontwikkel	Nagenoeg 9 000 handboeke is vir NSB Vlak 3-studente aangekoop.

## 12. Kapitaalinvestering, batebestuur en instandhouding

Dit blyk dat die staat se inisiatiewe om groter begrotings vir infrastruktuur (en dus meer projekte) beskikbaar te stel en die Nasionale Tesourie se inisiatief om infrastruktuur by wyse van die Infrastruktuurlewingverbeteringsplan (ILVP) te verbeter, vrugte afwerp. By wyse van hierdie inisiatiewe is dit moontlik om behoorlike procedures te volg ten einde die verskil te bepaal tussen werklik beskikbare infrastruktuur en werklik benodigde infrastruktuur bestaan wanneer die toename in leerdergetalle en leerderomset oorweeg word.

Die bogenoemde inisiatiewe noodsaak ook verbeterde beheer en monitering deur die inisieerders van die onderskeie programme sowel as behoorlike en gereguleerde verslagdoening. Behoorlike verslagdoening en voldoende beheer skiet egter steeds te kort aangesien daar 'n gebrek aan voldoende "liggame" vir hierdie doel is.

Die infasering van die herontwerpproses oor 'n tydperk van drie jaar het hierdie situasie verder vererger. Alvorens alle poste op die diensstaat van die Direktoraat Bedryfsondersteuning en -beplanning nie gevul is nie, kan daar verwag word dat volgehoue kritiek by monde van prestasie-oudits en die provinsiale wetgewer te wagte moet wees.

Tans word die volgende verskaffers in die diensleweringsproses ingespan: Die Departement van Vervoer en Openbare Werke as opsiener oor alle openbare grond, Programbestuurseenhede soos die Onafhanklike Ontwikkelingstrust, *African, Garden Cities* en skoolbeheerliggame. Die verwantskap met hierdie liggame word weerspieël in die diensleweringsooreenkoms (DLO) of projekplan waartoe beide die WKOD en die tersaaklike diensverskaffer hulle verbind het.

### 12.1 Vastekapitaal-investering

#### 12.1.1 Bouprojekte voltooi in die loop van 2007/08

**Opsomming:**

Kapitaalwerke	Getal projekte voltooi	Skole
Skoolgebouprojekte	Primêre skole 5 van 7  2 van die oorspronklike 9 skole wat vir voltooiing in 2007/2008 bestem is, is in die loop van 2006/2007 voltooi	PS Vredendal en PS Heinzpark se voltooiing was vir 2007/2008 geskeduleer, maar hulle is reeds in die vorige finansiële jaar voltooi. Gevolglik het die getal primêre skole wat vir voltooiing in 2007/2008 geskeduleer is van 9 tot 7 verander. PS Khayelitsha No. 1, PS Khayelitsha No. 2, Delft N2 Gateway PS en Smutsville PS is in die loop van die derde kwartaal voltooi. Die voltooiing van Samora Marchel PS, Table View PS en Dalebuhle PS het nie gematerialiseer nie, en hierdie projekte sal eers in die 2008/2009 finansiële jaar afgehandel word. Nalating om die Table View PS te voltooi, het sekere probleme aan die begin van die nuwe jaar tot gevolg gehad, en vier (4) tydelike mobiele klaskamers moes gevoglik tot stand gebring word.

Kapitaalwerke	Getal projekte voltooí	Skole
	Sekondêre skole	3 van 4  Khayelitsha No. 1 SS, Khayelitsha No. 2 SS en Khayelitsha No. 3 SS is gedurende die derde kwartaal voltooí. Bloekombos SS en Wellington SS word tans opgerig. Die voltooiing van Khayamandi SS het nie gematerialiseer nie, en hierdie projek sal in die loop van die 2008/9 finansiële jaar afgehandel word.
Onderrigkamers as deel van elke nuwe skool of as afsonder-like projekte	Primêre skole  183 van 238 (238 het tot 282 klaskamers gestyg)  56 van die voorgenome 294 klaskamers wat in 2007/08 voltooí moes word, is in 2006/07 voltooí	Heinzpark PS (30), Vredendal PS (23), Kenmere PS (1), Slangrivier PS (1) en Melkhoutfontein PS (1) is almal gedurende die 2006/07 finansiële jaar voltooí (56). Oranjekloof PS (SBL)(4) en Kranshoek PS (SBL)(1) is gedurende die eerste kwartaal van 2007/8 voltooí (5). Rosmead PS (2), Denneoord PS (SBL) (4), Stratford PS (SBL) (1), Trevor Manuel PS (SBL) (1), Leyden PS (SBL) (1) en ACJ Phakade PS (SBL) (1) is gedurende die tweede kwartaal voltooí (10). Smutsville PS (15), Khayelitsha PS No 1 (32), Khayelitsha PS No 2, (32), Delft N2 Gateway PS (32), Sigcawu PS (16), Tyholorha PS (SBL) (1) en Masonwabe PS (SBL) (2) is gedurende die derde kwartaal voltooí (130). Marconi Beam PS (SBL) (1), Rainbow PS SBL) (1), Umngophiso PS (SBL) (1), Vredenburg PS (SBL) (1), Vuselela PS (SBL) (1), Rondeheuwel PS (SBL) (5), Hoofweg PS (SBL) (1), Isiphiwo PS (SBL) (1), Willemsvallei PS (SBL) (1) (baksteen), Touwsranten PS (SBL) (2), Milkwood PS (SBL) (1) (baksteen), Bonnievale PS (SBL) (2), Die Bron PS (SBL) (2), Weltevreden (Rawsonville) PS (SBL) (1), Weltevreden (Barrydale) PS (SBL) (1), Glen Elgin PS (1) (SBL) en Waboomsheuwel PS (SBL) (1) (baksteen) is almal gedurende die vierde kwartaal voltooí (24). Projekte wat ook gedurende die vierde kwartaal voltooí is, sluit in: Silukhanyo PS (SBL) (5), Blackheath PS (SBL) (3), Citrusdal PS (SBL) (2) en Hlengisa PS (SBL) (4) (14). Die voltooiing van die volgende klaskamers het nie gedurende die 2007/8 finansiële jaar gematerialiseer nie en sal slegs in die loop van die 2008/9 finansiële jaar voltooí word: Samora Marchel PS (30), Table View PS (30), Dalebuhle PS (19), Kuyasa PS (16), Enkululekweni PS (SBL) (1) (word deel van 'n groter baksteenprojek) en Nomsa Mapongwana PS (SBL) (1) (99). Die Denneoord PS (SBL) (1) projek is gekanselleer en die fondse is bygevoeg by die fondse om 4 klaskamers te bou (sien hierbo). Dieselfde het met die MM Mateza PS (SBL) projek gebeur (1).

Kapitaalwerke	Getal projekte afgehandel	Skole
	Sekondêre skole 183 van 201(201 later verander na 222 klaskamers)	<p>Percy Mdala SS (SBL) (4), Masibambisaní SS (6) en Langeberg SS (SBL) (4) is gedurende die eerste kwartaal van 2007/08 voltooi (14).</p> <p>Wellington SS (SBL) 7), Heideveld SS (SBL) (1), Vredenburg SS (SBL) (1), Thandukhulu SS (SBL) (3), Esangweni SS (SBL) (1) en Umyezo Wama Apile SS (SBL) (2) is gedurende die tweede kwartaal voltooi(15).</p> <p>Khayelitsha No 1 SS (39), Khayelitsha No 2 SS (38), Khayelitsha No 3 SS (38), Diazville SS (SBL) (4), Langeberg SS (SBL) (4), Masakheke GS (SBL) (6), Murraysburg SS (SBL) (1) , Sinenjongo SS (SBL) (2) en Khanyolwethu SS (SBL) (1) is gedurende die derde termyn voltooi (133).</p> <p>Die volgende klaskamers is gedurende die vierde kwartaal voltooi: Montagu SS (5), Eersterivier SS (1), Barrydale SS (1), Hexvallei SS (SBL) (1), Bloekombos SS (SBL) (4) Sinenjonga (SBL) (3) en Wellington SS (SBL) (6) (21).</p> <p>Die voltooiing van klaskamers by Khayamandi SS (35), Bonteheuwel SS (SBL) (2) en Kylemore SS (SBL) (2) (39) het nie gedurende 2007/8 gematerialiseer nie en sal slegs gedurende 2008/9 voltooi word.</p> <p>Toestemming is verleen dat die klaskamerprojek by Iqhayiya SS (4) vereers kan oorstaan en dat die fondse vir die upgraderingsprojek by die skool gebruik kan word.</p>
Verskuiwing van mobiele klaskamers	Primêre skole 27 klaskamers is reeds gedurende 2006/7 verskuif  15 nuwe klaskamers is geïdentifiseer, waarvan slegs 6 voltooi is onderwyd die verskuiwing van 2 klaskamers nou eers plaasvind	<p>Sir Lowrey's Pass PS (SBL) (3) en Vuyani PS (SBL) (2) is reeds gedurende die 2006/07 finansiële jaar voltooi (5).</p> <p>Twee-en-twintig klaskamers is reeds gedurende 2007/8 aan Bloekombos PS (22) toegewys.</p> <p>Vyf mobiele klaskamers is vanaf Sinethemba PS verskuif en drie is by Sithembele Matiso PS en twee by Khayamandi PS hervestig (5).</p> <p>Tans word die evaluering van die toestand van 2 mobiele eenhede by Montagu SS, 2 by Masakheke en 2 by Uitnood PS onderneem om die geldigheid van die verskuiwing van hierdie klaskamers te bepaal (6).</p> <p>Twee klaskamers by Ysterplaat PS gaan verwyder en afgeskryf word (3).</p> <p>Die een by Vuselele PS wat afgeskryf sou word, is herstel en word gebruik (1).</p> <p>Na evaluering van die toestand van die 2 klaskamers by Montagu SS is daar besluit om dit na Ashbury PS in Montagu te verskuif. Verskuiwing vind tans plaas.</p> <p>Die verskuiwing van 'n mobiele kombuisseenheid het nie gematerialiseer nie.</p> <p>Hierdie prestasiemaatstaf is slegs 'n raaiskatting totdat klaskamers vir verskuiwing beskikbaar word.</p>

Kapitaalwerke	Getal projekte afgehandel		Skole
Forums	Primêre skole	1 van 2	Die konstruksie van die forum by Turfhall PS is in die derde kwartaal afgehandel. Die forum by Mzamomtsha PS sal slegs in die 2008/9 finansiële jaar afgehandel word.
	Sekondêre skole	12 van 12 forumprojekte het vanaf 8 tot 12 projekte toegeneem	Die forums by Matthew Goniwe SS (SBL) en Guguletu GS (SBL) is gedurende die eerste kwartaal afgehandel. Forums by Ravensmead SS, Vusisiswe SS, Paulus Joubert SS en Rocklands SS (SBL) is gedurende die tweede kwartaal voltooi. By Mondale SS en in Knysna is forums gedurende die derde kwartaal voltooi. Forums by Sarepta SS (SBL), Scottsville SS (SBL), Mountview SS (SBL) en Phoenix SS (SBL) is gedurende die vierde kwartaal voltooi.
Toilette	Primêre skole	181 van 228 (tot 267 gestyg) Oorspronklik moes 279 WK's gedurende 2007/2008 voltooi word. Hierdie totaal moet met 51 WK's verminder word.	Die ablusiefasilitete by Vredendal PS (17) en Heinzpark PS (34) is gedurende 2006/07 voltooi en moet van die 2007/08-syfers afgetrek word (51). Die toiletfasilitete by Smutsville PS (18), Table View PS (34), Khayelitsha PS No. 1 (34), Khayelitsha PS No. 2 (34), Delft N2 Gateway PS (34) en Rhenenadal PS (18) is gedurende die derde kwartaal voltooi (172). Die Buffelsnek PS (5) WK-opgradering as 'n kapitaalprojek is gekanselleer aangesien die toilette reeds met instandhoudingsfondse opgegradeer is (5). Die toiletfasilitete by Samora Marchel PS (34), Table View PS (34) en Dalebhule PS (17) is steeds in aanbou (85). 'n Gebrek aan beskikbaarheid by die Table View PS het genoodskap dat die WKOD reëlings tref vir die voorsiening van 4 WK's.
	Sekondêre skole	96 van 123 Oorspronklik moes 150 WK's gedurende 2007/2008 voltooi word. Hierdie getal moet met 27 WK's verminder word.	Die ablusiefasilitete by Inkwenkwezi SS (27) is in 2006/07 voltooi (27). Die Schoonspruit SS (SBL) (15 WK's)-projek is gedurende die tweede termyn voltooi (15). Die fasilitete by Khayelitsha No. 1 SS (27), Khayelitsha No. 2 SS (27) en Khayelitsha No. 3 SS (27) is gedurende die derde kwartaal voltooi (81). Die fasilitete by Khayamandi SS (27) is nog in aanbou (27).
Opgraderingsprojekte	Primêre skole	1 van 1	Die administratiewe fasilitet by Thembani PS is gedurende die tweede kwartaal voltooi.
	Sekondêre skole	3 van 4	Die administratiewe fasilitet by Esselenpark SS is gedurende die tweede kwartaal voltooi en die Oaklands SS-administrasieblok gedurende die vierde kwartaal. Die administratiewe fasilitet by Thandokhulu SS is nog in aanbou. Die eerste fase van die vervanging van die opslaanklaskamers met permanente klaskamers by Suid-Skiereiland SS is gedurende die tweede kwartaal afgehandel en die tweede fase is tans in aanbou.
	Spesiale skole	2 van 2	Die oprigting van die Siviwe-vaardigheidskool en Mitchells Plein-vaardigheidskool is gedurende die vierde kwartaal afgehandel. Eskom se opgradering van elektrisiteitsvoorsiening aan hierdie fasilitete en Stad Kaapstad se koppeling van die riolering is nog steeds nie gedoen nie.

## 12.1.2 Instandhoudingsprojekte gedurende 2007/08 onderneem

Getal projekte	Begroting vir 2007/08 R'000	Beraamde Finale Koste R'000
640	37,086	37,325

\*'n aanduidende getal projekte

### Vordering gemaak met die uitwissing van die instandhoudingsagterstand gedurende die oorsigjaar

Die beraamde koste om alle bestaande skoolgeboue in die Wes-Kaap te vervang, beloop R15,053 miljard. Volgens die Staatsdienskode moet 1,5% van 'n gebou se vervangingswaarde jaarliks vir die instandhouding daarvan beskikbaar gestel word. Daar moet dus jaarliks vir 'n bedrag van R180 miljoen, voor eskalasie, begroot word om onderwysgeboue in die Wes-Kaap in stand te hou.

Die instandhoudingsbegroting vir 2007/08 was R37,086 miljoen. Hierdie bedrag verteenwoordig slegs 12,31% van wat werklik benodig word om die WKOD-skoolgeboue in stand te hou. Teen hierdie koers neem die instandhoudingsagterstand toe.

### Uitgebreide Openbarewerke-program (UOWP)

Die Instandhoudingsprogram vir Geboufasiliteite (IPGF) is by 480 skole geïmplementeer. Aktiwiteite verwant hieraan sluit in die skoonmaak van persele; sny van gras; diepreiniging van toilette; verskaffing van opleiding, toerusting en hulpbronne aan IPGF-werkers; skoonmaak van klaskamers en skoonmaak van geute.

Tot op hede, is werk vir 5 103 mense geskep, waarvan 202 manlike jeugdiges, 484 vroulike jeugdiges, 995 mans en 3 422 vroue is.

## 12.2 Batebestuur

### Onroerende bates

Die WKOD gebruik die Onderwysbestuursinligtingstelsel (OBIS) en die Inligtingstelsel vir Skole se Register van Behoeftes (ISRB) wat voldoende is om onroerende bates te bestuur.

### Belangrike roerende bates

#### Hoofkantoor en OBOS'e (insluitend kantore gekoppel aan OBOS'e)

Ten opsigte van roerende bates het die WKOD 'n batebestuurseenheid daargestel. Hierdie eenheid is een van die pilare van die Voorsieningskanaaleenheid.

Alle meubels en toerusting wat deur Hoofkantoor en die Distrikskantore benodig is, is vanaf Hoofkantoor aangekoop en is op 'n inventaris van roerende bates vasgelê ooreenkomsdig die vereistes wat deur die Nasionale Tesourie voorgeskryf word. 'n Jaarlikse audit van roerende bates (November) en 'n voorraadopname (Februarie/Maart) is uitgevoer met die hulp van 'n privaatkontrakteur wat spesiaal vir hierdie doel aangestel is.

Die volgende maatreëls is getref om data-integriteit te verseker ter ondersteuning van 'n doeltreffende bateregister wat rekeningkundige standaarde handhaaf en 'n doeltreffende, doelmatige en akkurate rekonsiliasie van inligting verseker:

- Jaarlikse voorraadopname deur die Departement uitgevoer soos voorgeskryf in die Tesourieregulasies.
- 'n Halfjaarlikse voorraadopname vind ook tans plaas gegewe die getal items.
- Inventarisse is deur die verantwoordelike amptenare bekragtig en deur die Verantwoordelikhedsbe-stuurders gesertifiseer.
- Omsendskrywes is ooreenkomsdig hoofstuk 10 van die Tesourieregulasies uitgereik.
- Verkrygingsprosedures vir bates is in die Rekenpligtige Beampte se Stelsel uiteengesit.
- 'n Rekonsiliasie van aankope op LOGIS en aan besteding op BRS is elke maand gedoen.
- Die bateregister bevat al die inligting wat kragtens Tesourieregulasies vereis word.

Die meganismes wat ingestel is om te verseker dat 'n doeltreffende stelsel in plek gestel word vir die identifisering, beveiliging en monitering van asook rekordhouding oor roerende bates sien as volg daaruit:

- Alle bates is van staafkodes voorsien, as "RSA" gemerk en in inventarisé aangeteken.
- Alle bates is in die roerendebateregister aangeteken in al die batekategorieé wat deur die Tesourie aangedui is en is van eenmalige nommers (staafkodes) voorsien.
- Verantwoordelikheidsbestuurders is verantwoordelik vir die beveiliging van hul bates.
- Alle roerende bates is per kostesentrum en plek op 'n inventaris vasgelê. Inventarisé is deur die kostesentrumbestuurder as korrek gesertifiseer en word duidelik sigbaar by elke plek vertoon.

## Skole

Daar is besluit om kragtens bestaande Tesourieriglyne oordragbetalings aan skole te doen sodat skole hul eie toerusting vanaf gekontrakteerde verskaffers kan aankoop. Alle aankope deur skole is van die LOGIS-bateregister verwijder aangesien hierdie aankope, kragtens die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), as skole se inventarisitems geag word. Skole moet dus oor hierdie inventarisitems in hul finansiële jaarstate verslag doen. Die LOGIS-bateregister weerspieël die inventarisé vir die WKOD se Hoofkantoor asook dié van die OBOS'e en hul onderskeie dienspunte.

## Planne rakende roerende bates, soos motorvoertuie

Die Proviniale Departement van Vervoer en Werke (Staatsmotorvervoer) bestuur die voorsiening, onttrekking en vervanging van ou en/of beskadigde staatsvoertuie (GG). Dié departement sien ook om na die lisensiëring, instandhouding en hervulling van hierdie voertuie asook die byhou van 'n bateregister op die *Fleetman*-stelsel. Voorts formuleer hierdie departement provinsiale beleid rakende die gebruik van GG-voertuie.

Die WKOD verseker dat provinsiale beleid nagevolg word. Dit hou ook 'n register in stand van voertuie wat deur die WKOD gebruik word, moniteer voertuiggebruik by wyse van logblaale en sien toe dat voertuie padwaardig is en behoorlik in stand gehou word met behulp van 'n opvolgstelsel.

Die bestaande vloot voldoen tans aan WKOD se behoeftes.

## Maatreëls wat getref is om te verseker die Departement se bateregister op datum is

Jaarlikse voorraadopnames word uitgevoer om te verseker dat die WKOD se bateregister op datum bly. Die fisiese verifikasié van bates is met behulp van tydelike personeel deur die Batebestuurafdeling uitgevoer.

## 13. Koördinering, samewerking en planne vir uitbesteding

### 13.1 Interdepartemente koppelings

Die WKOD is die hoofdepartement verantwoordelik vir die ontwikkeling, implementering en monitering van die provinsie se MKOS. Die omvang van hierdie taak noodsaak egter dat alle staatsdepartemente op provinsiale en plaaslike regeringsvlak die implementering van hierdie strategie ondersteun en daartoe bydra. Sleuteldepartemente sluit die Departemente van Gesondheid, Maatskaplike Ontwikkeling en Gemeenskapsveiligheid asook Vervoer en Openbare Werke in. Hierby vervul sosiale vennote soos die georganiseerde handel en arbeid asook die burgerlike samelewing by monde van die Proviniale Ontwikkelingsraad 'n allerbelangrike rol in die vorming en implementering van MKOS.

Ten opsigte van onderwysbeleid, word daar gereeld met die nasionale Departement van Onderwys vergader en aan besprekings van forums soos die ROM en die Komitee vir Onderwyshoofde (HODKOM) en sy subkomitees deelgeneem.

Daar is ook gereeld met susterdepartemente beraadsblaag oor intersektorale samewerking, veral met die Departement van Gesondheid (MIV-vigs en lewensvaardighede, gesondheid en welstand in skole, vroeë identifikasie en skoolgesondheidsdienste), Gemeenskapsveiligheid (Veiligeskole-projek en Leerderondersteuningbeamppte-projek om skoolversuum en jeugoorredings te verminder), die Premier (Kantoor vir die Status van Gestremde Persone – Proviniaal Geïntegreerde Gestremdhedstrategie), Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (Fees van die Leergierige Kaap en ekonomiese groeisektore) en Vervoer en Openbare Werke (kapitaalprojekte en instandhouding). Kwartaallikse vergaderings word met die koördinerende komitee vir die Geïntegreerde Gediensdegrondprojek (GGGP) gehou vir die voorsiening van skoolgeboue in voorheen benadeelde gebiede. Besprekings met susterdepartemente oor geïntegreerde holistiese ontwikkeling vind ook op 'n gereelde grondslag plaas. Tesame met provinsiale en plaaslike regeringsdepartemente is 'n Geïntegreerde Proviniale Strategiese Plan vir MIV en vigs 2007-2011 ontwikkel wat reeds deur die Proviniale Vigsraad bekragtig is.

Die VOOO-subdirektoraat van die WKOD is by vele vennootskappe met ander provinsiale departemente betrokke. Deur hierdie vennootskappe word daar aan werknemers van provinsiale departemente die geleentheid gebied om 'n AOOS te verwerf. Die lewering van VOOO aan werknemers van provinsiale regeringsdepartemente is in plek. Vennootskappe word op

provinsiale en sentrumvlak aangegaan. Hierdie riglyne sluit, onder andere, fases in die implementering van vennootskappe, rolle en verantwoordelikhede van die betrokkenes, koste en kostedrywers in. Tien provinsiale departemente asook die nasionale Departemente van Waterwese en Korrektiewe Dienste maak deel van hierdie vennootskappe uit. Om die vennootskappe te formaliseer, is aktes van verstandhouding (AVV's) ontwikkel.

### **13.2 Koppelings met plaaslike regering**

Die WKOD werk saam met Stad Kaapstad ten opsigte van die Stedelike Vernuwingsprogram (SVP) en die Sentrale Karoomunisupaliteit rakende die Geïntegreerde Volhoubare Landelike Ontwikkelingsprogram (GVLOP). Die doel van beide programme is om medewerkend en geïntegreerd saam met ander departemente en regerings daaraan te werk om armoede te verlig deur die vaardighede van werklose mense te ontwikkel.

### **13.3 Openbare entiteite**

Die WKOD is tans vir geen openbare entiteite verantwoordelik nie.

### **13.4 Openbare, private vennootskappe, uitbesteding, ens.**

Alhoewel die WKOD geen volkome openbare-privaat vennootskappe het nie, het die departement 'n aantal intervensies en projekte bekendgestel in 'n poging om verskeie aspekte van gehalte-onderwys in skole onder die loep te neem. Hierdie projekte en intervensies word óf regstreeks deur die WKOD (deur die OBOS'e) óf deur verskeie onderwys-nieregeringsorganisasies (NRO's) bestuur. Hierdie vennootskappe is hoofsaaklik dwarsliggend (binne die WKOD) en/of multisektoraal van aard, bestaan om psigososiale en ekonomiese kwessies die hoof te bied wat, tensy daar doeltreffend werk van gemaak word, die voorsiening van gehalte-onderwys in skole sal ondermy, en is voorts daargestel om die poel van beskikbare fondse te vergroot en tegelyk verlaagde finansiële investering deur die WKOD te verseker.

Die Wêreldfonds vir Vigs ondersteun deur die Departement van Gesondheid 'n nougesette MIV-vigs-portuuronderriginisiatief in 94 sekondêre skole. 'n Verdere 42 skole implementeer ook hierdie program met behulp van ander befondsing. Daar is ook 'n getal laevlak-medewerkingsvennootskappe binne die WKOD se MIV-vigsprogram.

Die WKOD werk saam met ses private ontwikkelaars aan die ontwikkeling van stelsels vir gebruik in die Skooladministrasie-en-bestuurstelsel-projek.

Die WKOD het ook saam met PETROSA gewerk. Hulle het 'n R12 miljoen-gebou vir Rietvlei Primêre Skool by Mosselbaai voltooi en het al vier voormalige DOO-skole in Mosselbaai ten volle toegerus met uiterst moderne rekenaar- en wetenskaplaboratoriums.

'n Akte van Verstandhouding is tussen PETROSA en die Wes-Kaapse Departement van Onderwys onderteken waarin voorsiening gemaak word vir die besteding van 'n donasie van R15 miljoen vir die oprigting van 'n nuwe primêre skool in Vredenburg.

Tans is die beplanning vir die nuwe skool afgehandel en die projek is geadverteer.

Garden Cities Edms. Bpk. beplan en bestuur die bou van skoolsale. Die bou van hierdie sale by Matthew Goniwe SS (Khayelitsha), Intshukumu Komprehensiewe Skool (Guguletu), Knysna SS (Knysna), Rocklands SS (Mitchells Plein), Sarepta SS (Kuilsrivier), Scottsville SS (Kraaifontein), Phoenix SS (Manenberg) en Mountview SS (Hanoverpark) is gedurende 2007/8 afgehandel. Tans is die saal by Mzamomtscha PS nog in aanbou.

Handelskamer: Tegnopreneur-kompetisie vir Graad 10's

SANTAM: Befonds beste praktyke vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

SANLAM: Ontwikkeling van 'n holistiese MIV-vigs kurrikulumgebaseerde program

Kaapstad Holocaust Centre: Om die Geskiedenis en Onself in die Oë te Kyk (Graad 9 tot 12)

### **13.5 Donateurbefondsing**

Die WKOD het geen donateursfondse gedurende die 2007/2008 finansiële jaar ontvang nie.

Opsomming: Nasionale Prestasiemaatstawwe			
Program / Subprogram / Prestasiemaatstawwe	Beplane Beraamde Teiken 2007/08	Werklik Behaalde Teiken 2007/08	Verskil tussen Beraamde en Werklike Prestasie
<b>KWARTAALLIKSE UITSETTE</b>			
<b>Program 1: Administrasie</b>			
Getal skole wat die Skooladministrasie-en-bestuurstelsel implementeer	1450	1 452	2
Getal skole wat elektronies deur die Departement gekontak kan word	1440	1 427	-25
<b>Program 2: Openbare Gewone Skole</b>			
Getal leerderdae deur die voedingsprogram gedek	34 680 000	39 681 400	5 001 400
Getal openbare gewone skole met watertoevoer	1 450	1 452	2
Getal skole met 'n toereikende getal funksionele toilette	164	750	586
Getal leerders wat voordeel trek uit leerdervervoer	46 900	44 495	-2 405
<b>Program 3: Onafhanklike Skoolsubsidies</b>			
Getal befondsde onafhanklike skole vir moniteringsdoeleindes besoek	44	61	17
<b>JAARLIKSE UITSETTE</b>			
<b>Provinsiale Onderwyssektor</b>			
Getal kinders van verpligte skoolgaande ouerdom wat skole bywoon	620 714	605 622	-15 092
Getal jeugdiges bo verpligte skoolgaande ouerdom wat skole en ander opvoedkundige instellings bywoon	215 916	199 278	-16 638
Openbare besteding aan die armste leerders as 'n persentasie van openbare besteding aan die mins arm leerders	102.9%	106.8%	3.9%
Jare inset per VOOS-gekwalifiseerde	-	-	-
Gemiddelde hoogste skoolgraad deur volwassenes in populasie behaal	Graad 10	Graad 9.4	0.6 van 'n graad
Geletterdheidskoers onder volwassenes	95.3%	95.6%	0.3%
<b>Program 1: Administrasie</b>			
Getal swart vroue in senior bestuursposte	8	15	7
Persentasie van huidige besteding aan nie-personele items bestee	21.1%	22.2%	1.1%
<b>Program 2: Openbare Gewoneskoolonderwys</b>			
Getal leerders in openbare gewone skole met spesiale behoeftes	Geen teiken gestel nie	13 646	-
Getal gewone openbare skole met elektrisiteit	1 450	1 452	2
Besteding aan instandhouding as 'n persentasie van die waarde van skoolinfrastruktuur	0.2%	0.2%	0%
Getal skole met meer as 40 leerders per klas	0	0	0
Getal nie-Artikel 21-skole waar alle LOOM en ander vereiste materiaal teen die eerste dag van die skooljaar afgelewer is	450	456	6
Getal skole met Artikel 21-status	1 000	996	-4
Getal werkdae verloor weens opvoederafwesigheid in openbare gewone skole	336 647	295 462	41 185
Getal leerderdae verloor weens leerderafwesigheid in openbare gewone skole	-	-	-

Opsomming: Nasionale Prestasiemaatstawwe			
Program / Subprogram / Prestasiemaatstawwe	Beplane Beraamde Teiken 2007/08	Werklik Behaalde Teiken 2007/08	Verskil tussen Beraamde en Werklike Prestasie
<b>JAARLIKSE UITSETTE</b>			
<b>2.1 Openbare primêre skole</b>			
Herhalingskoers in graad 1 tot 7	Geen teiken gestel nie	8.5%	-
Getal leerders in graad 3 wat aanvaarbare uitkomste in Syfervaardigheid en Geletterdheid behaal	Toetsing vind slegs elke 2de jaar plaas		
Getal leerders in graad 6 wat aanvaarbare uitkomste in Wiskunde, Geletterdheid en Natuurwetenskappe behaal	Geletterdheid: 39 533 Syfervaardigheid: 25 692	Geletterdheid: 32 191 Syfervaardigheid: 10 060	Geletterdheid: 7 342 Syfervaardigheid: 15 632
<b>2.2 Openbare Sekondêre skole</b>			
Getal dogters wat Wiskunde en Wetenskap in graad 10 tot 12 neem	Geen teiken gestel nie	22 441	-
Herhalingskoers in graad 8 tot 12	Geen teiken gestel nie	20.9%	-
Slaagkoers in graad 12-eksamens	39.5%	39.1%	-0.4%
Slaagkoers in graad 12 vir Wiskunde en Wetenskap	11.1%	9.5%	-1.6%
Getal leerders in graad 9 wat aanvaarbare opvoedkundige uitkomste in alle leerareas behaal	60 589	54 693	-5 896
<b>Program 4: Openbare Spesiale-skoolonderwys</b>			
Getal kinders met spesiale behoeftes van verpligte skoolgaande ouderdom nie by opvoedkundige instellings ingeskryf nie	1 045	1 044	-1
<b>Program 5: Verdere Onderwys en Opleiding</b>			
Getal VOO-studente relatief tot jeugdiges in die provinsie	1:4	1:50	1:46
Getal vroulike studente wat hulle op tegniese terreine bevind	8 653	2 321	-6 332
VOO-kolleges se deursetkoers	81.7%	70%	-11.7%
Getal leerders wat deur VOO-kolleges in leerderskapte uitgeplaas is	Geen teiken gestel nie	4 500	-
<b>Program 6: Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes</b>			
Getal BOOV-leerders relatief tot volwassenes in die provinsie	1:70	1:2186	1:2116
<b>Program 7: Vroeëkinderontwikkeling</b>			
Getal leerders in openbaar befondsde graad R	72 102	58 702	-13 400

► **PM001: Persentasie kinders van verpligte skoolgaande ouderdom wat skole bywoon**

Dit is die persentasie van die kinders van verpligte skoolgaande ouderdom in die provinsie wat enige skool of opvoedkundige instelling bywoon. Hierdie prestasiemaatstaf dui aan hoe doeltreffend daar aan kinders se reg tot onderwys, soos uitgedruk in die Grondwet, voldoen word en die mate waartoe daar aan die bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet verwysend na verpligte skoolgaande ouderdom voldoen word.

Bron:

Vir nie-sensusjare word die *StatsSA* Algemene Huishoudelike Opnamedata (AHO) van toepassing op die jaar ter sprake as beide die teller en die noemer gebruik.

► **PM002: Persentasie jeugdiges bo verpligte skoolgaande ouderdom wat skole en ander opvoedkundige instellings bywoon**

Dit is soortgelyk aan PM001, behalwe dat hierdie prestasiemaatstaf na ouer kinders verwys. Hierdie is die persentasie van die bevolking in die provinsie in die ouderdomsgroep 15 tot 17 wat enige skool of ander opvoedkundige instelling bywoon. Dit wys hoe suksesvol die regering en die land onderrig en ander onderwys ná die basiese onderwysvlak voorsien. Alhoewel die Grondwet onderwys vir hierdie ouerdomsgroep nie as 'n basiese reg beskou nie, verplig dit die regering om verdere onderwys progressief beskikbaar en toeganklik vir ons jeugdiges te maak.

Bron:

Vir nie-sensusjare word die *StatsSA* Algemene Huishoudelike Opnamedata (AHO) van toepassing op die jaar ter sprake as beide die teller en die noemer gebruik.

► **PM003: Openbare besteding aan die armste leerders as 'n persentasie van openbare besteding aan die mins arm leerders**

Dit is die regering se besteding aan die armste een-vyfde kinders en leerders as 'n persentasie van die regering se besteding aan die een vyfde wat die minste arm is. Gedurende die laaste jare van apartheid was die persentasie in die omgewing van 20%. Dit is die regering se oogmerk om hierdie persentasie tot meer as 100% vir alle provinsies te verhoog. Daar is baie faktore wat hierdie persentasie op en af laat fluktueer: die pro-arm-posvoorsiening- en -skooltoewysingsbeleid van die regering; die regering se skoolbouprogramme (stoot die persentasie op); getal arm kinders wat nie skool gaan nie (en daarom geen onderwysbefondsing ontvang nie); probleme wat ondervind word om onderwysers na landelike gebiede te lok (hierdie faktore druk die persentasie af).

Bron:

Inskrywingsyfers vir leerders in openbare gewone skole in kwintiel 1- of kwintiel 5-skole word uit OBIS-inskrywingsyfers verkry soos bereken uit die Jaarlikse Skoolopname (JSO).

► **PM004: Jare inset per VOOS-graduant**

Hierdie is die getal jare van skoolopleiding waarin die regering belê om elke graad 12- of gelykwaardige graduant te produseer. Omdat leerders herhaal en omdat leerders die skoolstelsel voor die einde van graad 12 verlaat, is die getal jare altyd groter as 12. Deur egter die getal jare so laag as moontlik te hou, kan die regering meer onderwys van 'n beter gehalte aan meer mense bied.

Bron:

Provinsies kan nie tans hierdie PM bereken nie aangesien akkurate databronne nie beskikbaar is nie.

► **PM005: Gemiddelde hoogste skoolgraad deur volwassenes in die populasie behaal**

Die maksimum moontlike waarde vir hierdie prestasiemaatstaf is 12. Dit sou die geval wees indien alle volwassenes in die populasie graad 12 voltooi het. Namate ons samelewing meer opgevoed raak, behoort die waarde vir hierdie prestasiemaatstaf toe te neem. Ons moet egter redelik trapsgewyse stygings te wagte wees aangesien dit baie jare van skoolopleiding en BOOV neem om die algemene vlakke van onderwys oor die hele volwassenebevolking te verander.

Bron:

Vir nie-sensusjare word die data vir die teller en die noemer op monsterdata gebaseer wat uit die *StatsSA* huishoudelike data afgelei is.

► **PM006: Volwassene-geletterdheidskoers**

Hierdie is die persentasie volwassenes wat in staat is om te lees en skryf, minstens op 'n basiese vlak. Ons Grondwet waarborg die reg tot basiese onderwys vir alle volwassenes wat in die verlede hiervan ontheem is. Vir menseregteredes, maar ook vir ekonomiese ontwikkelingsredes, is hierdie 'n belangrike prestasiemaatstaf vir die regering. Ons oogmerk behoort 'n volwassene-geletterdheidskoers van 100% te wees.

Bron:

Vir nie-sensusjare word die data gegrond op monsterdata wat uit *StatsSA* huishoudelike opnames afgelei is of op bevolkingskatting soos deur die DvO voorsien.

► **PM101: Persentasie skole wat die Skooladministrasie-en-bestuurstelsel implementeer**

Die Skooladministrasie-en-bestuurstelsel (SABS) is 'n nasionaal ontwerpde en gerekenariseerde stelsel wat skole in staat stel om hul leerder-, personeel-, fasilitet- en finansiële inligting meer doeltreffend te organiseer en te gebruik. Hoe meer skole SABS gebruik, hoe beter die dienste wat ons van skole kan verwag.

Bron:

Alle skole het nie noodwendig SABS in plek nie, maar alle skole het SOBIS in plek. Die WKOD het toestemming van DvO ontvang om 'n koppeling tussen SOBIS en SABS te ontwikkel. Met behulp van Cel, is die dienste van 'n analis bekom om met die implementering van hierdie koppeling tussen SOBIS en SABS te begin. Die stelselanaliseringfasie is in die eerste kwartaal van 2007 afgehandel en daar behoort teen die einde van die 2007 akademiese jaar goeie vordering te wees met die ontwikkeling van die integrasie. Hierdie ontwikkeling sal die integrasie van SABS en SOBIS moontlik maak.

► **PM102: Persentasie skole wat elektronies deur die departement gekontak kan word**

E-pos help skole om vinnig met die Departement kontak te maak indien daar 'n probleem is wat die Departement se aandag verlang. Hierdie vorm van kommunikasie stel die Departement ook in staat om vinnig en teen 'n lae koste inligting oor beleidsveranderinge, deurlopende projekte en algemene omsendskrywes deur te gee. Dit is die regering se oogmerk om te verseker dat alle skole die voordele van e-konnektiwiteit geniet.

Bron:

Die JSO verskaf inligting rakende die getal skole wat e-pos vir administratiewe doeleindes gebruik.

► **PM103: Persentasie swart vroue in bestuursposisies**

Dit is die persentasie swart vroue in bestuursposisies. Alhoewel diensbillikheid heelwat gebiede dek, is swart vroue in bestuursposisies baie belangrik om die vordering toe te lig wat Proviniale Onderwysdepartemente op die terrein van diensbillikheid maak.

Bron:

PERSAL

► **PM104: Persentasie van huidige besteding aan nie-personeelitems bestee**

Dit is die persentasie van onderwysbesteding, anders as besteding aan fisiese infrastruktuur (Nie-personeel, Nie-kapitaal), wat aan nie-personeelitems soos handboeke, skryfbehoeftes en leerdervervoer bestee word.

Bron:

Proviniale begrotingstate en jaarverslae.

► **PM201: Persentasie leerderdae deur voedingsprogram gedek**

Dit is die getal middagtes wat, deur die regering se voedingsprogram, by skole voorsien word, gedeel deur die leerderdae in 'n jaar ('n leerderdag is een leerder se bywoning op een dag). Hierdie persentasie gaan op wanneer die voedingsprogram meer leerders dek, of wanneer elke leerder meer middagtes in een jaar ontvang. Die maksimum moontlik is 100%. Ons kan verwag dat die persentasie hoër sal wees in daardie provinsies met die grootste vlakke van armoede.

Bron:

Die JSO bevat 'n vraag rakende die getal leerders wat ondersteuning onder die NSVP ontvang. Geen data word tans ingesamel oor die getal dae waarop hierdie ondersteuning aan elke skool gebied word nie, maar ander provinsiale databronne word hiervoor gebruik.

Skoolvoedingstatistiek word in die statistiese tabelle gespesifieer en dui beide die getal leerders aan wat voordeel uit die program trek asook die gemiddelde getal dae wat deur hierdie voedingsondersteuning gedek word.

► **PM202: Persentasie leerders met spesiale behoeftes in openbare gewone skole**

Dit is die persentasie leerders in openbare gewone skole wat spesiale behoeftes het. Histories het sodanige leerders probleme ondervind om toegang tot openbare gewone skole te verkry. Daar moet egter in die lig van die regering se inklusiewe onderwysbeleid maatreëls getref word om toegang 'n realiteit vir gestremde leerders te maak.

Bron:

Tans kan hierdie PM nie bereken word nie aangesien akkurate databronne nie beskikbaar is nie. Daar word voorsien dat hierdie inligting in die toekoms deur SOBIS-voorleggings vanaf skole verkry sal word.

► **PM203: Persentasie openbare gewone skole met watertoewer**

Dit is die persentasie van openbare gewone skole wat een of ander vorm van toegang tot skoon water geniet. Vir gesondheid- en ander redes is dit belangrik dat alle skole toegang tot skoon water op die persele moet hê.

Bron:

JSO-data wat op die jaar ter sprake van toepassing is.

► **PM204: Persentasie openbare gewone skole met elektrisiteit**

Dit is die persentasie openbare gewone skole met 'n elektrisiteitstoewer. Elektrisiteit is 'n belangrike voorvereiste vir die ontlooiing van moderne tegnologie wat bestuur, onderrig en leer in skole kan opskep.

Bron:

JSO-data wat op die jaar ter sprake van toepassing is.

► **PM205: Persentasie skole met 'n toereikende getal funksionele toilette**

Dit is die getal skole met minstens twee funksionele toilette vir elke klaskamer. Weens gesondheid- en skoolbywoningsredes is dit belangrik dat die skoolopleidingstelsel nader aan hierdie minimumnorm vir alle skole beweeg.

Bron:

Die totale getal toilette en urinale asook die totale getal nie-funksionerende toilette en urinale is by die sanitasieseksie van die JSO ingesluit. Die totale getal klaskamers wat vir onderrig gebruik word of die totale getal leerders per skool word ook in die JSO weerspieël.

► **PM206: Besteding aan instandhouding as 'n persentasie van skoolinfrastruktuur se waarde**

Dit is belangrik dat bestaande geboue en toerusting in die skoolonderrigstelsel behoorlik in stand gehou word sodat hulle ten volle funksioneel is en die behoefte aan vervanging geminimaliseer word. Beleid bepaal dat jaarlikse besteding aan die instandhouding van fasiliteite minstens 1,5% van die totale waarde van daardie fasiliteite moet beloop.

Bron:

Syfers vir besteding aan instandhouding word deur POD's se finansiële departemente soos deur die Standaardtabel van Rekening (STVR) se rooster bepaal, en die kapitale batewaarde word vanuit die tersaaklike bateregister(s), soos deur die POD of die Provinciale Departement van Openbare Werke bygehou, onttrek.

► **PM207: Persentasie skole met meer as 40 leerders per klas**

Dit is die persentasie skole met 'n leerder-opvoeder-verhouding groter as 40. Klasse wat baie groot is, is beslis nie bevorderlik vir onderrig en leer nie, en die oogmerk is om hierdie persentasie tot nul te verlaag.

Bron:

Beide leerdergetalle en opvoedergetalle word vanuit die JSO onttrek.

► **PM208: Persentasie nie-Artikel 21-skole waar alle LOOM en ander vereiste materiaal teen die eerste skooldag van die jaar afgelewer is**

Dit is die persentasie skole wat van die Departement afhanklik is vir die verkryging van handboeke en ander LSM's wat alle goedere wat hulle te wagte was ten laaste op die eerste dag van die skooljaar ontvang het.

Bron:

Aanvraagkettingbestuur hou die inligting rakende die lewering van handboeke in stand.

► **PM209: Persentasie skole met Artikel 21-status**

Dit is die persentasie skole waaraan ooreenkomstig artikel 21 van die Suid-Afrikaanse Skolewet sekere bestuursverantwoordelikhede toegeken is, insluitend finansiële bestuursverantwoordelikhede. (Dit hou geen verband met Artikel 21-maatskappye nie.) Dit is belangrik dat meer skole gerat sal word vir hierdie selfbestuur-status sodat skole meer doeltreffend op plaaslike druk kan reageer.

Bron:

Die Direktoraat Begrotingsbestuur beskik oor hierdie inligting.

► **PM210: Persentasie werkdae verloor weens opvoederafwesigheid by openbare gewone skole**

Hierdie prestasiemaatstaf neem enige afwesigheid van opvoeders vanaf skole, vir enige rede, in ag vir gevalle waar geen plaasvervangende opvoeder beskikbaar was nie. Om skole in staat te stel om behoorlik te funksioneer, is dit belangrik dat leerders nie sonder hul opvoeders moet wees nie. Die doel moet dus wees om hierdie prestasiemaatstaf so laag as moontlik te hou.

Bron:

PERSAL; bestaande inligtingsbronne rakende opvoederafwesigheid is egter nie geskik nie aangesien PERSAL geen inligting verskaf oor hoeveel opvoeders sonder plaasvervangers by 'n skool afwesig was nie.

► **PM211: Persentasie leerderdae verloor weens leerderafwesigheid in openbare gewone skole**

Hierdie prestasiemaatstaf is soortgelyk aan PM210 maak skenk oorweging aan leerders in stede van opvoeders. Enige afwesigheid vanaf die skool deur enige leerder behoort deur hierdie prestasiemaatstaf in berekening gebring te word.

Bron:

Die Departement het nie oor 'n bedryfstelsel beskik wat inligting oor verlore dae weens leerderafwesigheid kon verskaf nie. 'n Proses is nou in plek gestel om data in die toekoms by wyse van kwartaallikse voorleggings deur skole te bekom.

► **PM212: Die prestasieverhouding van die mins bevoorregte skool tot die mees bevoorregte skool ten opsigte van graad 3**

Dit is die gemiddeld van die punte wat deur graad 3-leerders in die armste skole behaal is vir lees en wiskunde relatief tot die gemiddeld vir die mins arme leerders, uitgedruk as 'n persentasie. Dit is nie net belangrik om hierdie nalatingskap van apartheid ten opsigte van ongelyke besteding aan leerders onder die loep te neem nie, maar dit is ook belangrik dat ongelykhede ten opsigte van leerderresultate verlaag word sodat leerders 'n gelyke kans op sukses in die lewe kan hê.

Bron:

Die resultate van die provinsiale toetsing van graad 3. Toetsing is in 2006 gedoen en word slegs elke tweede jaar gedoen; dit wil sê die volgende graad 3-toets sal in 2008 uitgevoer word.

► **PM213: Herhalingskoers in graad 1 tot 7**

Dit is die getal leerders wat hul huidige graad in graad 1 tot 7 herhaal, gedeel deur die getal leerders wat vir graad 1 tot 7 ingeskryf is. 'n Hoë herhalingskoers is beide duur en nadelig vir onderrig en leer. Dit is belangrik dat hierdie prestasiemaatstaf so laag as moontlik moet wees.

Bron:

Die WKOD het histories inligting oor herhalers as totale vanaf skole ingesamel drie maande nadat die volgende akademiese jaar 'n aanvang geneem het. Oudits wat by geselekteerde skole gedoen is, het egter aangedui dat hierdie inligting nie altyd akkuraat is nie. Die leerderopvolgstelsel is in 2006 geïmplementeer, en die 2006-skooljaar is as 'n proefjaar beskou om tandekryprobleme uit te sorteer. 'n Aanlyn-promosieproses in 2006 sowel as 'n Blits-aanlynproses in 2007 is suksesvol aangehandel. In die volgende verslag sal die departement in staat wees om verslag te doen oor herhalers in die provinsie sowel as leerders wat gedurende die 2007 akademiese jaar skool verlaat het.

► **PM214: Persentasie leerders in graad 3 wat aanvaarbare uitkomste in syfervaardigheid en geletterdheid behaal**

Hierdie prestasiemaatstaf word gegrond op dieselfde data as PM212. Dit dui op die persentasie van alle graad 3-leerders wat, as 'n gemiddeld, aanvaarbare uitkomste in syfervaardigheid en geletterdheid behaal.

Bron:

Die resultate van die provinsiale toetsing van graad 2. Toetsing het in 2006 plaasgevind en word slegs elke tweede jaar gedoen; dit wil sê die volgende graad 3-toets sal in 2008 plaasvind.

- **PM215: Persentasie leerders in graad 6 wat aanvaarbare uitkomste in wiskunde, geletterdheid en natuurwetenskappe behaal**

Hierdie prestasiemaatstaf dui op die persentasie van alle graad 6-leerders wat, as 'n gemiddeld, aanvaarbare uitkomste in syfervardheid, geletterdheid en natuurwetenskappe behaal.

Bron:

Die resultate van die provinsiale toetsing van graad 6. Toetsing het laas in 2007 plaasgevind en word slegs elke tweede jaar gedoen; dit wil sê die volgende graad 6-toets sal in 2009 uitgevoer word.

- **PM216: Persentasie dogters wat wiskunde en wetenskap in graad 10 tot 12 neem**

Dit is die persentasie dogters wat vir wiskunde en wetenskap in graad 10, 11 en 12 ingeskryf is. Histories is dogters onderverteenvoerdig in hierdie vakke; dus is verhoogde deelname hieraan 'n belangrike aanwyser dat daar nader aan 'n meer gender-gebalanseerde VOO-band beweeg word.

Bron:

Die Jaarlikse Skoolopname bevat inligting oor die getal manlike en vroulike leerders wat Wiskunde en Wetenskap in graad 10 – 12 neem en gee ook 'n aanduiding van die totale getal leerders in hierdie grade.

- **PM217: Die prestasieverhouding tussen die mins bevoorregte skole en die mees bevoorregte skole ten opsigte van die graad 12-slaagkoers**

Dit is die gemiddeld van graad 12-leerders in die armste skole se punte vir die Senior Sertifikaat relatief tot die gemiddeld vir die leerders wat die minste arm is, uitgedruk as 'n persentasie. Hierdie prestasiemaatstaf is dus soortgelyk aan PM209.

Bron:

Databasis vir Senior Sertifikaat-eksaminering.

- **PM218: Herhalingskoers in graad 8 tot 12**

Dit is dieselfde as vir PM213, behalwe dat hierdie prestasiemaatstaf oor graad 8 tot 12 handel.

Bron:

Die WKOD het histories inligting oor herhalers as totale vanaf skole ingesamel drie maande nadat die volgende akademiese jaar 'n aanvang geneem het. Oudits wat by geselekteerde skole gedoen is, het egter aangedui dat hierdie inligting nie altyd akkuraat is nie. Die leerderopvolgstelsel is in 2006 geïmplementeer, en die 2006-skooljaar is as 'n proefjaar beskou om tandekryprobleme uit te sorteer. 'n Aanlyn-promosieproses in 2006 sowel as 'n Blits-aanlynproses in 2007 is suksesvol afgehandel. In die volgende verslag sal die departement in staat wees om verslag te doen oor herhalers in die provinsie sowel as leerders wat gedurende die 2007 akademiese jaar skool verlaat het.

- **PM219: Slaagkoers in graad 12-eksaminering**

Dit is die totale getal Senior Sertifikaat-slaagsyfers vir 'n jaar gedeel deur die totale getal agtienjariges. Dit is nie dieselfde as die Matriekslaagkoers nie. Hierdie prestasiemaatstaf neem twee dinge in ag: Eerstens neem dit in ag hoeveel jeugdiges aan die eksaminering deelneem. Tweedens neem dit in ag hoeveel van hierdie jeugdiges wat die eksamen skryf ook die eksamen slaag.

Bron:

Die vorige jaar se verlag oor die senior sertifikaat-eksaminering. Die populasie van agtienjarige jeugdiges word bepaal vanuit die bevolkingsramings wat deur die DvO voorsien is.

- **PM220: Slaagkoers in graad 12 vir wiskunde en wetenskap**

Dit is die totale getal leerders wat in 'n jaar óf wiskunde óf wetenskap tydens die Senior Sertifikaat-eksaminering slaag, gedeel deur die getal agtienjarige leerders. Soos die algehele slaagkoers (sien PM219), gee hierdie prestasiemaatstaf 'n idee van hoeveel uitset die onderwysstelsel relatief tot die populasie behaal.

Bron:

Die databasis vir die Senior Sertifikaat-eksaminering bevat inligting oor die getal leerders wat die Senior Sertifikaat-eksaminering in Wetenskap of Wiskunde of albei geslaag het. Die DvO verskaf produksieramings rakende die getal agtienjariges in die Provincie.

- **PM221: Persentasie leerders in graad 9 wat aanvaarbare opvoedkundige uitkomste in alle leerareas behaal**

Hierdie prestasiemaatstaf dui op die persentasie van alle graad 9-leerders wat, as 'n gemiddeld, aanvaarbare opvoedkundige uitkomste behaal.

Bron:

Graad 9-resultate.

► **PM301: Persentasie befondsde onafhanklike skole wat vir moniteringsdoeleindes besoek is**

Dit is die persentasie van onafhanklike skole wat 'n staatsubsidie ontvang en wat gedurende die jaar vir gehaltebeheerdoeleindes deur die Departement besoek is. Dit is belangrik dat die regering die gehalte van onderwys wat in onafhanklike skole aangebied word, moniteer – veral in daardie skole wat staatsubsidies ontvang – en dat die Departement sal optree wanneer daar nie aan minimumstandaarde voldoen word nie.

Bron:

Die Onderwysbestuur-en-Ontwikkelingsentrums.

► **PM401: Persentasie kinders met spesiale behoeftes van verpligte skoolgaande ouderdom nie by opvoedkundige instellings ingeskryf nie**

Dit is die persentasie gestremde kinders van verpligte skoolgaande ouderdom wat nie by enige opvoedkundige instelling ingeskryf is nie. Dit is belangrik dat die regering voldoende en gesikte toegang tot spesiale en openbare gewone skole vir hierdie leerders sal verskaf.; hierdie prestasiemaatstaf behoort 'n waarde van 0% te vertoon.

Bron:

Tersaaklike vrae vanuit die mees resente Algemene Huishoudelike Opname is gebruik.

► **PM501: Getal VOO-kollegestudente relatief tot jeugdiges in die provinsies**

Dit is die getal VOO-kollegestudente, van alle ouderdomme, gedeel deur jeugdiges in die ouderdomsgroep 16 tot 18. Alhoewel baie VOO-kollegestudente ouer as 18 mag wees, verskaf hierdie prestasiemaatstaf 'n duidelike aanduiding van hoe geslaagd VOO-kolleges uitrek na die jeug en die bevolking as geheel.

Bron:

Vir nie-sensusjare word populasiesyfers vanuit die mees resente Algemene Huishoudelike Opnames of populasieramings soos verskaf deur die DvO verkry. VOO-koppellings word vanaf VOO-kolleges verkry.

► **PM502: Persentasie vroulike studente wat hulle op 'n tegniese terrein bevind**

Dit is die persentasie van alle vroulike VOO-kollegestudente wat vir ingenieurswese of 'n ander tegniese veld ingeskryf is. Histories inskrywings van vroue in hierdie velde laag. In belang van gender-gelykhed moet hierdie situasie verbeter.

Bron:

Alhoewel kolleges se inskrywingsrekords alle nodige inligting vir die berekening van hierdie prestasiemaatstaf behoort te bevat, volg nog die PoD's nog die DvO 'n sistematiese benadering ten opsigte van die inwin van hierdie inligting. Tans word die data vir hierdie PM vanaf VOO-kolleges verkry.

► **PM503: VOO-kolleges se deursetkoers**

Dit is die getal studente wat die finale eksaminerings slaag, gedeel deur die totale getal studente wat op die VOO-kollegestelsel ingeskryf het met die voorname om die eksaminerings te slaag.

Bron:

Tans is die insameling van tersaaklike data 'n baie komplekse proses, en kolleges sal in hierdie verband opgelei moet word. (Eenvoudig gestel, nie alle studente skryf een keer per jaar eksamen nie; gevvolglik is daar geen databasis waarvolgens berekenings gedoen kan word nie. Voorts bestaan geen enkele eksamenowerheid nie – elke SOOO stel sy eie vereistes vir die assessering van die tersaaklike program.) Die data vir hierdie PM word tans vanaf VOO-kolleges verkry.

► **PM504: Persentasie leerders wat deur VOO-kolleges in leerderskappe uitgeplaas is**

Dit is die leerders in leerlingskappe wat hul opleiding deur VOO-kollege ontvang, as 'n persentasie van alle leerders wat leerderskappe in die provinsie deurloop. Hierdie prestasiemaatstaf dui op VOO-kolleges se vermoë om leerders vanuit die leerlingskapstelsel te lok.

Bron:

VOO-kolleges se rekordhouing oor leerlingskapaktiwiteit is nie omvattend nie bloot omdat hierdie kolleges se IT-stelsels nie vir hierdie tipe intervensie gerat is nie. Leerderskappe is nie die kern van VOO-kolleges se bedrywighede nie (hulle is self-befonds). Kolleges bedryf leerderskappe as afsonderlike sake-eenhede met wat hul eie personeelkorps (administratief, opvoedkundig, projekbestuur) in diens het. Die implementering van FETMIS – 'n leerderopvolgstelsel vir VOO-kolleges – sal in die toekoms hulp met die insameling van inligting in hierdie verband verleen.

► **PM601: Getal BOOV-leerders relatief tot volwassenes in die provinsie**

Dit is die getal studente wat by openbare BOOV-sentrumms ingeskryf is, gedeel deur die totale getal volwassenes in die populasie. Hierdie persentasie gee 'n aanduiding van hoe omvattend BOOV in die provinsie aangebied word.

Bron:

Vir nie-sensusjare word populasiesyfers vir volwassenes verkry uit die Algemene Huishoudelike Opnames vir die jaar ter sprake soos voorsien deur die DvO.

► **PM701: Persentasie leerders in openbaar befondsde graad R**

Dit is die totale getal leerders in openbaar befondsde graad R (in openbare skole of gemeenskapsentrumms) gedeel deur alle vyfjariges in die populasie. Alhoewel dit nie die regering se oogmerk is om 100% ten opsigte van hierdie prestasiemaatstaf te behaal nie (na verwagting woon sommige leerders private sentra by), is die beleidsbepaling dat ons teen 2010 reeds 'n hoë vlak van tussen 80% en 90% moes bereik het.

Bron:

In soverre JSO as 'n toereikende databron vir skoolgebaseerde graad R beskou word, dek dit steeds nie gemeenskapgebaseerde sentra nie. Alhoewel die voorname met Witskrif 5 was dat 10% minder leerders by gemeenskapsgebaseerde sentra geakkommodeer moet word, het die implementering in verskeie provinsies aanleiding gegee tot 'n situasie waar heelwat meer leerders in der waarheid van die gemeenskapsgebaseerde sentra gebruik maak. Die syfers vanaf die JSO sou dus uiters onakkuraat wees..

Toegang tot baie landelike en afgeleë sentra bly steeds 'n uitdaging vir OBOS'e. Dit belemmer ook die insameling van akkurate data rakende graad R by Gemeenskapsentra aangesien baie van hierdie sentra in informele nedersettings geleë is met ontoereikende pos/fisiese adresse vir die aflewering van opnamevorms. Verifikasie van ouderdomme by alle sentra is noodsaaklik ten einde die korrektheid van aansprake te bepaal.

Ongeag die uitdagings wat met brondata verband hou, is die AHO die mees gesikte databron om as noemer vir hierdie PM te gebruik.

## **VRYWARING**

Hierdie verslag is 'n vertaalde weergawe van die Ouditkomitee verslag wat goedgekeur en onderteken is. Die gedeelde Ouditkomitee aanvaar geen verantwoordelikheid vir moontlike wanvertolkings gedurende die vertalingsproses nie.

## DEEL 3 - VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE

### VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE VAN DIE PROVINSIALE REGERING VAN DIE WES-KAAP OOR DIE WES-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT (BEGROTINGSPOS 5) VIR DIE JAAR GEËINDIG OP 31 MAART 2008

#### 1. Inleiding

Dit is met genoë dat ons ons verslag vir die bogenoemde finansiële jaar geëindig op 31 Maart 2008 voorlê.

#### 2. Ouditkomiteelede en Bywoning

- 2.1 Die Ouditkomitee bestaan uit die lede wat hieronder gelys word. Ingevolge sy goedgekeurde opdrag word van die Ouditkomitee verwag om 'n minimum van viermaal per jaar te vergader. Gedurende die huidige jaar is 7 vergaderings gehou.

2.2 Lede vir die jaar	Aantal Vergaderings Bygewoon
Mnr. RG Nicholls (Voorsitter)	7
Dr. L Kathan	6
Mnr. J January (Kontrak het in Augustus 2007 verstryk).	3
Mnr. R Lalu (Kontrak het in Augustus 2007 verstryk).	5
Mnr. M Joshua (Het op 7 April 2008 bedank).	5
Me. B Daries (Op 1 Desember 2007 aangestel)	
Me. P White (Op 1 Desember 2007 aangestel)	

#### 3. Verantwoordelikheid van Ouditkomitee

Die Ouditkomitee rapporteer dat hulle hul verantwoordelikhede wat uit Artikel 38(1) (a) van die Wet op die Bestuur van Openbare Finansies, 1999 (Wet 1 van 1999) en Tesourierregulasie 3.1.13 voortspruit, volgens die vereistes nagekom het.

Die Ouditkomitee rapporteer ook dat hulle 'n toepaslike formele Opdrag as hul ouditkomitee-oktrooi aanvaar het, hul sake ooreenkomsdig hierdie oktrooi gereguleer het, en hul verantwoordelikhede soos daarin vervat, nagekom het.

Die komitee was nie die geleentheid gebied om die ongeouditeerde jaarlikse finansiële state te evalueer nie, wat 'n vereiste is van die Nasionale Tesourie se Gids vir die Voorbereiding van Jaarverslae van Hoofstuk 1.

#### 4. Doeltreffendheid van Interne Beheer

Na ons mening, gebaseer op die verslae wat van die diensverskaffers ontvang is en inligting wat tydens ons ouditkomiteevergaderings gerapporteer is, is daar swakhede in die interne beheeromgewing, en dit moet in die finansiële jaar geëindig in Maart 2009 verstewig word. Verder glo ons dat bevindings wat deur die ouditiensverskaffers gerapporteer is, positiewe verandering tot gevolg moet hê.

Om die positiewe verandering voortspruitend uit ouditbevindings te verwesenlik en te moniteer, bly 'n uitdaging in die nuwe jaar.

#### 5. Interne Oudit

Soos die Ouditkomitee die afgelope twee jaar gerapporteer het, het die interne oudit nie daarin kon slaag om die nodige positiewe verandering te verwesenlik wat met die bevindings van die ouditiensverskaffer verband hou nie. Die interne ouditproses moet hersien word met die oog daarop om te verseker dat die nodige gedoen word om werk van die gerapporteerde swakhede te maak en die nodige korreksies te fasiliteer.

Die veranderingsinisiatiwe en die interne ouditplan vir 2007/2008 is met spesifieke insette van die Ouditkomitee en die departement saamgestel ten einde die interne ouditproses in staat te stel om die verlangde korreksiewaarde te lewer.

Gedurende die verslagjaar is dit nie verwesenlik nie.

**6. Die gehate van in-jaar-bestuur en maand- / kwartaalverslae wat ingevolge die WBOF en die Wet op die Verdeling van Inkomste voorgelê word.**

Na ons mening is die aan vereistes van die WBOF en die Wet op die Verdeling van Inkomste voldoen deur die maand- en kwartaalverslae wat geproduseer en aan deelhebbers gelewer is.

Die uitslae van die tesourieproses van in-jaar-monitering is nie aan ons komitee teruggevoer nie. So 'n proses kan die komitee in staat stel om enige beduidende afwykings wat aangetref word, doeltreffend te moniteer. Ons het Interne Oudit versoek om hierdie funksie namens ons waar te neem.

**7. Inligtingstegnologie**

In die verlede en tydens die verslagjaar is Inligtingstegnologie deur die voorlopige Gedeelde Diens-ouditeurs geïdentifiseer as synde op 'n kritieke risikovlek weens groot tekortkominge in hardware, programmatuur, die kapasiteit van menslike kapitaal, en 'n nypende tekort aan vaardighede.

'n Omkeerplan is voorgestel, en dit word geïmplementeer. Die jongste auditbevindings is dat die plan nie slegs onvoldoende is nie, maar dat dit ook weens die bogenoemde kapasiteitbeperkings traag is om enige positiewe verandering te bewerkstellig.

Hierdie saak word na 'n senior posisie in die provinsie opgewentel ten einde te verseker dat dit die begroting en aandag ontvang wat nodig is om die kritieke risiko te verlaag.

Verder word daar aan die Ouditkomitee gerapporteer dat die gebruikerkontroles wat met rekenaarinsette en uitsette verband hou, nie bestaan nie, of dat hulle ondoeltreffend is, en met die algemene swakhede in toepassingsbeheer verhoog dit die risikofaktor in hierdie areas.

Die gevolg van hierdie swakhede is dat die gebruikerkontroles vir nog die auditproses nog die gebruiker 'n betroubare bron is.

**8. Evaluering van Finansiële State**

Die Ouditkomitee het:

- die geouditeerde finansiële state beoordeel en bespreek wat in die jaarverslag met die Ouditeur-generaal en Rekenpligtige Beampye ingesluit moet word;
- die Ouditeur-generaal se bestuursbrief en bestuur se respons daarop beoordeel; en
- beduidende aanpassings as gevolg van die audit beoordeel.

Die Ouditkomitee onderskryf en aanvaar die Ouditeur-generaal se gevolgtrekkings aangaande die jaarlikse finansiële state, en is die mening toegedaan dat die geouditeerde jaarlikse finansiële state aanvaar, en saam met die verslag van die Ouditeur-generaal gelees moet word.

Die Departement word geluk gewens met die feit dat hy vir die eerste keer in 'n aantal jare 'n Ongekwalifieerde Ouditmening van die Ouditeur-generaal ontvang het. Die auditkomitee bemark voorts 'n verbetering in die finansiële beheer-omgewing vir die verslagjaar.

**9. Prestasie**

Die Ouditeur-generaal het 'n paar beduidende kwessies geopper wat met kernlewering van onderwys verband hou. Hierdie items sal vanaf 2010 deel van hul auditmening uitmaak.

Die departement is versoek om as deel van hul voortgesette korrigeringsprosesse aandag aan hierdie items te gee. Indien nie, kan kernlewering in die nabye toekoms 'n gekwalifieerde Algemene Ouditverslag tot gevolg hê.

**Slotsom**

Soos daar verlede jaar besluit is, moet goeie korporatiewe bestuur en doeltreffende beheer, veral op die gebied van rekenaar- en risikobestuur, die geprioritiseerde sake vir aandag en verbetering wees in die finansiële jaar wat in Maart 2009 eindig.

Kernprestasie is 'n kwessie wat hersiening en aandag benodig ten einde onderwyslewering te verbeter.



MNR. RG NICHOLLS

VOORSITTER VAN DIE OUDITKOMITEE VAN DIE WES-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT

DATUM: 4 Augustus 2008



## DEEL 4 – JAARLIKSE FINANSIELE STATE

### Inhoud

Verslag van die Rekenpligtige Amtenaar.....	1
Verslag van die Ouditeur-generaal.....	6
Toewysingstaat.....	10
Notas by die Toewysingstaat.....	20
Staat van Finansiële Prestasie .....	21
Staat van Finansiële Posisie .....	22
Staat van Veranderings in Netto Bates.....	23
Kontantvloeistaat .....	24
Rekeningkunde Beleid .....	25
Notas by die Jaarlikse Finansiële State.....	30
Onthullingsnotas by die Jaarlikse Finansiële State .....	39
Bylaes	
Bylae 1A .....	45
Bylae 1B .....	45
Bylae 1C .....	46
Bylae 1D .....	46
Bylae 1E .....	46
Bylae 1F .....	47
Bylae 1G .....	47
Bylae 2A .....	48
Bylae 2B .....	48
Bylae 3 .....	49
Bylae 4 .....	50

**WES-KAAP PROVINSIE  
ONDERWYSDEPARTEMENT  
BEGROTINGSPOS 5**

**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE AMPTEAAR  
vir die jaar geëindig op 31 Maart 2008**

Verslag deur die Rekeningpligtige Amptenaar aan die Uitvoerende Gesag en die Proviniale Wetgewer van die Republiek van Suid-Afrika.

**1. Algemene oorsig van die stand van finansiële sake**

Vir die oorsigjaar het die Departement hernude pogings aangewend om uitgawes te verhoog en om besparings te vermy. Die vernaamste prioriteitsareas het die nodige aandag ontvang, en 'n proaktiewe bestuurstyl is aan die dag gelê. Daar is vanjaar met die Herontwerpproses begin, met die aanstelling in Oktober 2007 van nuwe senior besturspersoneel. Hierdie is 'n belangrike gebeurtenis aangesien dit die aanvang inlui van ons Interne Mensekapitaal-ontwikkelingstrategie (MKOS), waardeur die strategiese kapasiteit van die Departement uitgebrei word, en die organisatoriese struktuur inlyn gebring word met die departementele strategie.

Die staakaksie deur die meerderheid van opvoeders en die moontlike impak hiervan op dienslewering was vir ons 'n groot bron van kommer. Ondanks hierdie uitdaging kon die WKOD steeds daarin slaag om goed te vaar wat die algehele slaagsyfer vir matriek betref, en bly dit steeds die toppresteerde landwyd. Dit is bereik deur spesiale maatreëls te neem soos winterskole, ekstra onderrigtyd, ens. Die departement het 'n herstelplan ingevoer in daardie skole wat erg deur die staking geaffekteer was.

Die voltooiing van onderhandelings met die vakbonde oor die Beroepspecifieke Bedeling sal ook hulp verleen met die beter vergoeding van opvoeders. Dit duur steeds voort, en spesiale aandag word daaraan gegee deur die Nasionale Departement van Onderwys wat namens die provinsiale departemente optree.

Alhoewel die beleid van Geen-fooi-skole hoofsaaklik op skole in kwintiele een en twee van toepassing is, is die verdere uitrol en befondsing van hierdie beleid na nasionale kwintiel drie-skole in die Wes-Kaap 'n groot stap om toegang tot onderwys vir ons armste leerders te verseker. Hierdie kwintiel drie-skole het dié beleid op 'n vrywillige basis aanvaar.

Die departement kon daarin slaag om 98,92% van die aangepaste begroting te bestee. Die teiken vir onder- of oorbesteding wat deur die provinsiale tesourie gestel is, staan op 1%. Ons onderbesteding beloop R84,9 miljoen. Dit kom neer op 1,08%.

Onderbesteding aan infrastruktuur op verbonde kapitaalprojekte was weens probleme met grondverkryging wat nie afgehandel kon word nie. Al die toegewysde fondse vir die Vroeëkind-ontwikkelingsprogram is nie bestee nie weens vertragings in die bevestiging van leerdergetalle wat gesubsidieer moes word, sowel as die laat indiening van eise vir subsidies.

Waar moontlik het die departement wel voorkomende stappe gedoen deur middel van behoorlike beplanning, scenario-ontleding van uitdagings, en dienooreenkomsige projekbeplanning.

**Viremente:**

Die Proviniale Tesourie het die volgende viremente tussen die hoofverdelings in die Begroting goedgekeur:

Verplasing van R290 000 vanaf program 2 na program 1 as gevolg van 37% voordele wat aan tydelik aangestelde onderwysers betaal moes word.

Verplasing van R960 000 vanaf program 2 na program 1 as gevolg van geskulde verlofgratifikasie.

Verplasing van R9 557 000 vanaf program 2 na program 4 as gevolg van 37% voordele wat aan tydelik aangestelde onderwysers betaal moes word.

Verplasing van R7 593 000 vanaf program 2 na program 5 as gevolg van 37% voordele wat aan tydelik aangestelde onderwysers betaal moes word.

Verplasing van R5 084 000 vanaf program 2 na program 8 as gevolg van 37% voordele wat aan tydelik aangestelde onderwysers betaal moes word.

Verplasing van R171 000 vanaf program 2 na program 3 as gevolg van 'n toename in leerdergetalle in onafhanklike skole.

Verplasing van R347 000 vanaf program 2 na program 4 as gevolg van 'n toename in GG-vervoertariewe.

Verplasing van R575 000 vanaf program 2 na program 4 vir nuwe vaardigheidskole.

Ongemagtigde uitgawes hoofsaaklik weens buskontrakteurs wat leerders vervoer het sonder om die behoorlik neergelegde procedures te volg. Toename in leerdergetalle word deur hoofkantoor gemagtig en die verplasing is beperk.

**WES-KAAP PROVINSIE  
ONDERWYSDEPARTEMENT  
BEGROTINGSPOS 5**

**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE AMPTEENAAR  
vir die jaar geëindig op 31 Maart 2008**

**2. Diens deur die departement gelewer**

**2.1 Tariefbeleid**

Die departement hef fooie vir eksamenverwante dienste soos die nasien van skrifte, kopiëring van seniorsertifikate ens., waarvoor die tariewe deur die Nasionale Departement van Onderwys bepaal word.

**2.2 Gratis Dienste**

Die departement lever geen dienste wat 'n beduidende inkomste kon gelewer het nie.

**2.3 Inventarisse**

Die inventaris wat aan die einde van die jaar bestaan het, was vir voortgaande werk in verband met konstruksiekontrakte. Voortgaande werk word gedefinieer as daardie konstruksiekontrakte waarvoor dienste gelewer is, maar waarvoor bindgeld nog, soos volgens die kontrakuele verpligte ooreengekom, aan die voorsiener betaal moet word. Die bedrag vir voortgaande werk vir die oorsigjaar is R136,4 miljoen.

**3. Kapasiteitbeperkings**

Die departement staar kapasiteitbeperkings op verskillende vlakke in die gesig. Met die oorsig van die gestelde teikens en die besteding van fondse is dit duidelik dat dienslewing besig is om plaas te vind. Die behoorlike beplanning van gebeurtenisse en aktiwiteite bly egter 'n uitdaging, en die aanstelling van gesikte personeel om dit in terme van die Her-ontwerp met ingang van 1 Oktober 2007 te hanteer, sal met hierdie kwessie werk.

Skole staar uitdagings in die gesig om personeel met gesikte vaardighede en kwalifikasies vir sekere vakke te vind. Vakke soos wiskunde en wetenskap staar kritieke tekorte in die gesig. Die departement het 'n beursskema in plek wat dié uitdaging ten dele die hoof bied. Die Nasionale Departement van Onderwys is ook besig om moontlike oplossings te ondersoek.

Die gedurige vakante poste by hoofkantoor, veral in die dwarslopende dissiplines soos Mensehulpbronbestuur, Verkrygingsbestuur, en Finansiële Rekeningkunde is steeds 'n uitdaging. Die opleiding van bestaande personeel en die herevaluering van posvlakke is bestaande inisiatiewe wat onderneem word om die probleem die hoof te bied.

**4. Benutting van donateursfondse**

Die departement het geen beduidende donateursfondse ontvang nie.

**5. Organisasies aan wie oordragpaaiemente gemaak is**

'n Lys van entiteite aan wie oordragbetalings gemaak word, word in Bylae 1D van die jaarlikse finansiële state gerapporteer. Die departement het ongeveer 1 900 instansies aan wie oordragbetalings gedoen word.

Oordragbetalings aan opvoedkundige instansies word ingevolge die betrokke Parlements-wet gedoen wat hulle beheer. So byvoorbeeld word oordragbetalings aan openbare gewone skole vir norms en standarde gedoen soos ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet uiteengesit. Raadpleeg aseblief Bylae 1D vir 'n meer gedetailleerde verduideliking van elke tipe entiteit.

Die departement pas Artikel 38(i)(j) van die WOFB streng toe, waar entiteite wat oordragbetalings ontvang, moet bewys dat hulle die geld bestee vir die doel waarvoor dit bewillig was. Hier moet die betrokke entiteite 'n verklaring aflê en 'n sertifikaat onderteken voordat oordragbetalings gedoen word. Ingevolge die betrokke wet wat op daardie entiteit van toepassing is, is hulle verder verantwoordelik vir die voorlegging teen 'n keerdatum van hul geouditeerde finansiële state vir beoordeling en goedkeuring. Die proses word op 'n deurlopende basis gemoniteer.

**WES-KAAP PROVINSIE  
ONDERWYSDEPARTEMENT  
BEGROTINGSPOS 5**

**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE AMPTEENAAR  
vir die jaar geëindig op 31 Maart 2008**

**6. Reëlings vir korporatiewe beheer**

Huidige Tesourieregulasies bepaal die vestiging van 'n risiko-gebaseerde benadering tot 'n Interne Oudit. Die weergawe is konsekwent met die King II-verslag.

'n Risiko-gebaseerde benadering vereis dekking van alle beduidende risiko's, maar is nie tot 'n fokus op operasionele en strategiese risiko's beperk nie.

Tans bedryf die Proviniale Tesourie die funksie van 'n interne audit met, behulp van 'n eksterne diensverskaffer, die Sihluma Sonke-konsortium. Hulle is die taak gegee om die normale risikoassessering vir die 2007/0808 finansiële jaar te doen.

Die departement het wel 'n auditkomitee wat uit onafhanklike lede bestaan. Hulle is tans met hul vierde bedryfsjaar besig. Hulle vergader gereeld en is gedurig met bestuur in verbinding. Die interne auditfunksie rapporteer direk aan die Auditkomitee.

Die departement het 'n Risiko-assereringseenheid. Een van die hooffunksies is om 'n Risiko-beleidsraamwerk in samewerking met die Proviniale Tesourie te ontwikkel. Die risiko-beleid sal in beleid vir die assessering van bedrogrisiko ontwikkel. Alhoewel laasgenoemde nog ontbreek, het die departement wel 'n generiese Bedrogvoorkomingsplan, wat nie beduidend anders sal wees wanneer 'n bedrogrisiko-assessering afgehandel is nie.

Seniorbestuur moet jaarliks 'n verklaring van 'Geen botsende belang' voltooi en voorlê. Alle bokomiteelede en alle personeel in Verkrygingsbestuur moet ook enige botsende belang verklaar.

Die veiligheid van leerders en opvoeders by skole is 'n groot uitdaging, en die departement het 'n vennootskap met ander relevante provinsiale departemente gesluit om met hierdie kwessie te werk.

Die Geïntegreerde Veiligeskole-strategie is deur die WKOD, die Departement van Gemeenskapsveiligheid, en die Suid-Afrikaanse Polisiëndiens ontwikkel, en sit duidelike prosesse en reëls vir elke sektor uiteen. Hierdie samewerkingsbenadering werk goed, en verseker oor die algemeen dat leerders beveilig word, dat leerderwegblyery beperk word, en dat middelmisbruik onder leerders redelik doeltreffend bestuur word.

**7. Gestaakte aktiwiteite / aktiwiteite wat gestaak moet word.**

Geen

**8. Nuwe / voorgestelde aktiwiteite**

Geen

**9. Batesbestuur**

Die departement het al die mylpale bereik wat luidens die Batesbestuurshervormings in die vooruitsig gestel is. Die batesbevestigingsproses word tweemaal per jaar onderneem om deurlopende verbetering te verseker. Alle bates is dus op die batesregister vasgelê, en die toestand van elke bate is aangeteken.

**10. Gebeurtenisse ná die verslagdatum**

Na die verslagdatum was daar geen beduidende gebeure om te rapporteer nie. .

**11. Prestasie-inligting**

Prestasie-inligting word op 'n kwartaallikse basis opgeteken en aan die Proviniale Tesourie voorgelê. Sekere prestasie-inligting is nie beskikbaar nie, en die departement is besig om geskikte stelsels en procedures te identifiseer om die relevante inligting op te teken.

Die bestaande stelsels sluit die Sentrale Onderwysbestuur-en-inligtingstelsel (SOBIS) in om leerderdata te voorsien, Persal om personeelsyfers te voorsien, en BRS om data oor uitgawes te voorsien.

Die direktoraat vir gehalteversekering is verantwoordelik vir die bevestiging van die data wat vir prestasie-inligting voorgelê word. Dit is nodig ten einde te verseker dat prestasie-inligting akkuraat en volledig weerspieël word.

**WES-KAAP PROVINSIE  
ONDERWYSDEPARTEMENT  
BEGROTINGSPOS 5**

**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE AMPTEAAR  
vir die jaar geëindig op 31 Maart 2008**

**12. SKOOR-resolusies**

Verwysing na vorige auditverslag en SKOOR-resolusies	Onderwerp	Bevindinge oor vordering
Resolusie 1: Ouditverslag 2004 Paragraaf 5.4(ii)	Ongemagtigde uitgawes: Uitgawes op die geletterdheidsprogram 1991/1992 – R21.949 miljoen, en oorbesteding op die begroting van die eertydse Administrasie: Huis van Verteenwoordigers 1995/1996 – R10.707 miljoen	Die komitee het aanbeveel dat die WKOD en die Provinciale Tesourie weereens dringende vertoe tot die Nasionale Tesourie rig om die kwessie te bespoedig.
Vierde Verslag SKOOR, paragraaf 3	Waarborgs vir behuisingslenings	Die WKOD aanvaar die komitee se aanbevelings
Vierde Verslag SKOOR, paragraaf 12	Oordragbetalings	Die WKOD aanvaar die komitee se aanbevelings
Vierde Verslag SKOOR, paragraaf 16	Kwalifikasies en ervaring van opvoeders	Die WKOD aanvaar die komitee se aanbevelings
Vierde Verslag SKOOR, paragraaf 21	Besteding aan infrastruktuur	Die WKOD aanvaar die komitee se aanbeveling

**13. Vorige wysigings aan auditverslae**

Met betrekking tot behuisingswaarborge het die departement 'n opvolgaksie met die verskillende finansiële instansies uitgevoer. Persal is op datum gebring met die jongste inligting wat ontvang is, en die agterstallige saldo's is dienooreenkomsdig aangepas. Korrespondensie tussen die departement en die Nasionale tesourie met betrekking tot die aanpassing en aanvaarding van die Persal-verslae duur voort.

'n Nuwe maatreël is ingestel wat bepaal dat van relevante onderwysinstansies verwag word om 'n sertifikaat te voltooi om die toepaslike uitgawes te bevestig voordat die volgende oordragbetaling sal plaasvind.

Die departement het 'n strategie ontwikkel om aandag te gee aan kommer aangaande die verwantskap tussen die kwalifikasies van opvoeders en die vakke wat hulle onderrig. In hierdie verband word 'n databasis ontwikkel, en ander stelselsdata bv. PERSAL benut, veral om inligting in verband met Wiskunde en Wetenskap na te speur.

**14. Ander: Transaksies uit die vorige bedeling (Opruimwerk)**

Die Wes-Kaapse Provinciale Administrasie het ou saldo's uit die vorige politieke bedeling geërf wat voor die 1994/1995 finansiële jaar ontstaan het. Die desentralisering van die rekeningkundige funksies van die eertydse Departement van Finansies (FBS Departement 70) het tot gevolg gehad dat hierdie saldo's, met inbegrip van ongemagtigde uitgawes, na die verskillende departemente oorgedra is. Die Wes-Kaapse Provinciale Tesourie is tans in oorlegpleging met die Nasionale Tesourie om die proses te bespoedig waardeur die nodige wetgewing aanvaar sal word om die ongemagtigde uitgawes te befonds, aangesien hierdie ou saldo's teen die S-A Reserwebankrekeninge van die gewese Kaapse Provinciale Administrasie en gewese Huis van Verteenwoordigers aangegaan was, wat 'n Nasionale Tesourie-bevoegdheid is.

Op 7 Februarie 2008 het mn. Trevor Manuel, Minister van Finansies, in 'n brief aan me. Lynne Brown, Wes-Kaapse LUR vir Finansies, laat blyk dat die Nasionale Tesourie dit tans oorweeg om die nodige wetgewing en rekeningkundige reëls op te stel om die provinsie met hierdie saak te help.

**15. Goedkeuring**

Die jaarlikse finansiële state wat op bladsye 10 tot 50 uiteengesit is, is deur die Rekeningpligtige Amptenaar goedgekeur.



RB Swartz  
**REKENINGPLIGTIGE AMPTEAAR**  
**DATUM: 2008.05.31**

## **VRYWARING**

Hierdie ouditverslag is 'n vertaalde weergawe van die ouditverslag wat goedgekeur en onderteken is. Die Kantoor van die Ouditeur-generaal aanvaar geen verantwoordelikheid vir moontlike wanvertolkings gedurende die vertalingsproses nie.



AUDITOR-GENERAL

## VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL AAN DIE PROVINSIALE PARLEMENT VAN DIE WES-KAAP OOR DIE FINANSIEËLE STATE EN PRESTASIE-INLIGTING VAN BEGROTINGSPOS NR. 5: WES-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT, VIR DIE JAAR GEËINDIG OP 31 MAART 2008

### VERSLAG OOR DIE FINANSIEËLE STATE

#### Inleiding

- Ek het die bygaande finansiële state van die Wes-Kap Onderwysdepartement geoudit, wat die volgende behels: die toewysingstaat; staat van die finansiële posisie soos op 31 Maart 2008; staat van finansiële prestasie; staat van veranderings in netto bates en kontantvloeistaat vir die jaar toe geëindig; en 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleidsbepalings enne ander verduidelikende notas soos op bladsye 10 tot 50 uiteengesit.

#### Verantwoordelikheid van die Rekeningpligtige Amptenaar vir die finansiële state

- Die Rekeningpligtige Amptenaar is verantwoordelik vir die voorbereiding en behoorlike voorlegging van hierdie finansiële state ooreenkomsdig die aangepaste kontantbasis van rekeningkunde soos in die rekeningkundige beleidsnota 1.1 uiteengesit, en op die wyse wat deur die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) (WOFB), Die Ouditeur-generaal se audit-omsendbrief 1 van 2007, en Wet op die Verdeling van Inkomste, 2007 (Wet 1 van 2007 WVVI) vereis word. Hierdie verantwoordelikheid sluit die volgende in:
  - die ontwerp, implementering en handhawing van interne beheer wat relevant is vir die voorbereiding en behoorlike voorlegging van finansiële state wat sonder wesenlike wanvoorstelling is, ongeag of dit aan bedrog of foutering toe te skrywe is
  - die selektering en toepassing van toepaslike rekeningkundige beleidsbepalings
  - die maak van rekeningkundige ramings wat onder die omstandighede redelik is.

#### Verantwoordelikheid van die Ouditeur-Generaal

- Soos deur artikel 188 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 vereis, saam gelees met artikel 4 van die Openbare Ouditwet, 2004 (Wet 25 van 2004) (OOW), is dit my verantwoordelikheid om 'n mening, gebaseer op my audit, oor hierdie finansiële state uit te spreek.
- Ek het my audit uitgevoer ooreenkomsdig die Internasionale Standaarde oor Ouditering, en die *Algemene Kennisgewing 616 van 2008*, uitgereik in die *Staatskoerant nr. 31057* van 15 Mei 2008. Daardie standaarde vereis dat ek etiese vereistes nakom en die audit beplan en uitvoer ten einde redelike versekering te verkry dat die finansiële state sonder wesenlike wanvoorstelling is.
- 'n Oudit behels die uitvoer van prosedures om ouditinligting aangaande die bedrae en onthullings in die finansiële state te verkry. Die prosedures wat geselekteer word, hang af van die ouditeur se oordeel, met inbegrip van 'n assessering van die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, ongeag of dit aan bedrog of foutering toe te skrywe is. By die doen van daardie risikoasseserings neem die ouditeur die interne beheer in ag wat relevant is vir die entiteit se voorbereiding en die behoorlike voorlegging van die finansiële state ten einde auditprosedures te ontwerp wat toepaslik vir die omstandigheids is, maar nie met die doel om 'n mening uit te spreek oor die doeltreffendheid van die entiteit se interne kontrole nie.
- Die audit sluit ook die evaluering in van die:
  - toepaslikheid van die rekeningkundige beleid wat gebruik is
  - redelikheid van rekeningkundige skattings wat deur bestuur gedoen is
  - algehele aanbieding van die finansiële state.
- Ek glo dat die auditbewyse wat ek verkry het, voldoende en geskik is om 'n basis vir my ouditmening te verskaf.

#### Rekeningkundige grondslag

- Dit is die beleid van die departement om finansiële state op die aangepaste kontant rekeningkundige grondslag voor te berei soos deur die Nasionale Tesourie bepaal, en soos in rekeningkundige beleidsnota 1.1 uiteengesit is.

## Mening

9. Na my mening bied die finansiële state billik, en in alle wesenlike opsigte, die finansiële posisie van die Wes-Kaap Onderwysdepartement op 31 Maart 2008, en sy finansiële prestasie en kontantvloei vir die jaar wat dan eindig, ooreenkomsdig die aangepaste kontant rekeningkundige grondslag wat deur die Nasionale Tesourie van Suid-Afrika bepaal en in die rekeningkundige beleidsnota 1.1 uiteengesit word, soos deur die WOBF vereis.

## ANDER SAKE

Sonder om my auditmening te kwalifiseer, vestig ek die aandag op die volgende kwessies wat verband hou met my verantwoordelikhede by die ouditering van die finansiële state.

Nie-nakoming van toepaslike wetgewing

Tesourieregulasies

10. 'n Bedrogvoorkomingsplan is nie geïmplementeer nie, ondanks Tesourieregulasies (TR) 3.2.1 en TR 29.1.1.
11. Die risikobestuursbeleid is nie geïmplementeer nie, ondanks TR 29.1.1.

Kwessies van beheer

12. Die WOBF lê aan die rekeningkundige beampte 'n aantal verantwoordelikhede op wat betrekking het op risikobestuur en interne beheer. Die implementering van sekere deurslaggewende verantwoordelikhede m.b.t. beheer lê ten grondslag hieraan, en ek het dit soos volg geassesseer:

Kwessies van beheer	Ja	Nee
<b>Ouditkomitee</b>		
• Die departement het reg deur die finansiële jaar 'n auditkomitee in werking gehad.	✓	
• Die auditkomitee werk ooreenkomsdig goedgekeurde, skriftelike opdragte.	✓	
• Die auditkomitee het in 'n hoë mate sy verantwoordelikhede vir die jaar nagekom, soos in artikel 77 van die WOBF en Tesourieregulasie 3.1.10 uiteengesit.	✓	
<b>Interne audit</b>		
• Die departement het reg deur die finansiële jaar 'n interne auditfunksie in werking gehad.	✓	
• Die interne auditfunksie werk ooreenkomsdig 'n goedgekeurde interne auditplan.	✓	
• Die interne auditfunksie het in 'n hoë mate sy verantwoordelikhede vir die jaar nagekom, soos in Tesourieregulasie 3.2 uiteengesit.	✓	
<b>Ander kwessies van beheer</b>		
Die jaarlikse finansiële state is ooreenkomsdig die wetlike sperdatums vir audit voorgelê volgens artikel 40 van die WOBF.	✓	
Die finansiële state wat vir die audit voorgelê is, was nie as gevolg van die audit aan enige wesenlike wysigings onderworpe nie.	✓	
Tydens die audit was daar geen beduidende probleme met vertragings of die niebeskikbaarheid van verwagte inligting nie.		✓
Die aanbevelings ten opsigte van die vorige jaar se eksterne audit is in 'n hoë mate geïmplementeer.	✓	
SKOOR-resolusies is in 'n hoë mate geïmplementeer.	✓	

Besteding aan infrastruktur

13. In paragrawe 6.5.1 (b) en 21 van die auditverslae vir 2005/2006 en 2006/2007 is gerapporteer dat twee tenderkontrakte vir infrastruktuurprojekte gekanselleer is aangesien die kontrakteur nie die kapasiteit gehad het om die projekte suksesvol af te handel nie. Die Departement van Openbare Werke en Vervoer het beraam dat die verlies weens die kanselliasie van die twee projekte R12m sal beloop, en dat 'n presiese bedrag slegs bepaal sal kan word nadat die uiteindelike rekening vir albei die gekanselleerde kontrakte en nuwe kontrakte om die projekte af te handel, gefinaliseer is. Die twee projekte is nou afgehandel, maar die rekeninge is nog nie gefinaliseer nie en 'n presiese berekening van die verlies weens die kanselliasie van die twee kontrakte is nog nie bepaal nie.

## ANDER VERSLAGVERANTWOORDELIKHEDE

### VERSLAG OOR PRESTASIE-INLIGTING

14. Ek het die prestasie-inligting soos op bladsye 1 tot 76 uiteengesit, beoordeel.

Verantwoordelikheid van die Rekeningpligtige Amtenaar vir die prestasie-inligting

15. Die Rekeningpligtige Amtenaar het bykomstige verantwoordelikhede soos deur artikel 49(3)(a) van die WOFB bepaal, om te verseker dat die jaarverslag en die geouditeerde finansiële state die prestasie teen die agtergrond van voorafbepaalde doelwitte van die Departement op 'n billike wyse voorlê.

Verantwoordelikheid van die Ouditeur-Generaal

16. Ek het my taak uitgevoer ooreenkomsdig artikel 13 van die Openbare Ouditwet, saam gelees met *Algemene Kennisgewing 616 van 2008*, wat in die *Staatskoerant nr. 31057 van 15 Mei 2007* verskyn het.
17. In terme van die voorafgaande het my betrokkenheid ingesluit dat ek prosedures van 'n ouditeringsaard sou uitvoer ten einde voldoende en toepaslike ouditbewyse aangaande die prestasie-inligting en verwante stelsels, prosesse en prosedures te bekom. Dit hang van die ouditeur se oordeel af watter prosedures geselekteer word.
18. Ek glo dat die bewyse wat ek verkry het, voldoende en geskik is om 'n basis vir die auditbevindings wat hieronder gerapporteer word, te verskaf.

Ouditbevindings (prestasie-inligting)

Meetbare doelwitte wat nie konsekwent is nie

Meetbare doelwitte is wesenlik teenstrydig met die jaarverslag en begroting

19. Ek vestig die aandag op die feit dat die meetbare doelstellings wat in die jaarverslag van die Wes-Kaap Onderwysdepartement gerapporteer is, wesenlik teenstrydig is wanneer dit met die voorafbepaalde doelstellings vergelyk word wat in die begroting vermeld word.

Die volgende tabel weerspieël die wesenlike verskille:

Begroting 2007	Konsepweergawe van jaarlikse prestasieverslag (2007/2008).
<u>Program 8</u>  Om bystand te verleen met die voorsiening van gekwalifiseerde en bekwame <u>onderwysers</u>	Om bystand te verleen met die voorsiening van gekwalifiseerde en bekwame <u>opvoeders vir die onderwysberoep</u>

Meetbare doelwitte is wesenlik teenstrydig met die jaarverslag en die jaarlikse prestasieplan

20. Ek vestig die aandag op die feit dat die meetbare doelstellings wat in die jaarverslag van die Wes-Kaap Onderwysdepartement gerapporteer is, wesenlik teenstrydig is wanneer dit met die voorafbepaalde doelstellings vergelyk word wat in die jaarlikse prestasieplan vermeld word.

Die volgende tabel weerspieël die wesenlike verskille:

Prestasiemaatstaf	Teiken volgens die jaarlikse prestasieplan 2007/2008 – 2009/2010	Teiken volgens konsepweergawe van jaarlikse prestasieverslag.
PM202: Persentasie leerders in openbare gewone skole met spesiale behoeftes (i / a)	4.2%	Geen teiken gestel nie

#### **Gebrek aan teikens en uitsette vir prestasiemetings in die jaarverslag gerapporteer**

21. Geen teiken is in die jaarlikse prestasieplan gestel nie, en geen uitsette vir die volgende prestasieming is in die jaarverslag gerapporteer nie:
  - PM211: Persentasie leerderdae weens leerderwegblyery in openbare gewone skole verloor. Geen teiken is gestel nie, en geen werklike uitset is gerapporteer nie.
22. Die volgende prestasiemetings is in die jaarlikse prestasieplan geïdentifiseer, maar geen teiken is gestel nie en geen werklike uitset is in die jaarverslag aangetoon nie.
  - PPM201: Endossementsyfer in Graad 12-eksamens
  - PPM202: Slaagversyfer in Graad 12 vir wiskunde en wetenskap
  - PPM203: Aantal skole wat minder as 60% in Graad 12 behaal het

#### **Gebrek aan voldoende toepaslike ouditbewyse**

23. Ek was nie in staat om voldoende en toepaslike ouditbewyse aangaande die prestasie-inligting van die Wes-Kaap Onderwysdepartement te bekom nie, aangesien die stelsel wat vir die genereer van inligting oor die teikens gebruik is, nie toereikend vir die proses van evaluering was nie. Die besonderhede is soos volg:
  - PM206: Besteding aan instandhouding as 'n persentasie van die waarde van skoolinfrastruktuur – die waardasie van R15 052 800 000 (R15 miljard) vir die vervanging van alle vaste skoolinfrastruktuur is deur die bourekenaars gedoen.
  - PM219, "Slaagsyfer in Graad 12-eksamens" – die totaal van 33 783 vir die aantal leerders wat in die Seniorcertificaatsksamens geslaag het.

#### **WAARDERING**

24. Die hulp wat tydens die oudit deur die personeel van die Wes-Kaap Onderwysdepartement verleent word opreg gewaardeer.

*Auditor-General*

Kaapstad  
31 Julie 2008



**WES-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT**  
**BEGROTINGSPOS 5**

Toewysingstaat vir die jaar geëindig op 31 Maart 2008

**Toewysing per program**

Program	2007/08							2006/07	
	Aangepaste Toewysing	Verskui-wing van Fondse	Viremen-te	Finale Toewysing	Werklike Uitgawe	Afwyking	Uitgawe as % van finale toewysing	Finale Toewysing	Werklike Uitgawe
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%	R'000	R'000
<b>1. Administrasie</b>									
Lopende betaling	334,715	-	(10,375)	324,340	324,340	-	100.0	258,678	254,379
Oordragte en subsidies	19,466	-	6,309	25,775	25,775	-	100.0	23,189	22,731
Betaling vir kapitale bates	6,039	-	5,316	11,355	11,355	-	100.0	10,604	10,604
<b>2. Openbare gewone skoolonderwys</b>									
Lopende betaling	5,673,766	-	(24,576)	5,649,190	5,625,189	24,001	99.6	5,196,231	5,067,372
Oordragte en subsidies	434,200	-	21,444	455,644	455,517	127	100.0	331,826	332,292
Betaling vir kapitale bates	188,247	-	(21,445)	166,802	141,277	25,525	84.7	265,213	223,986
<b>3. Subsidies vir onafhanklike skole</b>									
Oordragte en subsidies	39,541	-	171	39,712	39,713	(1)	100.0	34,259	34,259
<b>4. Openbare spesiale skoolonderwys</b>									
Lopende betaling	344,380	-	10,206	354,586	354,586	-	100.0	312,222	312,419
Oordragte en subsidies	79,466	-	273	79,739	79,739	-	100.0	76,687	76,489
Betaling vir kapitale bates	-	-	-	-	-	-	-	203	204
<b>5. Verdere onderwys en opleiding</b>									
Lopende betaling	161,049	-	8,002	169,051	169,049	2	100.0	140,045	140,010
Oordragte en subsidies	148,588	-	(409)	148,179	148,179	-	100.0	131,004	131,038
<b>6. Basiese onderwys en opleiding vir volwassenes</b>									
Lopende betaling	7,272	-	(451)	6,821	6,585	236	96.5	6,195	6,163
Oordragte en subsidies	18,784	-	451	19,235	19,236	(1)	100.0	17,376	17,376
<b>7. Vroeëkindontwikkeling</b>									
Lopende betaling	95,974	-	3,820	99,794	99,794	-	100.0	49,391	44,411
Oordragte en subsidies	68,830	-	(3,820)	65,010	42,465	22,545	65.3	51,352	45,784
<b>8. Hulp- en verwante dienste</b>									
Lopende betaling	101,962	-	(1,390)	100,572	88,070	12,502	87.6	93,225	87,197
Oordragte en subsidies	100,367	-	6,524	106,891	106,892	(1)	100.0	113,559	113,557
Betaling vir kapitale bates	86	-	(50)	36	36	-	100.0	4,602	91
<b>Totaal</b>	<b>7,822,732</b>	-	-	<b>7,822,732</b>	<b>7,737,797</b>	<b>84,935</b>	<b>98.9</b>	<b>7,115,861</b>	<b>6,920,362</b>

Vergelyking met Staat van Finansiële Prestasie

Voeg by:

Departementele inkomste

4,637	-	2,014	-
7,827,369	-	7,117,875	-
<b>7,737,797</b>	<b>84,935</b>	<b>6,920,362</b>	<b>98.9</b>

Werklike bedrae per Staat van Finansiële Prestasie (Totale Inkomste)

Werklike bedrae per Staat van Finansiële Prestasie (Totale Uitgawe)

**WES-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT**  
**BEGROTINGSPOS 5**

Toewysingstaat vir die jaar geëindig op 31 Maart 2008

**Toewysing per ekonomiese klassifikasie**

Ekonomiese klassifikasie	2007/08							2006/07	
	Aange-paste Toe-wysing	Verskui-wing van Fondse	Viremente	Finale Toe-wysing	Werklike Uitgawe	Afwyking	Uitgawe as % van finale toewysing	Finale Toewysing	Werklike Uitgawe
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%	R'000	R'000
<b>Lopende betalings</b>									
Vergoeding van werknemers	5,919,781	-	(209)	5,919,572	5,904,035	15,537	99.7	5,374,650	5,253,453
Goedere en dienste	796,140	-	(26,628)	769,512	748,308	21,204	97.2	679,135	657,411
Finansiële transaksies in bates en laste	3,197	-	12,073	15,270	15,270	-	100.0	2,202	1,087
<b>Oordragte en subsidies</b>									
Provinsies en munisipaliteite	-	-	1	1	1	-	100.0	3,493	3,330
Departementele agentskappe en rekeninge	3,944	-	-	3,944	3,944	-	100.0	3,756	3,756
Instansies sonder winsbejag	854,303	-	29,854	884,157	862,037	22,120	97.5	748,370	746,628
Huishoudings	50,995	-	1,088	52,083	51,534	549	98.9	23,633	19,812
<b>Betaling vir kapitale bates</b>									
Geboue en ander vaste strukture	187,481	-	(21,847)	165,634	140,109	25,525	84.6	262,103	220,878
Masjinerie en toerusting	6,869	-	5,559	12,428	12,428	-	100.0	18,490	13,978
Programmatuur en ander nietasbare bates	22	-	109	131	131	-	100.0	29	29
<b>Totaal</b>	<b>7,822,732</b>	-	-	<b>7,822,732</b>	<b>7,737,797</b>	<b>84,935</b>	<b>98.9</b>	<b>7,115,861</b>	<b>6,920,362</b>

**WES-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT**  
**BEGROTINGSPOS 5**

**Toewysingstaat**

**Besonderhede per program 1 – Administrasie vir die jaar geëindig op 31 Maart 2008**

Program per subprogram	2007/08							2006/07	
	Aange-paste Toewy-sing	Verskui-wing van Fondse	Vire-mente	Finale Toewysing	Werklike Uitgawe	Afwyking	Uitgawe as % van finale toewysing	Finale Toewysing	Werklike Uitgawe
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%	R'000	R'000
<b>1.1 Kantoor van die LUR</b>									
Lopende betaling	3,541	-	287	3,828	3,829	(1)	100.0	3,402	3,402
Oordragte en subsidies	-	-	-	-	-	-	-	2	2
Betaling vir kapitale bates	-	-	-	-	-	-	-	41	41
<b>1.2 Korporatiewe Dienste</b>									
Lopende betaling	173,729	-	(3,466)	170,263	170,261	2	100.0	124,953	122,354
Oordragte en subsidies	8,175	-	1,058	9,233	9,233	-	100.0	2,761	2,762
